

# Jongmense se vrae en God se antwoorde

‘n Publikasie deur Die Oratorium Uitgewery™

## 1: Hoe weet ek wie ek eintlik is?

Jongmense is baie meer geneig as ouer mense om hulself af te vra, 'wie hulle nou eintlik is'. Baiekeer dink ouer mense dit is omdat jonger mense soveel minder weet. Ek dink dit is omdat jongmense juis iets meer weet. Daar is een ding wat ouer mense dikwels vergeet, naamlik dat elke egte persoonlikheid 'n misterie is. En dat ons, op die oomblik dat ons ophou om onsself vir die gek te hou (onsself te verbeel wie ons is), sal insien dat ons eintlik nie weet wie ons is nie. Elkeen kan dié belangrike les van ons tieners leer. Om mens te wees, beteken om jouself af te vra wie jy eintlik is.

Les een is dus om te leer dat ons nie weet nie. Sokrates, die groot klassieke Griekse filosoof en '*die vader van die filosofie*', is destyds deur die orakel van Delfi ('n soort heidense profeet) die wysste mens in die wêreld genoem. Die enigste manier waarop Sokrates dié uitspraak van die orakel kon interpreteer was dat hy slegs wys was omdat hy die enigste was wat geweet het dat hy nie wys was nie.

Met ander woorde, daar is eintlik maar net twee soorte mense in die wêreld: Die wyse mense wat weet dat hulle eintlik dwaas is, en die dwase wat dink dat hulle wys is. Lees gerus meer hieroor in Spreuke 14: 33; Jesaja 29: 13-14 en 1 Korintiërs 1: 19-20.

Jean Vanier, die stigter van 'n internasionale organisasie vir hulpverlening aan gestremdes, sê dat die gestremdes hom iets geleer het wat waardevoller is as wat hy self ooit aan hulle kon leer. Van die gestremdes het hy geleer dat '*ons almal eintlik*

*maar gestremd is*'.

Almal van ons, maak nie saak hoe oud ons is nie, kan 'n identiteitskrisis beleef. Om mens te wees beteken om 'n gebrekkige kennis te hê van ons volledige identiteit. Dit beteken dat ons slegs weet wat ons tot dusver al was, maar geen idee het van dit wat ons sal word nie. Elke dag, elke jaar, elke oomblik, is ons besig om onsself in die een of ander persoon te vorm. En wanneer ons iets in die wêreld om ons verander, dan verander ons ook onsself 'n bietjie. En wanneer ons iemand anders help of benadeel, dan is ons ook besig om onsself te help of te benadeel. Ons persoonlikhede is altyd in opbou. Wie is in staat om homself heeltemal te ken? Soveel van my bestaan nie meer nie, soveel van my is verlede tyd en nie ek of ander mense kan dit meer so mooi onthou nie. Soveel van my bestaan nog nie, want dit lê in die toekoms en niemand weet wat die toekoms inhou nie. Behalwe Één. God, ons Skepper, Hy ken ons almal omdat Hy ons geskep het net soos 'n skrywer die persone in sy boek uitgedink het. Dit is net God wat ons almal heeltemal ken. Dit is dus slegs in die Gees van God en by Hom, dat ons die geheim van ons ware identiteit sal vind. Net God weet alles, ons verlede, ons hede en ons toekoms.

Daarom is dit so uiters belangrik om God te vind, want by Hom vind ek uit wie ek eintlik is. By Hom lê die geheim van my ware identiteit. Dit is onmoontlik om sonder jou Skepper te probeer uitvind wie jy is, jy kan net soveel probeer om uit

te vind wie die een of ander figuur in ‘n boek is sonder om die skrywer van die boek in ag te neem.

Maar hoe kan ek God ken? Ek is maar net ‘n mens en miskien nie eers die slimste mens nie. Hoe kan ek wat so klein is die Gees van die grote God eers begin begryp? Dit is onmoontlik. Ek kan God net leer ken op één voorwaarde – God self moet die inisiatief neem en my oor Hom en oor myself vertel. Ek kan God net leer ken as Hy my oor Homself vertel, as Hy my onderrig, Homself aan my ‘openbaar’ (Johannes 6:44-45). En dit is wat die Bybel is, die openbaring van God, die woord van God, oor wie Hy is en wie ons is.

## 2: Hoe kan die Bybel my help om myself te ken?

Die Bybel is God se boek, God se woord aan ons. God het die menslike skrywers van Bybel ‘geïnspireer’ om sekere dinge neer te skryf. Dit beteken dat elke Bybelboek eintlik twee skrywers het, ‘n menslike skrywer en ‘n goddelike. Die Bybel is die woord van God in die taal van mense.

Die benaming, die ‘Woord van God’ is ook die naam ‘n Persoon. Ons noem Jesus Christus die ‘Woord van God’ (Johannes 1:1-14; Openbaring 19:13). Die Bybel het, net soos Jesus, twee nature, ‘n menslike en ‘n goddelike.

Net soos Jesus is die Bybel terselfdertyd heeltemal menslik en heeltemal goddelik. Dit is nie so dat sommige gedeeltes van die Bybel net menslik en ander weer net goddelik is nie. Die Bybel is in sy geheel menslik, want dit is deur mense geskrywe

en dit is in sy geheel goddelik, want dié skrywers is almal deur God geïnspireer. Dit beteken nie dat God die presiese woorde in die skrywers se ore fluister nie, maar dat God in sy voorsienigheid dit so bestem het dat die skrywers dit neerskryf wat Hy aan ons wil oordra.

In sy voorsienigheid het God dit ook so bestem dat die Kerk, wat Jesus vir ons nagelaat het, juis die goeie boeke gekies het om die 'kanon' te vorm – dié lys boeke waaruit die Bybel bestaan.

Aangesien die Bybel God se boek is en aangesien God die geheim van ons identiteit ken (vraag 1) moet jy, om die geheim van jou identiteit te vind, die Bybel lees. Jy kan jouself net begryp deur God, jou Skrywer, te leer ken. Maar jy kan God die beste leer ken deur Jesus te ontmoet, '*die beeld van die onsigbare God*' (Kolossense 1:15). Daarom kan jy jouself ook die beste leer ken deur Jesus te leer ken. Hy is die belangrikste onderwerp van die Bybel.

## 3: Hoe kan ek die Bybel verstaan?

Daar is 'n goeie en 'n slegte manier om die Bybel te lees. Die verkeerde manier is om maar net na die teks te kyk. Die goeie manier is om deur die teks heen te kyk. Die Bybel is soos 'n vinger wat na Jesus wys.

'n Dier kan slegs na dinge kyk. Wanneer jy met jou vinger na die kat se kos wys, sal die kat net na jou vinger kyk en nie die kos raaksien nie. 'n Mens kan egter dieper kyk, kan dinge as

tekens raaksien wat na iets verder of dieper wys, ‘n mens kan vra wat dinge nou eintlik beteken, wat die bedoeling daarmee is. En dit is uiters belangrik wanneer ‘n mens die Bybel lees.

Die Bybel wys ons Jesus, dit is die hele betekenis en bedoeling van die Bybel. Selfs die Ou Testament verwys na Jesus. Dit is waar dat die boeke van die Ou Testament eeue vóór die koms van Jesus geskryf is, maar nogtans wys dié boeke vooruit op Jesus (Lukas 24:25-27). Op ‘n keer het Jesus die volgende vir die Joodse leiers van sy tyd gesê (veral vir die Skrifgeleerdes wat die Ou Testament bestudeer het): ‘*Julle ondersoek die Skrif, omdat julle dink dat julle die ewige lewe daarin kry. En dit is juis die Skrif wat oor My getuig. Tog wil julle nie na My toe kom sodat julle die lewe kan kry nie*’ (Johannes 5:39-40).

Verbeel jouself jy bekyk en bestudeer die details van iemand se gesig, maar wanneer jy die persoon in lewende lywe ontmoet herken jy hom glad nie – dis tog dom, nè? Dit is dieselfde wanneer jy die Bybel lees sonder om Jesus te herken. Die hele Bybel is ‘n portret van Jesus. Elke deel is soos ‘n lyntjie op sy gesig. Die bedoeling van die Bybel is om Hom te leer ken en die beste plek om oor Hom te begin lees, is die Evangelies.

Die vier Evangelies is vier verskillende verslae oor die lewe van Jesus wat deur vier van sy volgelinge geskryf is. Begin deur die Evangelie van Lukas te lees, want dit is waarskynlik die maklikste en mees spannende Evangelie. Lees daarna die Handelinge van die Apostels, waarin Lukas die verhaal van die

vroeë Christelike Kerk geskryf het. Wandel gerus deur die Bybel soos wat jy deur 'n mooi groot tuin sou slenter. Daar bestaan geen enkele manier of truuk om die Bybel te lees nie. Niemand kan alles wat daarin staan begryp nie, maar elkeen sal daar in ieder geval iets waardevols in vind. Dit is net soos dit met 'n vriend is. Watter een van jou vriende verstaan alles van jou? Geen enkele een nie. Maar watter vriend verstaan niks van jou nie? Ook geen enkele een nie. Die Bybel is jou vriend. Jy kan hom elke dag 'n bietjie beter leer ken, want hy is God se openbaring en so sal jy God elke dag 'n bietjie beter leer ken. Een ding is seker, tot die dag van jou dood sal jy nooit die Bybel ontgroei nie.

## 4: Waar kom ek vandaan? Waar staan ek nou? Waarheen is ek op pad?

Wanneer jy aan jouself die bostaande vrae stel, vra jy jouself eintlik die drie belangrikste dinge in die lewe af. Die Bybel is die belangrikste boek in die wêreld omdat dit die antwoord gee op dié drie vrae.

Waar kom ek vandaan? Die eerste woorde in die Bybel is: '*In die begin het God die hemel en die aarde geskep*' (Genesis 1:1). In die heelal het God 'die mens geskep as sy verteenwoordiger, as beeld van God het Hy die mens geskep' (Genesis 1:27). Op 'n keer het koning Dawid, wat soveel van die psalms geskryf het, gebid:

*'U het my diepste wese gevorm,*
*my in die skoot van my moeder geweef.*

*Ook my siel het U goed deursoek,*
*my gebeente was vir U nie onbekend nie,*
*toe ek in die geheim gemaak is,*
*gevorm in die geslotenheid van die skoot'*
(Psalm 139:13. 15-16).

Waar staan ek nou? In God se heelal, in God se verhaal. Die geskiedenis is God se verhaal. My lewe maak deel uit van daardie verhaal. Verhale van mense maak deel uit van die lewe – van die geskiedenis. Lewensverhale is dele van die geskiedenis. Maar die geskiedenis in sy geheel, insluitend my lewe, is opgeneem in God se verhaal. In die stuk '*Ons stad*' van Thornton Wilder sit Emily die volgende adres op die etikette van haar skoolboeke:

Groves Corneas,
New Hampshire,
Verenigde State van Amerika,
Noord Amerika,
Westelike Halfrond, Aarde,
Sonnestelsel,
Melkwegstelsel,
Heelal,
Gees van God.

Waarheen is ek op pad? Dit hang van myself af. God gee aan elkeen van ons die gawe van vrye wil, van 'n vrye keuse. Hy bied ons die ewige lewe aan met Hom in die hemel. Dié aanbod is soos 'n huweliksaansoek. Dit staan ons vry om ja of

nee te sê. As ons ja sê, dan is die antwoord op die vraag: 'Waarheen is ek op pad?' 'Jy is op pad huistoe'. En die weg na die huis is Jesus. Jesus het gesê: '*Ek is die weg, en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie*' (Johannes 14:6). '*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê*' (Johannes 3:16).

## 5: Wat wil ek eintlik van die lewe hê?

Miskien is dit die verkeerde vraag. Miskien moet jy liewerste vra wat die lewe nou eintlik van jou wil hê.

'*Wat wil ek eintlik van die lewe hê?*' klink so asof die lewe 'n supermark is waar jy van alles kan kry. '*Wat wil die lewe van my hê?*' klink asof die lewe 'n vriend is aan wie jy alles gee wat jy besit.

As daar geen God is nie, dan is die lewe inderdaad 'n supermark – dan moet jy maar die meeste daaruit probeer kry. Maar as God agter die lewe staan en deel uitmaak van jou lewe, dan het jy te make met 'n Persoon en nie net 'n Ding nie. En 'n mens vra mos nie wat 'n ander persoon oplewer nie tensy jy iemand is wat ander mense as gebruiksvoorwerpe behandel. Om 'n ander mens te gebruik is om slawerny te beoefen – dit is om 'n ander mens as 'n middel te gebruik om jou eie sin te kry.

Kom ons verander dus die vraag '*Wat verwag ek van die*

*lewe?* na '*Wat verwag die lewe van my?* Wat is die uitdagings wat die lewe aan my stel? Om te lewe beteken om die heeltyd uitdagings teë te kom soos jy volwasse word, vriende maak, saam met jou familie leef, verhoudings aangaan, sukses op skool hê, 'n loopbaan maak, 'n huwelik aangaan. Al hierdie dinge is uitdagings waarop ons reageer.

Verantwoordelikheid beteken die vermoë om te antwoord op die uitdagings van die lewe. Om volwasse te word beteken om dié verantwoordelikheid te aanvaar. Hoe is God aanwesig in dié groeiproses? Op twee maniere. In die eerste plek is God die enigste egte volwassene (Die groot wetenskaplike en musikus Albert Schweitzer het op sewentigjarige ouderdom verklaar: 'Ek weet nog steeds nie wat ek wil word as ek groot is nie!).God is verantwoordelik vir die hele skepping. Hoe verantwoordeliker en volwassener jy word, hoe meer gaan jy soos God word (sien Johannes 13:13-17 en 2 Petrus 1:39).

Maar in die tweede plek bly God ook altyd jonk. Hy raak nooit verveeld of vermoeid nie. Selfs nie wanneer Hy één vir één miljoene gras saadjies maak nie. God is so uitbundig en lewenslustig soos 'n kind wat sê: '*Nog 'n keer!*' En Hy verras ons die heeltyd – lees 'n bietjie die Bybel en jy sal sien dat verrassings één van die tekens is van God se aanwesigheid in ons lewens. Bly naby God en jy sal ook vir ewig jonk bly.

*'Hy sal jou lewenslank*
*met die goeie versadig,*
*sodat jy jonk bly soos 'n arend'* (Psalm 103:5)

*'Maar die wat op die Here wag,*
*kry nuwe krag;*
*hulle vaar op met vleuels soos die arende;*
*hulle hardloop en word nie moeg nie,*
*hulle loop en raak nie afgemat nie'* (Jesaja 40:31).

## 6: Is ek bang vir die dood?

Volgens sielkundiges is selfs heel klein kindertjies bang vir die dood. Daar is dus nie iets met jou verkeerd as jy bang is om dood te gaan nie. Inteendeel as jy nie vir die dood bang was nie, was daar dalk iets met jou verkeerd!

Daar bestaan twee redes waarom ons vir die dood bang is: In die eerste plek is dat die dood die groot onbekende is en ons mense is van nature bang vir dit wat onbekend is, net soos ons vir 'n donker kamer bang is. Die Christelike geloof gee egter vir ons lig in dié duisternis: "*Wie die Here dien, het 'n fontein van lewe, wat jou die strikke van die dood sal laat vryspring*" (Spr. 14:27). Christus verseker ons dat daar lewe na die dood is. Dié waarheid het Hy verkondig: "*Hy wat in die Seun glo, het die ewige lewe…*" (Johannes 3:36); maar Hy het bo alles dié waarheid 'n realiteit gemaak deur sy eie opstanding uit die dood: "*En hy sê vir hulle: Moenie verskrik wees nie. Julle soek Jesus die Nasarener wat gekruisig is. Hy het opgestaan. Hy is nie hier nie. Dáár is die plek waar hulle Hom neergelê het.*" (Markus 16:6).

Die tweede rede waarom ons beangs is vir die dood is omdat ons bang is om voor God te verskyn. Diep in ons harte weet

ons maar al te goed dat ons nie eintlik sy liefde of die hemel verdien nie. Selfs in die beste mense skuil daar 'n bietjie slegtheid en die beste mense sal dan ook die eerste wees om dit te erken. Waar daar slegtheid en sonde is, daar is ook die dood. '*Want sonde is die angel wat die dood veroorsaak*' (1 Korintiërs 15:56).

Sou jy voor God wil verskyn, sonder enige verdediging, sonder die kans om jouself te gaan wegsteek of weg te vlug? Onthou dis asof elke ding wat jy al ooit gedink of gedoen of na gesmag het nou voorbladnuus in die koerant is!

Jesus het juis gekom om die probleem van die sonde vir eens en vir altyd op te los. Die belangrikste boodskap van die Christelike geloof is dat Jesus ons verlos van die sonde. Hy betaal die prys vir ons sonde. Die prys is sy dood. In die eerste brief van die heilige Paulus aan die Korintiërs lees ons: '*Die sonde is die angel wat die dood veroorsaak*' en dit is die angel waarmee Christus aan die kruis gesteek is. Die dood is nou soos 'n by sonder 'n angel, wat ons nie meer kan steek en seermaak nie. Die dood bring ons by God en ons het 'n Redder wat ons met God versoen, Hy gee ons vrede en bring ons na die hemel toe wat ons nie eintlik verdien nie.

God het die dood verander van 'n monster na 'n moeder. In plaas van 'n monster wat staan en wag om ons te verslind, het die dood vir ons 'n moeder geword waardeur ons in die ewige lewe gebore gaan word. Die hele wêreld is eintlik soos 'n reuse moederskoot waarin ons wag om gebore te word in 'n

ander wêreld, God se wêreld. Om te sterwe is om opnuut gebore te word. God staan met ope arms gereed om ons te ontvang. Dit is normaal om bang te wees vir die dood, maar dink 'n bietjie na oor Jesus se woorde: '*Ek is die Opstanding en die Lewe, wie in My glo, sal lewe, al het hy ook gesterwe*' (Johannes 11:25).

God het nie die dood gemaak nie. Moet dus nie sê wanneer 'n geliefde sterf dat God haar of hom nou kom haal het nie. Dit is die dood wat vir hom of haar kom haal het, en God het die dood oorwin. God het dié monster getem. In die Ou Testament het die profeet Jesaja dit al voorspel: '*Hy sal die dood vir ewig vernietig en die Here sal die trane van alle aangesigte afvee*' (Jesaja 25:8). Dié profesie is vervul toe Jesus uit die dood opgestaan het. En omdat ons dit by Hom wat die dood oorwin het gehoor het, kan St. Paulus verklaar: '*Want ek is daarvan oortuig dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie*' (Rom. 8:38-39).

## 7: As God dan vir ons lief is, waarom laat Hy ons sterf?

Hierdie vraag kom dikwels by 'n mens op wanneer jy met die dood van 'n geliefde gekonfronteer word. Veral as dit 'n jong persoon is wat gesterf het. Niemand op aarde weet hoekom God toelaat dat die een mens oud word en 'n ander vroeg

moet sterf nie. Van twee dinge kan ons egter seker wees: God weet alles wat gebeur en alles wat sal gebeur. En alles wat God doen of laat gebeur, doen Hy uit liefde vir ons.

Ons ken nie God se tydsberekening nie, ons weet nie hoekom Hy toelaat dat iemand op 'n bepaalde oomblik sterf nie. Maar ons weet wel wat God se strategie is, waarom Hy toelaat dat ons sterwe. Die dood, sê die Bybel, kom in die wêreld as gevolg van die sonde (Genesis 3; Romeine 6, 23). Die dood is die onvermydelike gevolg van die mens se opstand teen God. God is die bron van die lewe en wanneer jy in opstand kom teen God, dan kom jy eintlik in opstand teen die lewe.

Stel jou voor dat daar geen dood was nie. Jy sou vir altyd hier op aarde moes bly lewe, net soos jy nou leef. Sou dit vir jou aangenaam wees? Hoe lank dink jy sou jy met hierdie lewe kon aangaan sonder om dit ondraaglik vervelig te vind? Honderd jaar? Duisend jaar? Een miljoen jaar? As ons vir altyd sou bly lewe in ons huidige omstandighede sou ons beslis nie gelukkiger word nie, maar ongelukkiger. Die skrywer C.S. Lewis het gesê: '*Op hierdie oomblik is ons net eiers. Jy kan nie vir altyd 'n vars eier bly nie. Jy moet of uitbroei of vrot word*'. Die dood is so 'n uitbroei proses. Ons breek uit die eier van hierdie lewe en wêreld, en ons ou liggaam laat ons soos 'n leë eierdop agter, om in God se wêreld, die Hemel, gebore te word. God het vir ons 'n nuwe liggaam, 'n verrese liggaam soos dié van Christus, gereed gemaak.

Die dood is 'n harde manier om in die Hemel te kom. As ons nie gesondig het nie, sou dit nie vir ons nodig gewees het om te sterwe nie. Dan sou ons soos Jesus Hemel toe gegaan het. Hy het nooit gesondig nie en daarom was dit eintlik nie vir Hom nodig om te sterwe nie. Tog het Jesus vrywilliglik vir ons gesterwe, om die angel van die dood van ons weg te neem.

God laat ons sterwe omdat Hy vir ons liefhet, nie omdat Hy ons nie liefhet nie. Die dood is eintlik 'n soort operasie en God is die chirurg. Die digter T. S. Elliot noem Christus '*die gewonde chirurg*'. Die dood is ons genesing van alle aardse siektes.

## 8: Hoe weet ek wat God van my wil hê?

As jy werklik wil weet wat God van jou wil hê, dan sal jy dit uitvind. Jesus het ons belowe: '*...elkeen wat soek, vind en vir hom wat klop, sal oopgemaak word*' (Matteus 7:7-8). As jy werklik die vraag stel '*Hoe weet ek wat God van my wil hê?*' omdat jy lief is vir God en Hom wil behaag, dan sal jy sekerlik ontdek wat Hy van jou wil hê. Jesus het gesê: '*Salig is hulle wat honger en dors na geregtigheid, want hulle sal versadig word*' (Matteus 5:6). Hoe sal God jou laat weet wat Hy van jou wil hê? Dit het Hy alreeds gedoen. Hy het ons almal die belangrikste dinge laat weet wat Hy van ons wil hê. Hy het op drie maniere sy Wil aan ons bekend gemaak: In die eerste en belangrikste plek deur Jesus, God se eie Seun, die mensgeworde God. Dit asof die Skrywer van die toneelstuk van die lewe in sy eie toneelstuk binnegestap het om ons (die

ander spelers) persoonlik te vertel (en te laat sien) wat Hy wil hê ons moet weet, doen en hoe ons moet lewe. Toe Jesus onder ons kom woon het, was dit God Self wat onder ons kom woon het.

In die tweede plek laat God ons sy Wil deur die Bybel weet. In die Heilige Skrif staan die woorde van Jesus opgeskryf en lees ons van alles wat Jesus gedoen het. Die Bybel is God se geskrewe woord, deur die Bybel praat God met ons deur die eeue heen.

In die derde plek is daar die Kerk, gestig deur Christus om sy boodskap vir die wêreld te bewaar en te verkondig.

Op hierdie drie maniere kan jy ontdek wat God van ons wil hê. Maar wat wil Hy spesiaal van jou hê? Hoe weet jy God se mening oor wat jy moet doen met jou lewe en hoe jy bepaalde, moeilike besluite moet neem?

Die antwoord is heel eenvoudig. Hy het ons belowe dat Hy alles wat ons moet weet aan ons sal bekend maak. Toe die mense Jesus vra waaraan hulle sy leer sal herken, het Hy gesê: '*As iemand gewillig is om die Wil van God te doen, sal hy weet of hierdie leer van God af kom, en of Ek uit my eie praat*' (Johannes 7:17). Met ander woorde, as jou wil goed is en in ooreenstemming is met die Wil van God, sal jy weet wat jy moet doen. Fokus daarom daarop om jou wil en jou hart in lyn te bring met God se Wil en hart. Die beste manier om God se bedoeling met jou te onderskei of in te sien hang nie soseer af van jou intelligensie nie, maar van jou gebedslewe.

Dit hang nie af van jou eie planne nie, maar van jou opregtheid; nie van wat jy dink nie, maar hoe jy liefhet.

## 9: IS GODSDIENS NET VIR GODSDIENSTIGE MENSE?

Nee. Godsdiens of religie beteken '*'n relasie oftewel verhouding*'. Dit gaan dus oor jou verhouding met God en dit geld vir almal, omdat God ons almal geskep het en vir ons almal lief is. Godsdiens is dus nie net vir mense wat godsdienstig voel nie. Jy hoef selfs glad nie godsdienstig te voel nie. Jy kan dalk tot die dood toe verveeld wees in die kerk, maar nie met God verveeld wees nie, tog in Hom glo, tog op Hom hoop en tog vir Hom lief wees. Godsdiens gaan nie oor godsdiens nie, maar oor God. Egte godsdiens is nie met behep met homself nie, maar lief vir God.

En wat is 'n '*godsdienstige mens*' nou eintlik? Mense wat dié vraag stel, dink waarskynlik dat godsdienstige mense 'n sekere tipe mens is, goedhartige swakkelinge miskien. Was Jesus 'n goedhartige swakkeling?

'n Mens glo mos nie deur te dink: '*Ek is 'n godsdienstige persoon*' nie. 'n Mens sê mos nie vir jouself: '*Vandag gaan ek godsdienstig wees*' nie! Die vyf belangrikste pilare waarop die Katolieke geloof berus, geld vir alle mense:

I. Die kern van die Katolieke geloof – en ook van die Protestantse, Joodse en Moslem geloof is: *'Hoor, Israel, die here onse God is 'n enige Here. Daarom moet jy die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met al jou*

*krag'*. (Deut. 6:4-5). Oor hierdie gebod het Jesus die volgende te sê gehad: *'Dit is die eerste en groot gebod'.* (Matteus 22:38).

II. *'En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'.* (Matteus 22:39).

III. Die gom waarmee ons as't ware aan God vasgeplak is, die '*bemiddelaar*' tussen God en die mensheid, Hy wat die godsdienstige/religieuse relasie moontlik maak is Jesus, die God-mens. Hy is daar vir iedereen. Hy het gesê: '*Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader, behalwe deur My nie*' (Johannes 14:6).

IV. Ons ken Jesus deur dit wat die Kerk ons leer. Daarom is die Kerk ook daar vir iedereen.

V. Net soos die Bybel, die boek van die Kerk.

'n Mens kan godsdienstige gevoelens vir baie dinge hê. Sommige mense verafgod geld, hul loopbaan of hul land. Vir sommige mense is 'n rugby of sokkerwedstryd iets godsdienstig! Alle mense is godsdienstig – niemand op aarde is nie godsdienstig nie. Of mense nou God of verskillende afgode aanbid – hulle bly godsdienstig!

## 10: Watter reg het die Kerk om my te vertel wat ek moet glo en wat ek moet doen?

Dit is 'n goeie vraag en die Bybel is 'n goeie keuse om 'n eerste antwoord daarop te vind. Lees in hierdie volgorde die

volgende Skrifgedeeltes: Johannes 17:20-23; 1 Timoteus 3:15; 2 Korintiërs 5:17; Johannes 21:15-17; Lukas 22:31-32; Matteus 16:18; Johannes 14: 9-12, 15-17, 23-24.

As die Kerk maar net 'n menslike organisasie was, dan het sy geen reg om jou te vertel wat jy moet glo of wat jy moet doen nie. Maar as die Kerk die leermeester is wat Jesus op aarde agtergelaat het om sy woorde en sy wil te verkondig en sy werk op aarde voort te sit, dan kry die Kerk haar bestaansreg van Jesus, Hy wat die Kerk gestig het. Daarby kom die feit dat Jesus hierdie reg het om ons te vertel wat ons moet glo en hoe ons moet lewe, omdat Hy dié reg van sy vader gekry het, want Hy is die Seun van God. Jesus is God net soos sy Vader God is, net soos jy menslik is soos jou menslike vader.

God het die reg om vir ons te sê wat ons moet doen omdat Hy ons met 'n sekere doel voor oë geskape het (Genesis 1:26-27; Romeine 5:14-18). Hy het ons geskape soos 'n skrywer die karakters in sy boek skep. Het 'n skrywer nie die reg om sy karakters te vertel wat hulle moet doen nie?

Daar is egter een belangrike verskil tussen God en sy skepsels en 'n skrywer en die karakters in sy boek. God het ons 'n vrye wil gegee, terwyl die karakters in 'n roman geen vrye wil het nie. As mense kan ons self kies om vir ons Skrywer lief te wees of nie, ons kan kies om Hom gehoorsaam te wees of nie, ons kan selfs kies om teen Hom in opstand te kom. Maar selfs wanneer ons in opstand kom teen ons Skepper, bly God nog steeds lief vir ons (Hebreërs 12:5-11). Sy liefde is nog 'n rede

waarom Hy ons mag vertel wat ons moet doen. Dit is vir ons eie welsyn en uit liefde vir ons dat Hy ons lei (Hebreërs 12:9-11). Hy het die wêreld geskape en Hy weet watter leefwyse ons gelukkig sal maak en ons by Hom tuis sal bring. Hy weet ook watter leefwyse gevaarlik is vir ons en Hy wil ons daarteen beskerm. God se riglyne vir ons lewens is hoe Hy ons lewensreis van die aarde na die hemel toe aanhelp.

Wanneer die Kerk iets leer wat ons moeilik vind of nie graag wil doen nie, byvoorbeeld op die gebied van seksualiteit, dan moet ons 'n keuse maak. Dink ons dat ons meer of beter weet as God? Beoordeel ons God se idee 's aan die hand van ons eie idee 's of beoordeel ons ons idee 's aan die hand van God se idee 's? God het die masjien gemaak, dus het Hy die reg om die gebruiksaanwysing te skryf!

## 11. Waarom raak ons ongelukkig?

Die heilige Augustinus het dié vraag goed beantwoord toe hy geskryf het: "*God, U het ons vir Uself gemaak en daarom bly ons harte rusteloos totdat dit in U tot rus kom*". God het ons geskape met die bedoeling om by Hom gelukkig te wees, en daarom kan niks anders sy plek inneem nie. God is die voedsel wat ons gees nodig het. Ander dinge kan dalk ons liggame vir 'n tydjie gelukkig maak (Pred. 2:24; 3:13; 5:18-20), maar nie ons gees, ons siel, ons diepste self nie. Ander dinge kan ons tydelik gelukkig maak, maar nie vir altyd nie. Liggaamlike plesier gee mens 'n oppervlakkige gevoel van geluk, maar kan 'n mens nie diep binne-in jouself gelukkig maak nie.

In die Bybel lees ons dat alle geluk, vreugde en skoonheid van

God kom (Jakobus 1:17). Die vreugde van vriendskap, die skoonheid van die natuur, die geluk van menslike liefde is alles deur God geskep en dit met die bedoeling om God se eie vreugde en skoonheid te weerspieël. Op dié manier skenk God ons 'n bietjie van sy eie geluk op dieselfde wyse as wat die lug ons die sonlig bring. Elke bietjie geluk wat ons ervaar is so 'n weerkaatsing van die groot geluk wat by God is. God is die bron van elke vorm van geluk. Om God se weg te volg is dus 'n waarborg dat ons wel geluk sal ervaar. Ander paaie wat ons weglei van God kan ons nooit by geluk bring nie – om die waarheid te sê hoe verder jy van God af beweeg hoe meer ongelukkig sal jy word. Lees gerus Psalm 1 waar dié waarheid op digterlike wyse saamgevat word. Duisende kere bevestig die Bybel dié waarheid: Ware geluk is slegs by God te vinde. Glo in God, wees lief vir hom en gehoorsaam Hom en jy sal gelukkig word.

Miskien sê jy nou by jouself: Die rede hoekom ek ongelukkig is, het niks met God te make nie, dis as gevolg van my probleme met mense. Dit kan waar wees, maar die kern van die probleem lê in jou verhouding met God. Kyk 'n bietjie wat die monnik Thomas Merton hieroor te sê gehad het: "*Ons leef nie in harmonie met ander nie, omdat ons nie in harmonie met onsself is nie, en ons is nie in harmonie met onsself nie, omdat ons nie in harmonie met God is nie. Adam en Eva het hierdie les geleer toe hulle ongehoorsaam teenoor God was (lees Gen. 3). Wil jy gelukkig wees? Gee God dan 'n kans. Hy is sterker as enige menslike nood of ongeluk, selfs*

*sterker as ons sondes. '...waar die sonde meer geword het, het die genade nog meer oorvloedig geword' (Romeine 5:20)*"

Die groot Amerikaanse digter T. S. Elliot het altyd gesê dat die mooiste sin in die wêreldliteratuur die volgende eenvoudige sin van die Italiaanse digter Dante is:" *In God se Wil lê ons rus*". Probeer dit gerus – jy gaan sommer baie gelukkig word.

## 12. Wat sal ek met my lewe doen?

"God het ons gemaak wat ons nou is: in Christus Jesus het Hy ons geskep om ons lewe te wy aan die goeie dade waarvoor Hy ons bestem het" (Efesiërs 2:10).

As jongmens moet jy nou jou koers bepaal vanuit die veilige hawe van jou ouerhuis. Wanneer die skip van jou lewe nou eenmaal op die oop see is, het jy baie keuses en is daar soveel verskillende rigtings waarin jy kan vaar en soveel bestemmings wat jy kan bereik. Gou sal jy besluite moet neem wat die hele res van jou lewe sal beïnvloed – keuses met betrekking tot verdere opleiding, vriende, werk en verhoudings. Miskien laat dit jou 'n bietjie angstig en onseker voel, soos 'n klein bootjie op 'n groot en stormagtige oseaan.

Daar is egter Iemand groter as die oseaan, Iemand wat enige storm tot bedaring kan bring. Lees Lukas 8:22-25. Wanneer jy jou hand lê in die hand van die Man wat die woeste water rustig gemaak het, sal Hy jou lei. Hy belowe dat "*Hy altyd by jou sal wees*" (Matteus 28:20). So eindig die Evangelie.

As jy jou lewe en veral die rigting waarin jou lewe loop aan Hom toevertrou dan sal jou weg deur die lewe 'n goeie weg wees omdat dit sy weg is.

Ek kan jou nie 'n antwoord gee op jou vraag: "*Wat sal ek met my lewe doen?*" omdat dit jou lewe is en nie myne is nie. Maar dit is wel God se lewe (Gal 2:20), want Hy het jou gemaak. Hy het jou 'n bestemming gegee. Laat Hom dus ook die bestemming van jou lewe wees. Ek kan jou geen antwoord gee op die vraag wat jy met jou lewe moet doen nie, omdat ek jou nie persoonlik ken nie. Maar God ken jou wel persoonlik. Hy weet alles van jou, selfs die kleinste dingetjie. *"Selfs die hare op jou kop het Hy getel"* (Luk 12:7). Bid vir sy leiding. *"Elkeen wat My soek sal My vind"* (Matteus 7:8). Dit het Hy ons belowe en Hy wil hê dat ons sy beloftes ernstig moet opneem.

## 13. Wat is die geheim van sukses? Ek voel somtyds soos 'n mislukking.

Daar is eintlik maar net één mislukking in die lewe, en dit is om nie God se vriend te wees nie.

Ons moderne lewe stel baie eise aan 'n mens. Mense verwag baie van ons en niemand is in staat om aan al dié verwagtinge te voldoen nie. Veral ons jongmense voel asof daar soveel druk op hulle is om alles perfek te doen. Elke mens wat ooit geleef het, het al gevoel hoe dit is om 'n mislukking in ander mense se oë te wees. 'n Mens se ouers verwag die een ding van jou, terwyl jou vriende weer iets anders van jou verwag,

terwyl jou meisie of kêrel weer iets totaal anders van jou verwag. Daar word van ons verwag om suksesvol te wees tuis, suksesvol by die skool, suksesvol in ons werk, suksesvol op die sportveld en op baie ander gebiede. Die moderne lewe is gerig op prestasie en dit maak baie mense beangs om te faal. Soms kry 'n mens die gevoel dat jy en jou lewe net die moeite werd is wanneer jy presteer. Jesus het totaal anders opgetree. Hy het juis na dié mense gesoek wat destyds as mislukkings beskou is. Dit is ook opvallend om te sien dat dié mense op hulle beurt ook tot Hom aangetrokke was. Dikwels was dié mense wat volgens die wêreld se standaarde mislukkings was, juis in Jesus se oë suksesvol. Die omgekeerde was ook waar – Jesus het dit wat die wêreld as suksesvol beskou het, as 'n mislukking beskou.

Elke ekonomiese, maatskaplike, sielkundige of filosofiese sisteem strewe na sukses as die ideaal. Dit is net Christus wat 'n plek vir mislukkinge aanbied. Lees gerus die Saligsprekinge (Matteus. 5: 1-4). Elkeen van dié gesegdes van Jesus neem iets wat volgens die wêreld 'n mislukking is en verklaar dat dit eintlik mense salig en gelukkig maak.

Jesus draai die wêreld se norme op hulle kop. Jesus wys ons hoe verrassend en selfs ongehoord God se liefde is. God is lief vir hulle van wie niemand anders hou nie. God is nie vir ons lief omdat ons mooi, of ryk of suksesvol is nie – vir God gaan dit nie oor wat ons doen of het nie, maar oor wie ons is. Niemand van ons is eintlik waardig genoeg om God se liefde te kan verdien nie – niemand van ons is sonder sonde nie: "*As*

*ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie*" (1 Johannes 1:8). Die Christelike geloof gaan nie oor prestasie nie omdat Christus God is en God liefde is en liefde nie oor prestasie gaan nie. In God se oë is elkeen van ons nou alreeds suksesvol wanneer ons ons bes probeer om God en ons naaste lief te hê. Egte sukses word deur God gemeet en nie deur die wêreld nie. Dit is God, en nie die wêreld nie, wat ons Skrywer en Ontwerper is. Hy is die Enigste wat die egte waardes van die lewe bepaal. God se resep vir sukses is heel eenvoudig. Lees Psalm 1. Hier volg God se weg na sukses:

I. In die eerste plek: *"God is liefde"* (1 Johannes 4: 8).

II. God het sy liefde vir ons bewys deur sy Seun te stuur om vir ons sterf. *"Maar God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was"* (Rom. 5: 8)

III. Die oomblik dat ons besef hoe lief God vir ons is, sal ons natuurlik sy liefde beantwoord: "*Ons het lief omdat God ons eerste liefgehad het*" (1 Johannes 4: 19).

IV. Wanneer ons besef dat dit vir ons voldoende is om net volgens God se maatstawwe suksesvol te wees, en wanneer ons insien dat al wat God van ons vra die liefde is, dan word ons bevry van die angs van al die ander dinge. Dan kan al die ander in die lewe as ekstra beskou word – glad nie meer so noodsaaklik nie.

V. En sodra ons dit alles begryp sal ons waarskynlik selfs in aardse dinge meer suksesvol wees omdat ons nie meer daaraan verslaaf is nie. Ons lewens sal nie meer so gedrewe wees deur angs, bekommernisse en onrustigheid nie.

## 14. Niemand verstaan my nie, daar is niemand wat regtig van my hou nie.

Jy sal verbaas om te weet hoeveel jongmense en volwassenes so voel, hoewel hulle gewoonlik hul bes doen om dit weg te steek. Nie almal wat voel dat ander hulle nie begryp of liefhet, kom uit 'n verskeurde of disfunksionele huisgesin nie (waar alkoholmisbruik, geweld of mishandeling die familielewe ondermyn). Hierdie gevoel kom ook gereeld voor by allerhande andersins goed aangepaste mense.

Selfs ons gelowiges kan vergeet dat ons iemand het wat ons totaal verstaan. As ons glo dat die Bybel God se woord is, dan weet ons mos dat die allerbelangrikste Persoon ons volkome begryp en ons oneindig liefhet (sien Psalm 107: 1, 8, 15, 21, 31; Romeine 5: 8; 1 Johannes 3: 1, 4, 19).

Elkeen van ons het behoefte aan liefde – om bemin te word vir wie ons is en nie vir wat ons het of doen of al bereik het nie. Ons het behoefte daaraan om verstaan te word net soos ons is. Van ander mense gaan ons hopelik 'n bietjie liefde en 'n bietjie begrip kry, maar sekerlik nie onbeperkte liefde en begrip nie. Niemand, selfs nie eers jou ouers, wat hul beste doen om jou verstaan, kan alles omtrent jou begryp nie. Selfs jy kan nie eers alles omtrent jouself begryp nie – maar God kan wel.

Alle mense, wat ooit op die aarde geleef het, het daaraan behoefte gehad om volledig begryp en bemin te word in die diepste van hul wese. Hierdie behoefte kan slegs God vervul (sien Psalm 139: 1-6).

Hier volg God se plegtige belofte: "*Ek sal jou nooit verlaat nie, jou nooit in die steek laat nie*" (Hebreërs 13: 5) Glo dit en jy sal weet hoe dit voel wanneer God jou verstaan en liefhet. Onthou dat mense ook instrumente van God kan wees. Wanneer jy God se liefde ken, is jy vry om die onvolledige maar egte menslike liefdes na waarde te skat. Dit is waar dat menslike liefde altyd tekort gaan skiet, maar dit beteken nie dat jy die dierbare en opregte pogings van mense om waarlik lief te hê moet minag nie. Sodra jy ophou om goddelike liefde by mense te probeer vind en sodra jy ophou om goddelike hoop op brose menslike skouers te plaas, gaan jy ophou om in mense teleurgestel te word. Teleurstelling volg altyd op valse hoop. Geen mens kan aan al ons verwagtinge voldoen nie – dit is menslik onmoontlik. Geen mens kan God vir jou wees nie. Mense kan wel goeie vriende vir jou wees.

Op 'n dag kan jy selfs iemand ontmoet wat jou meer liefhet as enige ander mens - iemand wat belowe om by jou te bly en trou aan jou te wees. Dit is die persoon met wie jy gaan trou. Jy sal moet kies om jou lewe en jouself volledig aan dié persoon te gee. Vir jou eie ontwil moet jy asseblief nie eers daaraan dink om met iemand te trou wat nie vir jou lief is nie of vir wie jy nie lief is nie. Die liefde tussen man en vrou is maar min vergeleke met God se liefde vir ons, maar dit is reusagtig groot vergeleke met elke ander liefde in die wêreld.

## 15. Hoe kan ek ophou om mense met my woorde seer te maak?

Dit is baie moeilik om 'n mens se opvlieënde humeur en skerp tong te bedwing. Dit is tog vreemd dat die mens al daarin geslaag het om wilde diere, voëls, reptiele en dies meer te tem, maar as dit by sy eie tong kom, vind hy dit so moeilik om dit te beteuel. "*Alles wat loop, vlieg, kruip of swem, elke soort dier word en is al deur die mens getem, maar geen mens kan die tong tem nie*" (Jakobus 3: 7-8). God is die tongtemmer. Sonder Hom sal jy nie jou tong kan tem nie – maar Hy het jou samewerking nodig om dit te kan doen. As jy die opskrif van hierdie artikel gelees het en daarmee saamstem, dan het jy al reeds die eerste tree in die regte rigting geneem. As jy in alle opregtheid dié vraag aan jouself stel: "*Hoe kan ek ophou om mense met my woorde seer te maak?*" en regtig iets daaromtrent wil doen dan is jy op die regte pad. God staan nou gereed om jou te help. Die eerste ding wat Hy wil hê jy moet aanleer is selfbeheersing. Hy gaan dit nie vir jou doen nie, maar Hy is bereid om dit saam met jou te doen. Dieselfde geld vir alle goeie dinge. Sonder God kan ons hulle nie doen nie, maar ons moet ook nie verwag dat God dit vir ons gaan doen nie – ons moet dit self doen – Hy gee ons die krag om dit te doen. Lees die volgende teks soveel kere as wat jy nodig het om dit te hoor: "*Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van die omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom. En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op*

*die verlossingsdag. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie, moet niks doen wat sleg is nie. Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.*" (Efesiërs 4: 29-32). Wat kan help is as jy jou verbeel dat die persoon vir wie jy nou die kwaai of kwetsende woorde wil sê eintlik Christus is: "*Dit verseker Ek julle: Vir sover julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het, het julle dit aan My gedoen!*" (Matteus 25: 40). Ek glo nie een van ons wil Christus seermaak nie – as ons Hom in die plek van elke mens wat ons teëkom raaksien, sal ons almal op 'n ander en beter manier behandel.

## 16. Hoekom moet ek kerk toe gaan – ek vind dit dan so vervelig?

Voordat ons praat oor kerk toe gaan, kom ons kyk 'n bietjie na wat die Bybel sê oor hoe ons God moet aanbid.

Die verhouding tussen God en sy volk Israel was soos 'n huweliksverhouding. Daarom praat ons van die 'verbond' tussen God en sy volk. Die verbond wat God met hulle gesluit het berus op liefde. Maar God het nog verder gegaan. Hy het hulle die moontlikheid gegee om hul verhouding met Hom uit te beeld deur die manier hoe hulle Hom aanbid het – die erediens of liturgie. (Gaan lees gerus al die instruksies oor hoe die erediens gevier moet word in die boeke van Exodus, Levitikus en Deuteronomium). Die liturgie is dus 'n fisieke uitdrukking van die liefdesverhouding tussen God en mens.

Maar dié aanbidding van die ou Israeliete was alles maar net 'n weerkaatsing van dit waaroor die verhouding nou eintlik gaan (Hebreërs 10: 1), soos om op Kersfees 'n foto van 'n lamsboud in plaas van 'n regte lamsboud op die tafel te sit. Met Christus het daar groot verandering gekom – Hy stel 'n nuwe verbond in toe Hy Homself as die ware offer aan die kruis opoffer (Hebreërs 9: 1-10:25). Dit waarna al die rituele van die Ou Testament vaagweg verwys het; dit alles het Christus in werklikheid kom doen. Hy is die volmaakte offer, die perfekte eerbetoon aan God die Vader en die liefdesverhouding wat Hy met ons aangaan, is die perfekte verhouding. Julle het gekom "*by Jesus, die Middelaar van die nuwe verbond, wie se uitgestorte bloed iets beters afroep as die bloed van Abel*" (Hebreërs 12: 24). Dit is hierdie liturgie (volmaakte aanbidding) wat die Katolieke Kerk in die Heilige Mis tot uitdrukking bring.

Waaroor gaan die Heilige Mis dan nou eintlik?

In die eerste plek gaan 'n mens nie na die Heilige Mis om iets te kry nie, maar om iets te gee, die aanbidding wat God toekom. Elke skepsel is aanbidding aan sy Skepper verskuldig. Tydens die Heilige Mis doen die Kerk iets heel besonders - sy dra Jesus Christus op aan God die Vader vir die verlossing van die wêreld. In die Heilige Mis word die belangrikste gebeurtenis in die geskiedenis van die wêreld teenwoordig gemaak – die offerdood van Jesus vir die redding van die mensdom.

In die tweede plek gaan ons nie kerk toe omdat dit lekker is nie – ons gaan kerk toe omdat ons gehoorsaam is aan Jesus se gebod. Toe Hy die Heilige Mis ingestel het, het Hy aan sy dissipels opdrag gegee: "*Doen dit tot my gedagtenis*" (Lukas 22: 19). Tot vandag toe is die Kerk gehoorsaam aan dié opdrag van haar Here.

In die derde plek ontvang ons iets tydens die Heilige Mis – ons ontvang Jesus self. Hy het gesê: "*Dit is My Liggaam*". As Katolieke weet en glo ons dat Jesus ná die konsekrasie werklik aanwesig is onder die gedaante van brood en wyn. Tydens die kommunie '*kry*' ons dit wat ons meer as enigiets anders in die wêreld nodig het, Jesus self.

Miskien sê jy: "*Maar ek voel dan nie anders nadat ek Heilige Kommunie ontvang het nie?*" Nou ja? Jy voel waarskynlik ook nie anders nadat jy 'n toebroodjie geëet of 'n vitaminepil geneem het nie. Tog word jy daardeur gevoed. "*...ons lewe deur geloof, nie deur te sien nie*" (2 Korintiërs 5: 7). Ons glo vitamines is goed vir ons omdat die dokter so sê. As ons dan vir menslike dokters glo, waarom nie die goddelike dokter van ons siel nie?

Ons geloof is nie afhanklik van dit wat ons voel nie maar van die feite wat God aan ons geopenbaar het, die waarhede waarvan God ons oortuig het. Ons gevoelens kom vanself by – wat belangrik is, is nie hoe ons voel nie, maar wat ons glo – die waarheid. Op 'n dag het Geloof, Feit en Gevoel oor 'n hoë muur probeer klim. Feit het eerste oor die muur geklim,

en toe kom Geloof en daarna Gevoel. Maar toe Geloof omdraai om na Gevoel te kyk en so sy oë van Feit afhaal, het hy geval – en toe Geloof val toe val Gevoel sommer ook. Hou jou oë op die feite – dit is geloof.

## 17. HOE KAN EK OPHOU OM SLAAFS AGTER DIE MASSA AAN TE LOOP?

Die antwoord op hierdie vraag hou verband met iets wat ons al voorheen bespreek het, naamlik "*Wat sal ek met my lewe doen?*" Die antwoord op daardie vraag was dat ons die Wil van God vir ons moet leer ken. Ons nuwe vraag gaan eintlik oor hoe ons voel wanneer ons weggetrek word van die Wil van God – dit wat ons doen is nie die Wil van God nie, maar die wil van mense.

Wanneer 'n mens jonk is moet jy leer om jou eie vlerke te oop te sprei – jy leer jouself ken, wie jy eintlik is. Jy leer hoe om jouself te wees. Toe ons kinders was het ons ouers ons alles vertel wat ons moes weet. Hoe ouer 'n mens word hoe meer moet jy dinge vir jouself uitvind. Dit is soms moeilik. Die maklike en lui manier is om die massa (m.a.w. die mode) toe te laat om dit vir jou te doen wat jou ouers voorheen gedoen het, naamlik om vir jou te dink en voor te skryf. Maar dan is jy nie besig om jouself te wees nie – dan word jy 'n slaaf van die massa. Dit is hoekom jy voel asof jy terselfdertyd in verskillende rigtings getrek word, aan die een kant om jouself te wees en aan die ander kant om maar een van die massa te wees – om *'cool'* of in die mode te wees.

Hoe kan jy jouself wees, en ophou om 'n slaaf van die massa te wees? God sal jou vrymaak om jouself te wees – dit gebeur wanneer jy Hom volg, wanneer jy Hom die belangrikste Persoon in jou lewe maak. Om God te volg is om niemand se slaaf meer te wees nie. God is die enigste Een wat jou werklik ken (Hy het jou tog gemaak!). Hy weet wie jy was, wie jy is en wat jy sal word. Dit is God se begeerte dat jy met 'n vrye wil sal opgroei. Hy wil hê dat jy die goeie sal kies en nie die bose nie. Wanneer jy God volg word jy 'n selfstandige individu. Jy sal nie meer die trop blindelings hoef te volg nie. Jy sal jou eie opinie kan hê. God sê: "*Jy mag nie agter die meerderheid aan doen wat verkeerd is nie. Wat jy in 'n hofsaak getuig, mag jy nie verdraai nie, al doen die meerderheid dit ook*" (Ex. 23: 2).

Ons loop agter die massa aan omdat ons aanvaar wil word, omdat ons hul bewondering wil hê en begeer dat mense 'n hoë opinie van ons sal hê. Die waarheid is egter dat die mense deur wie ons die meeste bewonder wil word, ons nie sal bewonder wanneer ons ruggraatloos deel van die trop is nie. Die beste manier om mense se slegte opinie te wen is juis om die heeltyd in hulle goeie boekies te wil wees. Die beste manier om aanvaar te word is om jou nie heeltyd te bekommer of mense jou wel gaan aanvaar nie. Wanneer jy dan wel aanvaar word, dan kan jy seker wees dat dit is omdat jy jouself is en nie omdat jy iemand anders probeer wees nie – niemand hou van valse mense nie. Lees gerus Spreuke 21: 21 en Josua 24: 14-15.

God is soos sout. Hy bring die smaak uit in alle voedsel – danksy Hom proe iets lekkerder. Sout laat vleis meer soos vleis smaak, die vis meer soos vis smaak en eiers meer soos eiers smaak. Sout vat nie die natuurlike smaak van die voedsel weg nie, dit verbeter dit. Net so is God in ons lewens. God bevry ons sodat ons meer onsself kan wees (Johannes 8: 32). God bevry ons van valsheid. Die wêreld en die massa en die mode maak dikwels van ons iemand wat vals, iemand wat ons nie regtig is nie – en dit is baie stresvol om die heeltyd iemand anders te probeer wees. Ons egte persoonlikheid, ons egte identiteit kry ons van ons Skepper. God hou van verskeidenheid – kyk hoeveel verskille en verskeidenheid het Hy in sy skepping ingebou. Verskeidenheid kry mens nie deur die massa te volg nie. Jesus het aan sy dissipels (dit is ons) gesê: "*Julle is die sout vir die aarde. Maar as die sout verslaan het, hoe kry 'n mens dit wees sout? Dit is niks meer werd nie. Dit word buitekant weggegooi, en die mense vertrap dit*" (Matteus 5: 13). Die manier om vertrap te word is deur iemand te word wat geen persoonlikheid of eie opinies het nie – iemand wat maar net slaafs die massa navolg. Daar bestaan eintlik net drie redes waarom 'n mens iets doen en dit wat 'n mens dikwels hoor '*maar almal doen dit*', hoort nie daarby nie. 'n Mens doen iets: (1)omdat jy dit moet doen (morele plig); (2) omdat iets noodsaaklik is (praktiese dinge soos om te eet); (3) omdat jy en jy alleen dit graag wil doen. Lees meer hieroor in Psalm 1.

## 18. WAT LEER EK VAN FILMS EN TV?

Jesus was lief om verhale te vertel en met dié stories het Hy op 'n kragtige wyse dit wat Hy ons wou leer bekend gemaak. Deur die gelykenisse wat Hy vertel het, leer Jesus ons hoe ons behoort te lewe, met ander woorde Hy leer ons sekere norme en waardes. Kyk gerus hoe duidelik dit na vore kom in sy stories in Matteus 18: 21-25; Markus 4: 1-9, 13- 19; Lukas 10: 25-37 3 en 14: 15-21. Die norme en waardes wat Jesus ons probeer aanleer is die egte norme vir menswees, want Jesus is die egte Leermeester – Hy is tog die Waarheid. Onthou dat televisie en films ook sekere norme en 'n sekere manier van optree en lewe verkondig. In elke film en TV-reeks is daar sekere norme wat na vore kom. Soms is die norme heel duidelik, ander kere is hulle miskien 'n bietjie meer verborge. 'n Verstandige mens wat na films en die TV kyk vergelyk dié norme wat hy daar uitgebeeld sien met die norme wat Jesus ons leer. Stem hulle ooreen of verskil hulle radikaal van mekaar? Dit beteken nie dat 'n mens glad nie films of TV moet kyk nie. Maar dit beteken wel dat jy selektief te werke moet gaan in die keuses wat jy maak. Die films en programme waarna jy wil kyk (of wat jy jou kinders toelaat om na te kyk) moet tog ooreenstem met jou Christelike geloof en norme. Daar is baie goeie films en TV- programme. Daar is egter ook al hoe meer films en TV-programme wat lynreg indruis teen die Christelike geloof. Ons moet dit waarna ons kyk volgens Christus se eie norme oordeel.

Volgens 'n onlangse opinie peiling is mense wat by die media werk oor die algemeen meer vyandig teenoor godsdiens en

geloof ingestel as enige ander groep in ons samelewing. Nege uit tien van die mense wat met die media en TV- en filmwêreld gemoeid is gaan nooit kerk toe nie. Die meerderheid van hierdie mense glo glad nie in God of die Bybel nie. En dit maar al te duidelik in die oorgrote meerderheid van films en TV-programme: Oor die algemeen verkondig baie van hulle die volgende evangelie – iets is net goed as dit vir jou lekker is (dit noem ons subjektivisme) of daar is niks wat eintlik absoluut goed of verkeerd is nie (dit noem ons relativisme). Baie films verkondig die boodskap dat die lewe eintlik net oor die eie 'ek' gaan. Solank ek gelukkig is, solank ek suksesvol is (en watter oppervlakkige dinge beskou hulle dan nie as sukses nie!), is dit eintlik al wat tel. Dit is beslis nie wat Christus ons kom leer het nie – dit is ook nie waarvoor Hy aan die kruis gesterf het nie.

Al hierdie dinge is die duidelikste op die gebied van seks. Tot dertig jaar gelede het films seks uitgebeeld as iets heiligs en owerspel as iets verkeerd. Vandag word seks uitgebeeld as iets vir my eie selfsugtige plesier en lig niemand meer 'n wenkbrou oor owerspel nie. En dit is nie net 'n kwessie van wat jy sien of hoeveel ontbloot word nie. Naaktheid is nie noodwendig sondig nie. Dit is ook nie eers 'n kwessie van wellustige begeertes nie – dié gevoelens het nog altyd bestaan en sal ook altyd daar wees. Wat wel baie kommerwekkend is, is hoe die seksdaad geregverdig en verheerlik word. Die waarheid is: Seks buite die huwelik is sondig omdat dit die huwelik ondermyn en die gesin verswak – daarmee word die

hele samelewing en sy waardes aangetas. Tog wil dit voorkom asof die media daarop uit is om ontrouheid as iets onskuldig uit te beeld. Hoeveel van ons stygende aantal egskeidings kan nie ten minste gedeeltelik toegeskryf word aan die onverskilligheid wat die media teenoor die huwelik openbaar nie. Feit is dat ons nie meer in 'n Christelike kultuur lewe nie. Net soos die eerste Christene lewe ons 'n heidense en dikwels anti-Chritelike kultuur (Lees gerus Jesus se gebed vir sy volgelinge in Johannes 17: 6-26). As Christene hoef ons beslis nie weg te kruip vir ons moderne kultuur nie, maar ons moet darem nie so naïef wees en die waardes en norme wat in films en op ons TV-skerms uitgebeeld word maar goedsmoeds aanvaar nie.

Neem maar altyd dit wat die media aan ons voorhou met 'n knippie sout (het die Here nie gesê ons moet sout vir die aarde wees nie?, Matteus 5: 13). Maak seker dat jy en jou gesin weet wat die Christelike norme is, wat vir 'n Christen aanvaarbaar is en nie. Die Evangelie van Matteus is die beste om die norme te leer ken wat Jesus verkondig het. Die boek Spreuke bevat baie praktiese wysheid oor hoe 'n mens moet lewe en optree. Lees ook gerus Paulus se eerste brief aan die Korintiërs waarin hy die Christene van Korinte advies gee oor hoe om in 'n heidense samelewing te oorleef.

## 19. HOE WEET EK MET WIE EK MOET TROU?

God het belowe om jou die regte leiding te gee by al die groot besluite wat jy in jou lewe moet neem. Lees gerus Filippense 4:19 en Matteus 7:7-11. God het Isak gelei om die

regte vrou te vind (lees dié fassinerende verhaal in Genesis 24). So sal God jou ook die regte leiding gee om 'n man of vrou te vind of dalk die besluit te neem om nie te trou nie. Vir Katolieke Christene is daar drie eervolle moontlikhede: die huwelik, die ongehude staat en die priesterskap of die religieuse lewe. As jy God by jou besluitneming betrek en Hom vra om jou in jou keuses te lei, sal Hy dit beslis doen.

"Huwelike word in die Hemel gesluit". God het 'n perfekte plan vir jou lewe en dit impliseer ook 'n plan vir jou huwelik. Dit is waar dat ons nie altyd God se plan as perfek ervaar nie, omdat daar van ons kant af swakheid is - ons eie foute en sonde en verdriet kom hieruit voort. Maar ons kan uit al hierdie dinge nuttige goed leer en deur dié negatiewe en positiewe ervaringe word ons volwasse. God het ons beslis nie 'n roostuin sonder dorings beloof nie. Die huwelik vra groot opoffering en bestaan beslis nie altyd uit maanskyn en rosegeur nie. Dit is eintlik meer soos 'n regte roostuin, met die pragtigste rose daarin, maar ook heelwat dorings. Die dorings – moeilikhede, probleme – sal maar altyd daar wees. Daarom is die huwelik bedoel vir volwasse mense wat hierdie besluit geneem het en daarom bereid is om hul alles te gee om die huwelik te laat werk.

Die drie belangrikste besluite wat 'n mens in jou lewe kan neem is die volgende: (1) In watter God gaan ek glo (elkeen, selfs 'n ateïs glo in iets); (2) sal ek trou en met wie; (3) watter beroep gaan ek kies. In 'n sekere sin is die tweede keuse eintlik die belangrikste want dit is die enigste een wat nie

ongedaan gemaak kan word nie. Die huwelik is lewenslank. As jy glo wat die Kerk ons leer – wat Christus ons geleer het – naamlik dat God nie egskeiding toestaan nie (byv. Matteus 5:31-21), dan het jy 'n geweldige sekerheid wanneer jy trou. Wat ook al gebeur sal jy getroud bly en selfs nooit eers aan skeiding dink nie. Omdat egskeiding nie vir 'n Katoliek bestaan nie, sal 'n egpaar wat hul geloof ernstig opneem en wie se huwelik op die vaste fondament van hul gesamentlike geloof gebou is, dit nooit as 'n moontlikheid oorweeg nie.

Wanneer 'n man en vrou instem om Christus die Here van hul lewe saam te laat wees, word hul huwelik deur Christus self gewaarborg. Daarom moet jy asseblief nooit met iemand trou wat nie dieselfde as jy oor Christus voel nie – so 'n huwelik staan geen kans nie. In so 'n huwelik gaan jy die heeltyd moet worstel met vier here en meesters: Jyself, jou God, jou lewensmaat en sy of haar God. Dit kan nie werk nie. 'n Orkes kan slegs harmonieus saamspeel as daar maar één dirigent is – dieselfde geld vir die huwelik – daar kan net één Heer wees.

Dus het jy die antwoord op jou vraag: Hoe weet ek met wie ek moet trou? Dié antwoord is: (1) Vra God om raad en vertrou Hom; (2) Glo in dit wat Christus ons oor die huwelik leer en wees self daaraan gehoorsaam (Matteus 19:1-2; Markus 10:1-12); (3) Trou net met 'n ware Christen (1 Korintiërs 7:39); (4) Volg jou hart. Want as jy volgens die wil van God en volgens sy wette lewe, sal God jou ook die regte pad in jou hart en in jou gevoelens wys (Psalm 37:4).

## 20. WAT BETEKEN DIT OM CHRISTEN TE WEES?

Verskillende mense sal dié vraag op verskillende maniere beantwoord. Wat sou die beste antwoord wees? Wat sê Christus daaroor? Christus is tog eintlik die Een wat die reg het om dié vraag te beantwoord – om Christen te wees beteken tog immers om 'n volgeling van Christus te wees. En wat sê Hy? Hy sê dat sy volgelinge deel van Hom moet wees, één moet word met sy Liggaam. "Ek is die wynstok, julle die lote" (Johannes 15: 5) – dieselfde lewe, dieselfde plant. 'n Christen is dus 'n takkie van Christus, 'n deel van Hom. Saam vorm Christene die Kerk, die Liggaam van Christus (Efesiërs 5: 30; Kol. 1: 18). Die Tweede Vatikaanse Konsilie het die Kerk gedefinieer as die "volk van God".

Om Christen te wees beteken om deel uit te maak van die Kerk. Maar die Kerk is nie net 'n gebou of sigbare instelling nie. Die sigbare gedeelte is soos die uiterlike gedeelte van die liggaam, die vel. Dit wat dié Liggaam lewendig maak is Christus, Hy is die hart en die siel van die Kerk. Deur die Doop word ons 'n deel van die Liggaam van Christus. Later soos ons ouer word bevestig ons dit deur ons geloof dat ons deel is van Christus se Liggaam. Daarom word die Doop 'n nuwe geboorte genoem. Nicodemus het juis oor hierdie onderwerp met Jesus gepraat (Johannes 3: 1-17, sien ook Titus 3: 5). Wanneer ons gedoop is en tot geloof gekom het, kom daar 'n nuwe lewe van God af in ons siel. Dit is nie 'n biologiese lewe, soos dié wat ons van ons ouers gekry het, nie, maar 'n geestelike lewe, 'n bonatuurlike lewe soos die lewe van ons Vader in die hemel. Om Christen te wees beteken

dus baie meer as om net in dit te glo wat Christus verkondig het en om te probeer om sy gebooie te onderhou. Dit is baie meer as om iets te glo en iets te doen, hoewel dié twee dinge ook deel daarvan uitmaak. Om Christen te wees beteken in die eerste plek om iets te wees, iets nuuts. "Daarom as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword"(2 Korintiërs 5: 17). Om Christen te word is soos die verandering van 'n ruspe in 'n vlinder. Dit is 'n egte verandering, 'n verandering in wat ons is, nie net 'n verandering in ons doen en late nie – hoewel dié twee dinge ook deel daarvan uitmaak.

Jesus gebruik verskillende woorde vir die bonatuurlike lewe wat van ons iets nuuts maak. Hy noem dit "die ewige lewe", "die Koninkryk van God", en die "Koninkryk van die Hemele". Hy het gesê dat die Koninkryk van die Hemele die mees waardevolle en belangrikste in die hele wêreld is, so belangrik dat dit die moeite werd is om die hele wêreld daarvoor op te gee. Hy het ook gesê: "Die Koninkryk van die Hemele is soos 'n handelaar wat op soek is na mooi pêrels. Toe hy 'n pêrel van ongelooflike skoonheid vind, verkoop hy alles wat hy het om dié pêrel te bekom"(Matteus 13: 45-46). Hierdie een pêrel is die ewige lewe. Dit begin hier, in hierdie lewe en wanneer ons sterf duur dit voort in die Hemel. As ons hierdie lewe van God in ons dra, kan ons met God leef, kan ons Hom sien, Hom liefhê en Hom vir altyd geniet in 'n ekstase van oneindige en onvoorstelbare geluksaligheid. As ons hierdie lewe nie in ons het nie, dan het ons gefaal in die

belangrikste toets van die lewe. Dan is ons lewe inderdaad een groot mislukking.

Al wat ons moet doen om die ewige lewe te verkry is om dit in geloof te aanvaar. Jy kry dit gratis as geskenk. "Kom! En laat hom wat dors het, kom; en laat hom wat wil, die water van die lewe neem, verniet" (Openbaring 22: 17). 'n Geskenk moet vrywillig gegee en vrywillig aanvaar word. God skenk ons hierdie geskenk vrywillig en ons moet dit vrywillig aanvaar. Ons het die biologiese lewe ongevraagd van ons ouers gekry. Ons het nie gevra om gebore te word nie. Maar God vra ons wel of ons opnuut gebore wil word in sy familie. Om te glo beteken om ja te sê op sy aanbod.

## 21. Is 'n Katoliek 'n *'Wedergebore Christen'*?

Om hierop te antwoord is dit belangrik om te verstaan wat 'n *wedergebore Christen* is. Verskillende mense sal dié vraag op verskillende maniere beantwoord. Aan wie moet ons dit dus vra? Christus self natuurlik. Hy het gepraat oor om weer gebore te word in Johannes 3 (een van die allerbeste hoofstukke uit die Bybel om te lees en te ken).

Wat het Hy gesê? Dat ons weer gebore moet word om sy Koninkryk binne te gaan. 'n Wedergebore Christen beteken dus gewoon 'n Christen. Dit is soos 'wit room'. Room is altyd wit. Om Christen te word is om weergebore te wees – alle Christene is dus wedergebore' en om van Christene en 'wedergebore Christene' te praat asof hulle twee aparte groepe is, is nonsens. Maar wat beteken dit om 'weergebore' te word?

Kom ons kyk weereens wat Christus daaroor sê. Daar bestaan die verkeerde opvatting onder baie mense dat 'wedergebore Christene' op 'n sekere manier praat en optree en kerk hou. Of dat net sekere kerke se Christene 'wedergebore' of soos ons hier dikwels hoor 'bekeer' is. Christus sê nadruklik dat jy opnuut gebore moet word om die Koninkryk van God binne te gaan (Johannes 3:3: *"Voorwaar ,voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien"*) en dan sê Hy dat dit beteken om "*uit water en Gees*" (Johannes 3:5) gebore te word. Hier verwys die Here dus na die Sakrament van die Doop en die 'Gees' waarvan Hy praat is natuurlik God die Heilige Gees. Deur die Doop word ons weergebore en ontvang ons die Heilige Gees, wat van daardie oomblik in ons siele woon (daarom praat ons ook van die inwonende Heilige Gees). Die bo-natuurlike lewe van God word nou deel van ons natuurlike menslike lewe. Elkeen wat die Doopsakrament ontvang het is dus 'wedergebore'. Die groot vraag is dus nie of ons almal 'wedergebore' is nie (ja ons is!), maar hoe ons ons Doopgeloftes uitleef – hoe ons die Gees toelaat om in en deur ons te lewe. Iemand wat opnuut gebore is kry die kans om 'n nuwe lewe te lei – om 'n nuwe mens te wees!

## 22. Hoe weet ek verseker dat God vir my lief is?

'n Mens kan eintlik sê dat die Bybel van die begin tot einde besig is om antwoorde op dié vraag te gee. Die Heilige Skrif gaan nie soseer daaroor om te bewys dat God bestaan nie, maar om aan te toon hoe lief God vir ons is. Dit is eintlik die

belangriker vraag, want as God sou bestaan maar nie vir ons lief is nie, sou daar vir ons geen hoop en toekoms wees nie. Dink net hoe erg dit sou wees as jou eie ouers glad nie van jou gehou het nie, jou volstrek nie liefgehad het nie. Dit sou nog erger vir ons gewees het as ons Skepper glad nie van ons gehou het of nie vir ons lief was nie. Hoe kan ons dus verseker wees dat God wel vir ons lief is?

In die eerste plek omdat die Bybel dit sê. Die Bybel bevat die verhaal van God se liefde vir sy volk reg van die begin af. (Lees gerus Psalm 136,'n lied wat oor 'n deel van dié verhaal handel).

In die tweede plek, omdat Jesus ons laat sien hoe lief God vir ons is deur vir ons te sterf. " Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê." (Johannes 3:16).

In die derde plek kan ons die liefde van God in ons eie lewens raaksien. Dink 'n bietjie aan al die goeie dinge wat ons het. Tel jou seëninge. Hulle kom almal van God af. Die lewe, gesondheid, vriende, voedsel, water, sonlig, skoonheid, verstand, plesier, diere, sport en speletjies, slaap, ouers. Wie moet ons vir al hierdie dinge bedank? Dankbaarheid moet 'n vreeslike gevoel wees vir iemand wat nie in God glo nie. Hy het geen God teenoor wie hy dankbaar kan wees nie.

In die vierde plek, moet God vir ons lief wees – Hy het dit dan so gereël dat ons gebore is. Besef ons wat God alles moes doen om ons in die wêreld te kry? Wat ‘n gedoente was dit nie alles nie! Hy moes reël dat ons ouers by mekaar uitkom – as hulle mekaar nooit ontmoet het nie sou ons nie nou hier wees nie. En dink ’n bietjie verder terug – as ons ouma ’s en oupa ’s nie mekaar ontmoet het nie, was ons ouers nie hier nie en dan was ons ook nie hier nie en so kan ons al hoe verder teruggaan en sien watter geweldige ding dit eintlik is dat elkeen van ons hoegenaamd bestaan! Dit alles gaan terug na die eerste begin. Dink net – toe God die eerste atoom maak het Hy alreeds elkeen van ons in gedagte gehad (Lees gerus Efesiërs 1:4-5).

In die vyfde plek. As God goed is, moet Hy tog vir ons lief wees, want liefde is die belangrikste deel van goedheid. Alle ander elemente – eerlikheid, moed, regverdigheid en getrouheid – is wat liefde is, liefde is moedig, liefde is regverdig ens.

In die sesde plek. Ons kan God se liefde vir ons ervaar wanneer ons bid, wanneer ons ons hart vir Hom oopmaak – wanneer ons in plaas daarvan om dinge vir Hom te vertel, net na Hom luister en sy aanwesigheid voel. Soms laat Hy ons heel subtiel, selfs op ’n misterieuse wyse, weet dat Hy vir ons lief is. En selfs wanneer ons dit nie voel nie, kan ons nog glo dat dit waar is.

Lees meer oor God se liefde vir jou in Psalm 103; Romeine 5:8; Romeine 8:28-29; Titus 3:4-5 en 1 Johannes 4:7-21.

## 23. As God my dan so baie liefhet, waarom gebeur daar nare dinge met my?

In die Bybel lees ons hoe 'n man genaamd Job met dieselfde vraag geworstel het toe 'n groot ramp hom getref het. Hy het in 'n kort tydjie al sy kinders en al sy besittings verloor en 'n vreeslike siekte opgedoen. Drie van sy beste vriende het hom kom vertroos en raad gegee, maar hulle verklarings vir die ongelukke wat hom getref het, was vir hom onaanvaarbaar. Dié bekende dialoog vind 'n mens in hoofstukke 3 tot 37 in die Boek Job. Lees dan ook die Heer se antwoord op dié moeilikste van alle lewensvrae (Job 38:1-42:6). Maar die Heilige Skrif het nog meer om te sê oor sonde en kwaad. Dit bestaan wel en dit het onteenseglik 'n impak op ons lewens. Daar is baie mense vandag wat blykbaar nie wil hoor dat daar iets soos die sonde en boosheid bestaan nie- soms hoor 'n mens hulle sê dat hulle dit wat die Christelike geloof oor die liefde leer aanvaar, maar nie dit wat die geloof ons oor die sonde en die kwaad leer nie. Die Bybel draai nie doekies om oor die werklikheid van die kwaad en oor die invloed wat dit op ons wêreld het nie (Psalm 51:1-17; 1 Korintiërs 15:21-22; Galasiërs 5:19-26). Nare en aaklige dinge gebeur soms met ons, nie omdat God nie vir ons lief is nie, maar as gevolg van die boosheid in die wêreld. En die boosheid is die gevolg van die menslike sonde – dit word nie deur God veroorsaak nie (Genesis 3).

Dink 'n bietjie na oor die volgende:

I. Om af te reken met die kwaad het God sy eie Seun Jesus na die aarde gestuur om die ergste vorm van boosheid wat daar is te ondergaan – die kruisiging. Lyding is deel van menswees en daarom beslis ook deel van Christenwees (Hebreërs 11:32-12:11; 1 Petrus 4:12-16). Net soos sport oefening ons liggame sterk maak, so help lyding om ons geloof en karakter sterk te maak.

II. Lyding is altyd tydelik, ook al duur dit lewenslank. Soms vind jy uit die lig aan die einde van die tonnel is eintlik die kopligte van 'n aankomende trein, maar moenie bekommerd wees nie, uiteindelik bereik jy tog die einde van die tonnel (Lees gerus Romeine 8:18-23,35-39; 1 Petrus 5:8-11).

III. God kan goeie dinge uit slegte situasies voortbring (Romeine 5:3-5; Jakobus 1:2-4). God beskik oor die verbasende vermoë om positiewe resultate uit 'n slegte of moeilike situasie te kry. Sint Filip Neri het op 'n keer gesê: "*Die Kruis is God se geskenk aan sy vriende*". Wanneer ons lyding ervaar, is ons eintlik besig om Jesus met die dra van sy kruis te help. So deel ons in Christus se werk – sy verlossingswerk. Die heilige Paulus sê in sy brief aan die Kolossense 1:24: "*Ek is bly oor al die lyding wat ek ter wille van julle moet verduur, want die vervolging van Christus het nog nie geëindig nie. Ek verduur my deel daarvan ter wille van sy liggaam, die Kerk...*" Dit is 'n groot en pragtige geheimenis. Lyding hoef nie sinneloos te wees nie, inteendeel

lyding kan groot betekenis inhou en kan selfs rigting aan 'n mens se lewe gee. Dit is juis hierdie misterie wat van die lewe so 'n onuitputlike avontuur maak – dit maak dat selfs lyding sinvol en hoopvol kan wees!

## 24. Is dit nie moontlik om 'n goeie mens te wees sonder om in Christus te glo nie?

Die rede om in Christus te glo is nie omdat dit 'n middel is om uiteindelik *'n goeie mens* van jou te maak nie. Die rede om in Christus te glo is omdat dit die waarheid is.

Ja, jy kan 'n goeie mens wees sonder om in Christus te glo. Daar is baie nie-Christene wat goeie mense is. Maar God wil hê dat ons baie meer moet wees as maar net goeie mense. Hy wil sy eie lewe en vreugde met ons deel. Om maar slegs 'n goeie mens te wees is, vergeleke met die doel wat God vir ons voor oë het, soos om 'n vlooi met 'n perd te vergelyk.

Waarom sou 'n mens bogenoemde vraag stel? Is dit nie miskien omdat jy vermoed dat die Christendom wel waar is, maar jy is net nie lus om daarin te glo nie? As dit so is pas dan maar op. Want dan is jy nie besig om eerlik met jouself te wees nie.

As dit wel waar is, as God bestaan en ons geskape het en vir ons lief is en sy enigste Seun Jesus gestuur het om ons van die sonde te bevry, as Hy ons in die Hemel wil opneem om vir altyd met Hom te lewe in sy onvoorstelbare geluksaligheid. As dit alles waar is, dan is dit die mees wonderbaarlike en

onvoorstelbare waarheid wat ons nog ooit gehoor het. Dit sou eintlik 'n vermorsing wees om dié waarheid slegs as 'n middel te gebruik om 'n goeie mens te word. Dit nooi ons uit tot soveel meer!

As die Christelike geloof waar is, dan moet ons daarin glo omdat dit die waarheid is. As dit nie waar is nie, moet ons nie daarin glo nie, ook al sou jy daardeur 'n beter mens word. Om in die tandemuis te glo kan jou dalk ook 'n beter mens maak, maar jy glo tog nie in die tandemuis nie? Jy kan die waarheid nie ter wille van iets anders manipuleer nie. Die waarheid is iets absoluuts.

## 25. Wat moet jy doen om hemel toe te gaan?

Hierdie is eintlik die belangrikste vraag in die hele wêreld... Tog weet die meeste mense blykbaar nie wat die antwoord daarop is nie!

Dit is nogal verbasend dat daar selfs baie Katolieke is wat die antwoord nie ken nie, omdat dit juis die Katolieke Kerk is wat vir ons die antwoord leer! Die antwoord is dieselfde as wat die Bybel gee en dit is weer dieselfde antwoord wat Jesus ons leer. Ek het dertig jaar lank les gegee op Katolieke skole en ek het hierdie eenvoudige vraag heelwat kere aan my leerlinge gestel. Elke keer was dit hoogstens net 'n paar wat my die korrekte antwoord kon gee. Ek sal altyd hieroor verbaas bly. Dit is net asof jy twaalf jaar lank op die skoolbanke gesit het en nog nie tot tien kan tel nie. Hierdie is die antwoorde wat ek meestal gekry het:

I. Ek dink dat jy hemel toe gaan as jy 'goed' geleef het.

II. As jy 'n goeie mens was, dan gaan jy hemel toe.

III. As jy jou beste doen dan sal God jou aanvaar.

IV. As jy opreg is sal God jou hemel toe neem.

V. As jy probeer het.

VI. Goeie mense gaan hemel toe, slegte mense na die hel.

VII. Net Katolieke gaan hemel toe.

Die probleem met hierdie sewe antwoorde is natuurlik dat hulle almal veronderstellings is. Mense veronderstel dit is wat nodig is om hemel toe te gaan. Sou dit nie beter wees om in plaas van self iets te veronderstel nie, presies te gaan uitvind wat God hieroor sê? En dit het Hy gedoen, Hy het vir ons die weg na die hemel geopenbaar. Die weg is heel eenvoudig. Daar is maar "een weg". Dié weg is Jesus, Hy wat gesê het: *"Ek is die weg"* (Johannes 14:6). Jesus, asook die Kerk wat hy gestig het en die boek van die Kerk, die Bybel, sê almal presies dieselfde, op verskillende maniere en baie keer.

Die Bybel is heel duidelik: *" ...wat moet ek doen om gered te word? ... Glo in die Here Jesus, en jy sal gered word..."* (Handelinge 16:30-31). *"God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê"* (Johannes 3:16).

Hierdie geloof beteken ook altyd twee ander dinge: Hoop en liefde. Geloof is soos die wortels van die plant van ons ewige lewe. Hoop is soos die stam van daardie plant en die liefde is soos die blom van daardie plant. Christus is die lewegewende grond waarin die plant gewortel is (Kolossense 2:6-7). Wanneer ons in Hom glo, sal ons ook in sy beloftes wil glo, en dit is hoop. Wanneer ons in Hom glo, sal ons ook sy wet wil gehoorsaam, en daarin staan dit dat ons God en ons naaste moet liefhê. Geloof kom altyd tot uiting in liefde: *"Geloof sonder dade is dood"* (Jak 2:26).

Geloof, hoop en liefde is die drie pote waarop die hele Christelike lewe staan. *"En nou: geloof, hoop en liefde bly, hierdie drie. En die grootste daarvan is die liefde!"* (1 Korintiërs 13:13). Die liefde is die belangrikste, maar ons moet weet waar dit vandaan kom. Die liefde kom van God, Hy wat liefde is (1 Johannes 4:8). Ons kan hierdie liefde, die liefde van God, totale liefde, nie sonder geloof besit nie, want geloof plant ons siele in God.

Die probleem met die bogenoemde sewe antwoorde is dat hulle veronderstel dat jy iets moet doen om in die hemel te kom, dat jy as't ware die weg na die hemel moet verdien of koop en dat jy die een of ander eksamen voor God moet slaag om toelating te verkry. God is beslis nie die een of ander eksaminator nie, Hy is die Een wat lief is vir ons. Hy is meer bekommerd oor wie ons is as wat ons doen. Hy is egter ook besorgd oor wat ons doen omdat dit wat ons doen ons maak wie ons is. God wil hê dat ons liefhebbende mense word,

want dit is net mense wat geleer het om lief te hê wat in staat sal wees om die hemel te geniet. Want dit is wat ons in die hemel doen - onsself vergeet en God en mekaar liefhet.

Niemand van ons kan vir hom ‘n plek in die hemel koop nie. Niemand van ons is goed genoeg nie (Jesaja 64:6; Romeine 3:23). Ons kan nie deur ons eie pogings die hemel ‘verdien’ nie. Niemand van ons lewer konstant sy beste nie. Die hemel is ‘n gratis geskenk van God. Dit is ‘genade’. Daarom kan jy nie soos by ‘n aardse eksamen druip of slaag nie. Om die hemel te verkry is ‘n gawe en nie ’neksamen nie. Jy aanvaar dit of jy aanvaar dit nie.

Hierdie gawe van die ewige lewe het jy eintlik al jare gelede gekry toe jy gedoop is. Iemand het jou laat doop (waarskynlik jou ouers), juis omdat hulle jou so liefgehad het dat hulle jou ‘n kans op die ewige lewe wou gee. Nou is jy egter verantwoordelik vir daardie keuse wat destyds vir jou gemaak is. Jy kan in vryheid kies om dit wat jou aangebied word – die hemel – te aanvaar of dit te verwerp. Of jy glo in Jesus Christus as dié Een wat is wat Hy sê Hy is, jou Here en Heiland, of jy glo dit nie. Dit keuse berus by jou. Jy kan nou op hierdie oomblik daardie besluit neem. Dit is die belangrikste besluit wat jy ooit sal neem.

## 26. Hoe kan my sondes vergewe word?

Die Bybel is baie duidelik hieroor: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig,

Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid." (1 Johannes 1:8-9).

Jesus vergewe ons sondes. Één van die dinge wat Hy gedoen het toe Hy op aarde was, was om mense se sondes te vergewe – alle  sondes. Hy het dit duidelik gemaak dat Hy oor die mag beskik om sondes te vergewe - dit het Hy openbaar deur mense op bonatuurlike wyse te genees – iets wat net God kon doen (lees Markus 2:1-12).

God alleen het die reg om alle sondes te vergewe, omdat Hy die enigste is teen Wie alle sondes gepleeg word. Ek kan jou die sondes vergewe wat jy teen my begaan het, maar ek het nie die reg om jou sondes, wat jy ander aangedoen het, te vergewe nie. Geen enkele mens het dus die reg om alle sondes te vergewe nie, net God het daardie reg. En Jesus was die heeltyd besig om dit te doen – Hy het alle sondes vergewe. Diegene wat Hom dit hoor doen het, het duidelik begryp dat Hy hiermee wou aantoon dat Hy God is: *"Waarom sê hy so? Hy praat mos godslasterlike! Wie kan sondes vergewe behalwe God alleen?"* (Markus 2:7). Hulle het begryp dat Jesus óf God was soos Hy beweer het, óf 'n baie slegte mens, wat, op godslasterlike wyse, voorgegee het dat Hy God was. Dan sou Jesus die grootste leuenaar en bedrieër wees wat die geskiedenis nog ooit opgelewer het!

Aan sy dissipels het Jesus gesê: *"As julle vir mense  hulle sondes vergewe, word dit hulle deur God vergewe, as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe*

*nie"* (Johannes 20:23). Daarom dat die Rooms-Katolieke Kerk, in gehoorsaamheid aan Christus, van die sakrament van versoening oftewel die bieg gebruik gemaak het.

Ons bely ons sondes voor God. Die priester wat aanwesig is en die sakrament bedien is slegs God se verteenwoordiger. Maar dit is belangrik om te weet dat hy wel God op daardie oomblik verteenwoordig.

Die sakrament is gegee om ons sondes te vergewe. Vir Katolieke is hierdie sakrament geen las nie, maar 'n kosbare versekering en waarborg dat God ons sondes vergewe. Die Biegsakrament is geen struikelblok nie, maar 'n hulp om ons las te verlig en nie iets waaronder 'n mens gebuk gaan nie. Ons hoef nooit bang wees om te gaan bieg nie. Die enigste wat met reg bang is vir die bieg is die duiwel. Want in die Bieg ontvang ons groot steun, hulp en krag vir ons siel.

Vergewing is nie 'n wetlike ooreenkoms soos 'n banklening nie. Dit is die herstel van 'n verhouding. Sonde beteken in die eerste plek die verbreking van 'n verhouding. – die van liefde, vertroue en gehoorsaamheid, die 'ja-verhouding' tussen ons en God. Om te sondig is om 'nee' te sê vir God. Vergewing beteken die herstel van die 'ja-verhouding'.

## 27. Kan enige sonde vergewe word?

Miskien pla hierdie vraag jou omdat jy iets sondigs gedoen het, in die geheim of in die openbaar, en nou dink jy dat selfs God jou dit nie kan of wil vergewe nie. Miskien is jy bang dat God se regverdigheid groter is as sy liefde.

Jesus het dit heel duidelik gestel dat God ons sondes vergewe – al ons sondes – as ons berou het, ons sondes bely en God vol vertroue om vergifnis vra. Jesus het baie oor vergifnis gepraat. Sy mees beroemde uitspraak is die verhaal van die verlore seun (Luk 15:11-32). Hierin word God se houding ten opsigte van die berouvolle sondaar duidelik gestel: *"En hy het opgestaan en na sy vader gegaan. En toe hy nog ver was, het sy vader hom gesien en innig jammer vir hom gevoel en gehardloop en hom omhels en hartlik gesoen"* (Lukas 15:20). God se verlange en bereidheid om ons te vergewe is groter as ons verlange en bereidheid om vergifnis te vra.

God vergeef al ons sondes (Kolossense 2:13). Hy vergewe selfs die sondes waarin ons keer op keer verval. *"Toe kom Petrus na Hom en sê: Here, hoe dikwels sal my broeder teen my sondig en ek hom vergewe? Tot sewe maal toe? En Jesus antwoord hom: Ek sê vir jou nie tot sewe maal toe nie, maar tot sewe maal sewentig toe"* (Matteus 18:21-22). Petrus het gedink dat sewe maal uitsonderlik barmhartig was, maar God is nog barmhartiger. Met opmerking sewentig maal sewe bedoel Jesus dat jy altyd moet vergewe wanneer jy om vergifnis gevra word en nie slegs 490 keer nie. Daar is egter 'n voorwaarde: Om self vergifnis te bekom, moet ons bereid wees om ander te vergewe. Dit het Jesus duidelik gemaak toe Hy ons opdrag gegee het om in die Onse Vader-gebed die volgende woorde moes bid: *"...en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe..."* (Matteus 6:12), waarby Hy onmiddellik die volgende uitleg gegee het: *"Want as julle*

*die mense hulle oortredinge vergewe, sal julle hemelse Vader julle ook vergewe. Maar as julle die mense hulle oortredinge nie vergewe nie, sal julle Vader julle oortredinge ook nie vergewe nie"* (Matteus 6:14-15).

Ons moet hierdie nie as die een of ander *"deal"* beskou waarby God sê dat Hy ons slegs sal vergewe as ons iets vir Hom terugdoen nie. Dit is veeleer 'n noodsaak. As ons hande nie oop is nie, kan ons geen geskenk ontvang nie en vergifnis is juis so 'n gratis geskenk van God. Wanneer ons ons hande oophou dan kan ons tegelyk gee én ontvang. Vergifnis is 'n gratis geskenk. Dit moet gratis gegee, gratis ontvang en gratis deurgegee word. As dit ontvang word maar nie deurgegee word nie, vermuf dit soos stilstaande water. Kyk mooi na die kaart van Israel, die water van die Jordaanrivier stroom deur die Meer van Tiberias en daarom is dié meer vol vis, lewe en vars water. Dieselfde rivier stroom dan verder en eindig in die Dooie See, wat geen uitgang het nie. Die Dooie See is werklik dood - geen vars water, vis of enige lewe nie. Die Dooie See ontvang, maar gee niks deur nie. Ons moet soos die Meer van Tiberias wees en nie die Dooie See nie. Wanneer ons die water van God se liefde en vergifnis ontvang moet ons dit deur laat stroom om dit lewend te hou.

Miskien vra jy jouself af: "*Word elke sonde vergewe?*" Nie vanweë enige oortredings wat jy begaan het nie, maar omdat jy dalk van plan is om iets sondigs te doen. En oor dié moontlike toekomstige sonde vra jy nou jouself af of God dit sal vergewe. Maar só werk dit nie. God vergewe alleenlik

sondes waaroor jy opreg berou het. As jy van plan is om iets sondigs te doen, kan jy mos nie terselfdertyd berou daaroor hê nie. Jy kan nie van God af wegloop en tegelykertyd weer na Hom toe terugkeer nie. Sonde en berou is soos vuur en water, hulle skakel mekaar uit. Jy moet vir die een of ander kies. (Lees Psalm 86:5; Sirag 28:2; Matteus 18:22-35; Hebreërs 4:14 -16; en 1 Johannes 1:9).

## 28. Hou God minder van my wanneer ek sondig?

Nee. God hou altyd van my – Hy is letterlik permanent en onveranderlik lief vir my. Maar elke keer as jy sondig maak jy dit vir jouself moeiliker om in God se liefde te glo, en dan sukkel jy om hierdie liefde te ontvang en daarby baat te vind.

Niks kan verhoed dat God se liefde na jou toe kom nie, maar jy kan wel keer dat daardie liefde tot jou deurdring. Dit is net soos met sonlig. Niks kan voorkom dat die son sy strale uitstuur nie, want die son bestaan uit sonlig. Maar jy kan jou oë sluit of die gordyne toe te trek om te verhoed dat die sonlig jou huis binnekom. God is soos 'n miljoen brandende sonne wat liefde uitstraal – Hy is liefde – niks kan sy liefde vir jou keer nie, net so min as wat jy die son kan verhoed om te skyn. Maar jy kan wel jou rug op die son keer en kies om in jou eie skadu en donkerte te lewe.

God se liefde vir ons hang nie daarvan af hoe goed ons is nie. Jesus maak hierdie waarheid omtrent God heel duidelik in 'n paar van sy gelykenisse. Hy vergelyk God met die goeie herder wat op soek gaan na een verlore skaap, hoewel daar

nege en negentig ander is wat op kraal is en nie verdwaal het nie (Luk 15:1-7). God is soos die vader van die verlore seun wat die heeltyd op die uitkyk is of sy seun terugkeer en hom met ope arms tegemoet gaan (Luk 15:20).

Dit is die soort liefde wat ons van God ontvang. "*God is liefde, wie in liefde bly, bly in God en God in hom*" (1 Johannes 4:126).

Sodra ons dit kan raaksien en dit regtig tot ons deurdring dat God van ons hou en vir ons lief is, selfs wanneer ons sondig, dan besef ons dat God vir ons lief is net soos ons, nie omdat ons sy liefde moet probeer verdien deur goed te doen nie. Wanneer ons begryp dat God net liefde van ons vra, wanneer ons insien dat God ons liefhet en geen slawedrywer is nie, dan sal ons hierdie God vanselfsprekend met liefde beantwoord en nie met angs nie. "*Waar liefde is, is daar geen vrees nie, maar volmaakte liefde verdryf vrees, want vrees verwag straf, en wie nog vrees, het nie volmaakte liefde nie*" (1 Johannes 4:18). Liefde is 'n sterker en effektiewer rede om die sonde te vermy as angs. Ons wil nie teen die liefde sondig nie. Ons voel beslis slegter indien ons teen 'n liefhebbende God sondig as teen 'n goddelike slawedrywer.

Lees meer oor God se liefde in Psalm 51; Johannes 15:12-17; Efesiërs 2:4-5 en 2 Tess 2:16-17.

## 29. Is die vermyding van sonde die belangrikste ding in die lewe?

Nee. In die eerste plek is die vermyding van sonde maar net 'n middel vir 'n belangriker doel, naamlik om goed te doen en goed te wees. Natuurlik kan ons nie goed doen of goed wees tensy ons die bose vermy en die Tien Gebooie onderhou nie, maar 'n mens moet tog baie meer aan die goeie dink as aan die slegte. "*Verder, broers, alles wat waar is, alles wat eerbaar is, wat reg is, wat rein is, wat lieflik is, wat lof verdien, ja, watter deug of prysenswaardige saak daar ook mag wees - daarop moet julle jul gedagtes rig.*" (Filippense 4:8).

Op die tweede plek is selfs goedheid, ja tot die onderhouding van die Tien Gebooie, ook nie die belangrikste wat daar is nie. God en ons naaste is baie belangriker (Markus 12: 28-31). Tog sal ons dit baie moeilik vind, as ons nie die Tien Gebooie onderhou nie, om God en ons naaste werklik lief te hê. Toe God sy uitverkore volk uit die slawerny van Egipte (simbolies vir ons wegvoering uit die sonde) na die Beloofde Land (wat die Hemel versinnebeeld) gelei het - 'n reis wat hulle deur die woestyn (simbool van die lewe) onderneem het, het Hy hulle by die Sinaïberg laat stop waar hulle die Tien Gebooie ontvang het. Die Sinaïberg was nie hul eindbestemming nie - dit was 'n tussen stasie. Net so is dit met die Tien Gebooie - om die Tien gebooie te onderhou is nie die doel van ons lewe nie. Dit dui ons egter die regte roete aan – ons bestemming lê verder. Wanneer 'n mens dus te veel oor jou sonde nadink, word jy angstig en oormatig besorgd. Wanneer jy egter te min oor jou sonde nadink, word jy weer onverskillig. Die sonde is soos 'n siekte. Jy kan te veel of te min tyd daaraan bestee. As

jy jou te veel oor die siekte verknies en bekommer kan jy jouself nog sieker maak as wat jy alreeds is. Dit is wat iemand doen wat aan '*ipekonders*' ly! Maar as jy jou siekte nou weer heeltemal ignoreer kan jy jou gesondheid groot skade aandoen.

Ons behoort gereeld 'n kort gewetensondersoek te doen, miskien een keer per dag, maar ons moet versigtig wees om nie in 'n tipe van selfbehepte self-analise te verval nie. Ons wil almal weet wie ons is en hoe ons vooruit kan gaan in die lewe. Daarom is dit goed om gereeld ons lewe en veral ons gewetens eerlik te ondersoek. Dit moet egter nooit tot enige vorm van selfbeheptheid lei nie, dan loop jy die gevaar om óf 'n selfvoldane, selfgenoegsame, onverdraagsame mens te word omdat jy kwansuis soveel beter is as diegene rondom jou, óf jy kan in depressie en swartgalligheid verval omdat jy jouself as 'n aaklige, onseker, klein wurm beskou. Of dalk vind jy uit dat jy so tussen dié twee bogenoemde uiterstes sit – nie te warm of te koud nie, maar louwarm, nie swart of wit nie, maar grys, saai en slap.

Wat is  die oplossing? Hou op om jou die heeltyd oor jouself te bekommer en wend jou gedagtes na God en jou naaste. Onthou, jou oë is gemaak om buitentoe te kyk; dit moet 'n mens ook met jou gedagtes doen. Wanneer jy behep raak met jou sonde draai jou lewe net om jouself en kan jy niks wat om jou aangaan raaksien nie. Dit is dan wanneer jy ook sommer 'n permanente frons op jou voorhoof ontwikkel.

Alle heiliges was vreugdevolle mense – 'n Christen is iemand wat opreg bly is en rus en vrede vind deur die Wil van God te doen. (Lees gerus wat die apostel Paulus hieroor skryf in Filippense 4:11-13). Dit is waar dat ons die heeltyd met ons sonde moet worstel en ook bewus moet wees van ons sondes, maar veel sterker as ons sondes is ons geloof in God se totale vergifnis en almagtige liefde (Romeine 3:22-24).

## 30. Watter verskil maak die koms van Jesus nou eintlik in my lewe?

In die hele wêreld is daar maar een persoon wat hierdie vraag kan beantwoord. Nie ek of jou ouers of 'n priester of selfs die pous kan hierdie vraag beantwoord nie. Net jy, net diegene wat hierdie stuk lees, kan dié vraag beantwoord.

Die verandering wat Jesus, as jy Hom toelaat, in jou lewe kan bring, die verandering wat Hy tot stand wil bring, is die verandering tussen alleen-wees of saam met God wees, die verandering tussen jyself wat God speel (en daarin is jy tot mislukking gedoem) of God toe te laat om God oor jou lewe te wees. Dit is ook die verskil tussen hoop en wanhoop. Dit is die verskil tussen 'n rede om te lewe en te sterwe en 'n lewe en sterwe wat sinneloos en sonder betekenis is. Dit is die verskil tussen 'n doel in jou lewe te hê of om doelloos te lewe en die heeltyd soos 'n blaar in die wind rondgewaai te word.

Lank voordat jy gebore is, het Jesus al geleef: "*In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God*" (Johannes 1:1-2). Self het Jesus gesê: "*Ek is al van*

*voordat Abraham gebore is*" (Johannes 8:58). Jesus het jou geskape vóórdat jy gebore is. Hy is die skepper van jou ware identiteit (Psalm 139:15-16). Sonder Hom kan jy geen sukses hê by die belangrikste taak in jou lewe, naamlik om jouself te leer ken en te word wat jy gemaak is om te wees.

Elke mens het twee take om te doen in sy lewe. Die tweede taak wissel van persoon tot persoon: Huisvrou, president, tegnikus, soldaat, verpleegster, advokaat, skoenmaker of wat ook al. Elkeen van hierdie take of beroepe is vervangbaar en wanneer jy sterf sal iemand anders jou werk oorneem. Maar niemand kan jou vervang in die belangrikste taak van jou lewe – om jouself te wees. Dit is iets wat net jy alleen kan doen.

Net soos jy uniek is, enig in jou soort, net so is Jesus uniek, ook enig in sy soort. Jesus is nie maar een van vele alternatiewe nie, Hy is die enigste Redder. Hy is nie net daar vir sommige mense nie, Hy is daar vir almal, "*Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Christus Jesus, wat Homself as losprys vir almal gegee het....*" (1 Timoteus 2:5-6). Hy is die enigste brug van die Hemel na die aarde en omgekeerd. "*Ek is die weg en die waarheid en die lewe; niemand kom na die Vader behalwe deur My nie*" (Johannes14:6). Jesus bring God in jou lewe en Hy bring jou na God. Dit is die oneindige verskil wat Hy in jou lewe veroorsaak ... indien jy Hom toelaat.

## 31. Kan ons iets van ander gelowe leer?

Die Tweede Vatikaanse Konsilie leer ons dat daar ook 'n paar

diep waarhede in ander gelowe te vinde is. God het nog nooit die wêreld in duisternis gelos nie; Hy het ook aan mense van ander godsdienste waardevolle insigte gegee, alhoewel Hy slegs één keer in die gedaante van 'n mens na die aarde gekom het, as Christus. En dit was Christus wat sy Kerk, die Katolieke Kerk, hier op aarde gestig het.

Van Mohammed kan ons byvoorbeeld die vrede leer ken wat verkry word deur die totale onderwerping van jou menslike wil aan die wil van God. Dit is wat "Islam", die naam van Mohammed se godsdiens beteken, "*vrede*" en "*oorgawe*". Koning Dawid het hierdie idee pragtig vertolk in Psalm 131. Van Confucius kan ons leer hoe die "*wil van die hemel*" vervul word in die sosiale orde en onderlinge harmonie in menslike verhoudings. Confucianisme wys ons hoe prakties godsdiens kan wees deur die fyn uitwerking van menslike verhoudinge in die daaglikse lewe van gesinne en die groter samelewing. In Psalm 133 en 1 Korintiërs 14:33 sien ons hoe God wil hê dat ons in vrede en harmonie met mekaar moet leef.

Van Lao Tse, die stigter van Taoïsme, kan ons die instinktiewe vredevolle wysheid leer ken van die "*Tao*" of die "*Weg van die Natuur*". Dit is nogal baie interessant om die Tao Te Tjieng te lees, die sogenaamde Bybel van die Taoïsme, en te sien hoeveel ooreenkomste dit toon met die leerstellinge van Jesus, veral sy Bergpredikasie (Matteus 5-7).

Van Boeddhisme en die Hindoeïsme kan ons leer hoe belangrik meditasie en stilte is en hoe om die ruwe en luide stem van die ego en selfsug stil te maak. Boeddhiste en Hindoes is spesialiste in "*meditasie*", en dit 'n hulpmiddel wees by ons gebed indien ons dit gebruik om kontak te maak met God en nie vir ons eie doeleindes nie. Die Bybel gee ons die opdrag: "*Wees stil en erken dat Ek God is*" (Psalm 46:10). Hoewel die Boeddhisme nie in staat is om ons te leer om God te ken soos Jesus ons leer nie, kan dit ons wel leer om stil te wees.

Nie Jesus of die Bybel leer ons hoeveel waarheid of onwaarheid daar in elk van die ander wêreldgelowe te vinde is nie. Ons word wel geleer dat veelgodery (die aanbidding van baie gode) en afgodery (die aanbidding van enigiets anders as God) totaal verkeerd en onwaar is (Exodus 20:2-5). Nêrens word daar enige melding gemaak of daar enige waarheid skuil in dit wat ander godsdienstige meesters te sê het nie. Ons leer wel dat alles wat Jesus gesê het die waarheid is - eenhonderd persent waar (Johannes 1:17;14-6) want Jesus is uniek. Hy is nie die enigste godsdienstige leier of wysgeer of die enigste intelligente mens nie, maar Hy is wel die enigste Persoon wat God beliggaam. Hy is die enigste godsdienstige leermeester wat beweer het dat Hy God was, die Skepper van die heelal, wat as mens gebore is (Matteus 16:13-16; Johannes 1:1-5, 14). Ander mense, wat ook beweer het dat hulle God was, was beslis geen wysgere nie, maar gekke en leuenaars wat hulleself aan godslastering skuldig gemaak het.

Om Christen te wees beteken dat ons glo dat daar geen waarheid in ander gelowe te vinde is nie. Maar dit beteken wel dat ons glo dat Jesus die Een is wat Hy gesê het Hy is.

As Christene kan ons dus wel glo dat ander godsdienste oor sommige of gedeeltelike waarheid beskik, maar wat ons wel met hart en siel glo is dat Jesus die Waarheid en die Weg is.

## 32. Moet ek glo omdat my ouers glo?

Nee. As jy oud genoeg is om hierdie vraag te stel, dan moet jy glo omdat jy self kies om te glo. Die resultaat van geloof is die ewige lewe, God se eie lewe (Johannes 6:47).

God wil jou Vader wees. En wat gee 'n Vader in die eerste plek aan sy kinders? Die gawe van die lewe. Ons het die menslike lewe van ons menslike ouers gekry. Hulle kan ons egter nie die goddelike lewe gee nie. Dit is iets wat alleenlik God kan doen, en dit is iets wat alleenlik ons kan weier – deur te kies om God se gawe van lewe af te wys. Elkeen van ons moet ja of nee sê op hierdie uitnodiging van God om sy kind te word en in sy familie opgeneem te word.

God het geen kleinkinders nie. Nêrens in die Bybel word God oupa genoem nie. Heel dikwels word Hy Vader genoem. Nooit word iemand 'n kleinkind van God genoem nie. Ons is egter almal uitgenooi om "*kinders van God*" te word (Johannes 1:12—13; Romeine 8:14-16). Uit God se eie hand gee Hy aan elkeen van ons die geskenk van die goddelike lewe – Hy doen nie via iemand anders nie. Jy ontvang die goddelike lewe van God en nie van jou ouers nie.

Tog kan ouers jou geweldig baie help om ja te antwoord op God se uitnodiging, maar die uiteindelike beslissing lê by jou alleen. God kan van baie helpers en tussenpersone gebruik maak om jou hart aan te raak, maar jy is ten slotte die laaste skakel in die ketting.

God skryf die uitnodiging en rig dit aan jou persoonlik. Dan gee sy profete, sy Kerk, jou ouers en jou leerkragte en rolmodelle die boodskap verder deur – soos 'n posbode wat 'n uitnodiging by jou adres aflewer. Slegs jy kan die uitnodiging oopmaak en ja of nee sê.

## 33. Hoe kan ek God ontmoet?

Dit is 'n baie belangrike vraag. Bedoel jy dit regtig? Want ons het 'n belofte gekry: "*elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind*" (Matteus 7:8) en dit is die mees fantastiese belofte wat daar bestaan.

Om God te ontmoet, om God te leer ken, nie net deur boekekennis en studie nie, maar deur persoonlike ervaring,, kennismaking, vriendskap ... dit is die eintlike doel, die uiteindelike bestemming van ons lewe, en ook ons grootste vreugde. En dit is iets wat alreeds in hierdie lewe – hier en nou – begin. Dit begin nou en word vervolmaak in die hiernamaals. "*En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het - Jesus Christus*" (Johannes 17:3). Dit is die beste definisie van wat die ewige lewe eintlik is. Dit is nie maar net baie meer as hierdie lewe, 'n lewe sonder einde nie. Dit is '*om te weet*',

'*om God te ken*' en dit is iets wat net deur liefde verkry kan word.

Hoe kan ons God dan ontmoet? Deur Jesus natuurlik. "*Want daar is een God, en een Middelaar tussen God en die mense, die mens Jesus Christus*", (1 Timoteus 2:5). Ons ken God deur God se '*weg ondertoe*' (God wat omlaag gedaal het na ons toe) en nie deur ons mense se '*weg boontoe*' nie (dit is nie ons wat omhoog na God uitreik nie, maar Hy wat Homself omlaag afbuig en na ons toe uitreik). "*Niemand het God nog ooit gesien nie; die enigste Seun, self God, wat teen die bors van die Vader is, Hy het Hom bekend gemaak"* (Johannes 1:18). Om God te kan ontmoet, moet jy eers vir Jesus ontmoet, Hy wat gesê het: *"Wie My gesien het, het die Vader gesien"* (Johannes 14:9).

Verder ontmoet ons Christus in die Christene en deur die Liggaam van Christus, die Kerk, "*die volk van God of Godsvolk*". In feite kom die Vader op die eerste plek, Christus, sy Seun vir ewig kom uit Hom voort. Dan het daar op 'n gegewe oomblik, ongeveer tweeduisend jaar gelede, die Kerk van Christus ontstaan – die Katolieke Kerk. Maar ons ervaar hierdie drie eintlik in omgekeerde volgorde. Ons leer eerstens vir Christus ken deur die Kerk, deur ander Christene. En leer ons oor die Vader deur Christus.

'n Mens kan Christene eintlik met vensters vergelyk waardeur ons Christus kan raaksien. En op sy beurt is Christus weer die venster waardeur ons God ontmoet. Maar daar is een groot

verskil - die venster van Christus is absoluut helder, terwyl die vensters van Christene meestal vuil en ongewas voorkom en maar min lig deurlaat.

Daar is egter drie maniere waarop ons ons vensters kan skoonmaak, drie maniere om meer lig van Christus in ons lewe te laat skyn, drie maniere om digter by God te kom:

I. Deur lief te wees vir Hom, want jy kan iemand net regtig leer ken as jy lief vir die persoon is. En God is ‘n Persoon – Hy is nie ‘n ding nie.

II. Deur sy woord – lees die Bybel elke dag.

III. Deur gebed. Vra Hom! Bid: “God, asseblief, laat my U beter leer ken”. Jy sal beslis ‘n antwoord kry!

## 34. Hoekom het ek nooit genoeg tyd om te bid nie?

Jy moet nie tyd *soek* om te bid nie, jy moet tyd *maak* om te bid.

Om tyd vir iets vry te maak, moet jy die tyd van iets anders af wegneem. Jy moet iets opoffer. Wanneer jy byvoorbeeld tyd neem om televisie te kyk, offer jy jou tyd om huiswerk te doen op. Wanneer jy tyd vrymaak om jou huiswerk te doen, offer jy die tyd op om televisie te kyk.

Om te bid beteken in die eerste plek om tyd op offer aan God. Maar dit is nou maar eenmaal so - sodra ‘n mens besluit om te gaan bid, voel dit dikwels asof daar iets anders voorval wat jou tyd wil opeis. Jou gedagtes dwaal af en daar is skielik

net soveel ander dringende dinge om te gaan doen. Hierdie dinge moet jy opoffer, ten minste vir die tydjie wat jy aan gebed afstaan. Die belangrikste ding omtrent bid is jou besluit om 'n deel van jou tyd aan God te gee en aan hierdie besluit vas te hou.

Daar is iets in ons wat ons van gebed af wil weghou. 'n Klein stemmetjie wat fluister en allerhande verskonings vir ons probeer uitdink om nie te bid nie. Daar is iets in ons wat bang is vir gebed. Dit weet dat gebed die aanwesigheid van God bewerkstellig. En wanneer God aanwesig is, is Hy soos 'n brandende lig, wat sy teenpool, die duisternis, vernietig. In elkeen van ons is daar donker kolle aanwesig, wat bang is vir die lig van God, vir dié aanwesigheid van God, wat gebed teweegbring (lees Johannes 3:19-21).

Dit is jou keuse, gaan jy na die donker kolle luister of na God? God wil graag die donker kolle uit jou lewe wegruim. God is soos 'n skoonmaker. As jy Hom binnelaat, begin Hy skoon te vee en op te ruim en dinge op hul regte plek te sit. En dit is met jou gebed dat jy Hom binne toelaat. Alles wat God in jou wil regmaak en verander, kan by jou skuldgevoelens en neerslagtigheid veroorsaak. God is egter nie jou vyand nie, Hy is jou vriend. Hy is Iemand wat ontsettend baie lief is vir jou. Al wat Hy vir jou wens (liefde het maar één doel) is jou geluk. Wees dus nie bang om Hom binne te laat kom nie. Dit is die *vyand-van-binne*, die donker kolle in jou lewe, wat rede het om bang vir God te wees. Daarom ervaar jy so 'n afkeer van

bid, daarom is dit vir jou so moeilik om te bid, hoewel jy maar al te goed weet dat bid goed is vir die geluk en vrede in jou lewe. Jy moet self besluit na watter stem jy gaan luister.

Toe ‘n seuntjie sy middagete (wat uit vyf broodjies en twee visse bestaan het) aan Jesus gegee het, het Jesus dié voedsel vermenigvuldig sodat dit genoeg was om vyfduisend mense te voed (Johannes 6:1-13). Hy sal dieselfde doen met jou tyd. Wat jy aan Hom gee sal Hy vermenigvuldig. Wanneer jy die tyd neem om te bid sal jy merk dat jy eintlik meer tyd oorhou en nie minder nie. As dit vreemd klink, daag ek jou nou uit om dit te probeer.

Ek waarborg jou dat jy sal ervaar dat dit wel so werk. Sit tyd opsy vir God, en die res van jou tyd sal rustiger, presieser en doeltreffender verloop. Indien jy geen tyd vir God vrymaak nie, sal jy al jou tyd met sorge en kwellinge vermors.

Onthou: God het tyd uitgevind! Hy het die tyd gemaak. Hy besit alle tyd - tyd is ondergeskik aan God se ewigheid. Hy is die Een wat tyd bestuur en die Een wat die tyd tot ons beskikking stel (Wysheid 3:1). As jy meer tyd nodig het, moet jy na Hom toe gaan wat in beheer staan van alle tyd. Hoe nader jy aan God beweeg, hoe meer tyd sal jy hê. Hoe verder jy van Hom af wegloop, hoe meer gaan jy die slaaf van tyd word, sodat jy naderhand nooit genoeg tyd gaan hê nie en altyd sal rondjaag in dit wat jy moet doen.

Soos jy dus sien, is dit eintlik heel prakties om te bid. 'n Mens moet egter nie net uit praktiese oorweginge bid nie, maar uit liefde en omdat God ons gebede verdien. Ons bid om dieselfde rede as waarmee ons met ons vriende praat. God is ons grootste vriend.

Oor hoe om jou tyd vry te maak om te bid, lees Mattheus 6:6; Handelinge 2:42; 3:1; 10: 3; en 1 Tessalonisense 5:17. Voorbeelde van mense wat die tyd geneem het om te bid vind jy in 1 Samuel 1:9-2:10 en Tobit 8:4-8.

## 35. WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN BID EN JOU "GEBEDJIE OPSÊ"?

Miskien het jy al 'n film gesien waarin 'n skaam jongman nie die moed het om direk met die meisie op wie hy verlief is te praat nie. In plaas daarvan skryf hy sy liefdesverklaring neer en lees hy dit aan haar voor. Dit is ongeveer wat "*jou gebedjie opsê*" beteken. As ons slegs woorde opsê in plaas daarvan om direk met ons eie woorde met God te praat is ons soos die skaam jongman in die film. Miskien voel ons soms verleë of bang voor God. Dalk beskou ons God as iets wat baie ver weg is van ons, in plaas van Iemand wat eintlik heel naby aan ons is. Dan is "*jou gebedjie opsê*" miskien soos 'n brief aan iemand skryf wat in 'n ander land woon. Dit is egter almal slegte redes want God is ons vriend en Hy het ons lief en Hy is beslis nie Iemand om voor bang te wees nie. En God is altyd by ons – Hy is nooit ver weg of afwesig nie (sien Psalm 139:1-18).

Daar is niks verkeerd om standaard of voorgeskrewe gebede (soos die Onse Vader of Wees Gegroet) te bid nie, maar sulke gebede moet nooit die plek inneem van persoonlike gebed nie. Wat sou jy van ‘n vriend dink wat nooit direk met jou praat nie, maar altyd staan en briewe aan jou voorlees?

Die drie belangrikste redes om standaard of voorgeskrewe gebede te gebruik is as volg:

I. By openbare godsdienstige funksies sodat almal saam kan bid.

II. Wanneer die gebede gesing word.

III. By die begin van jou persoonlike gebed as ‘n soort wegspring plek vir jou eie intieme gesprek met God.

Bid beteken gewoonweg praat met God. Dit is die eenvoudigste ding op aarde. Dit is altyd makliker om met God te praat as met mense, want daar bestaan altyd die moontlikheid dat ander mense ons sal misverstaan of ons nie goed genoeg ken om te weet wat ons eintlik bedoel nie, of ons sal afwys of dalk nie van ons hou nie. God is egter alwetend en vol liefde. Hy sal altyd begrip hê vir wat jy besig is om te sê – God snap altyd wat ons bedoel, selfs al begryp ons onsself nie! God ken die gevoelens wat agter ons woorde skuil. En Hy laat nooit iemand in die steek nie. Selfs toe Judas gekom het om Hom te verraai, het Jesus hom as "*vriend*" aangespreek (Mattheus 26:50). En vir die Romeinse soldate wat besig was om Hom te vermoor het Jesus gebid: "*Vader,*

*vergeef hulle want hulle weet nie wat hulle doen nie*" (Lukas 23:34). So is die God tot wie ons bid. Hy ken al ons kwellinge en bekommernisse. God se medelye met ons ken geen perke nie. Hy het by die graf van sy vriend Lasarus gehuil (Johannes 11:35). Wanneer daar dinge in ons is wat ons nie begryp nie, begryp Hy dit tog. Selfs ons sondes vorm geen struikelblok solank ons berou het nie, want Hy is bereid om ons onmiddellik te vergewe.

Soms lei God ons opsetlik na die punt waar woorde ons in die steek laat sodat ons sonder woorde verder moet gaan om in sy arms te rus (Psalm 131). Ware vriende, verliefde paartjies en lede van 'n hegte gesin kommunikeer soms beter in stilte met mekaar as met woorde. Waarom probeer jy nie na God te luister nie? Jy sal sy woorde nie met jou ore hoor nie, maar jy sal in jou hart vrede en liefde ervaar omdat God daar is (1 Johannes 4:8). Daar is regtig geen enkele rede waarom ons bang sou moet wees om volledig oop, eerlik en vertroulik 'n gesprek met God te voer nie. Want *"... geen hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons skei van God se liefde wat daar in Christus Jesus ons Here is nie*" (Romeine 8:39).

## 36. Hoe kan ek God in my daaglikse lewe sien?

In die eerste plek, weet dat Hy daar is. God beperk Homself nie tot slegs 'n aantal plekke soos kerkgeboue nie, want ons – die gelowiges - is die Kerk. Hy beperk Homself ook tot nie tot slegs enkele oomblikke nie, soos wanneer almal saam bid,

alhoewel daar tydens die Heilige Mis, 'n 'n spesiale tyd is waarop Hy op 'n spesiale daadwerklik in die Eucharistie aanwesig is, en nie net in die gedagtes van die gelowiges nie. Maar God is altyd en oral. Daarom is dit moontlik om Hom altyd en oral te vind (Jeremia 23:23).

Ons as mense is egter nie in staat om permanent van God se aanwesigheid bewus te wees nie. Ons hoef ook nie skuldig te voel as ons nie die grootste gedeelte van die dag aan God dink nie. God verwag nie dat ons 24 uur per dag moet bid nie. Maar ons kan tog ons hele dag in ons gebed opneem deur soggens en saans ons werksaamhede en ervaringe van die dag in gebed aan God op te dra.

Die Kerk onderskei spesiale dae – die groot liturgiese feesdae soos Kersfees en Pase, die gewone Sondae en enkele verpligte feesdae – sodat ons op sulke dae ons 'geestelike batterye' kan herlaai. Die bedoeling is dat sulke vieringe elke oomblik van ons lewens sal binnedring. Elke dag van ons lewe is byvoorbeeld anders as gevolg van Paasfees, omdat ons die Verrysenis van Christus vier, herdenk en glo. Want "*... as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs en is julle steeds in julle sondes*" (1 Korintiërs 15:17). Elke uur van die dag is anders vanweë die Heilige Mis, want tydens die Heilige Mis dra ons die volmaakte gebed en die volmaakte offer aan God op wat ons verlossing skenk en ons vrede met God herstel, 'n vrede waarop ons elke minuut van dag kan vertrou. As dit werklik jou vraag is: "*Hoe kan ek God in my daaglikse lewe sien?*, dan sal jy gewis hier in die gebeure van jou

daaglikse lewe jou antwoord vind. Onthou: God sal jou wens vervul om Hom in jou daaglikse lewe te sien, want dit is juis wat Hy graag wil hê (Jeremia 29:11-13; Romeine 12:1-12). Jy maak God gelukkig wanneer jy Hom orals wil raaksien en vind.

Maar dit neem ook tyd om geestelik te groei, net soos dit baie jare duur om liggaamlik volwasse te word. Dit is eintlik ‘n lewenslange proses, ‘n vaardigheid wat ons geleidelik al hoe beter onder die knie kry. Dit bly nou maar eenmaal ‘n oefening om in die Hemel te kom en eers daar sal ons geestelike vaardigheid volmaak wees. Die beste wat ons hier op aarde kan doen is om God elke dag in ons lewens te ***wil sien*** – laat dit ons hartsbegeerte en hartsverlange wees - daarop sal God altyd reageer. God het immers belowe wie Hom soek, sal Hom vind (Mattheus 7:7).

## 37. Hoe moet ek lewe?

Die eerste keuse wat elkeen van ons moet maak is die keuse om te lewe soos ‘n blinde perd, sonder om jouself ooit af te vra wat die sin van die lewe nou eintlik is, of om te lewe met die bedoeling om die waarheid te soek. Dit is in beginsel die verskil tussen ‘n dier en ‘n mens. Diere lewe volgens instink sonder om na te dink, mense stel vrae en soek die waarheid. As jy dus jouself afvra hoe jy moet lewe, het jy inderwaarheid hierdie vraag al gedeeltelik beantwoord. Jy het naamlik gekies om op ‘n menslike manier te lewe en nie op ‘n dierlike nie – deur na die waarheid te soek en nie net blindweg jou eie instink te volg nie.

Om op 'n menslike manier te lewe beteken om volgens 'n bepaalde maatstaf te lewe, om sekere norme te hê, sowel as antwoorde op die vraag wat die belangrikste dinge in die lewe is. Elke mens lewe tog volgens bepaalde norme, vir elkeen van ons is daar sekere dinge wat belangriker is en ander wat minder belangrik is. 'n Bankrower byvoorbeeld vind geld belangriker as die opvatting dat jy nie mag steel nie. 'n Martelaar (iemand wat omwille van sy geloof sterf) verkies sy geloofsoortuiging bo sy lewe. Iemand wat leuens vertel om mag te verkry, vind sy mag belangriker as die waarheid. 'n Moeder wat weier om haar ongebore kind te aborteer, vind die menslike lewe belangriker as al die nadele van 'n ongewenste baba.

Die belangrikste wat jy jouself kan afvra is wat die mees waardevolle ding in jou lewe is. Wat is jou kosbaarste besitting? Wat is jou hoogste norm? Jesus se antwoord op hierdie vraag is die volgende: "*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die groot en eerste gebod. En die tweede wat hieraan gelyk staan, is, 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'.*" (Mattheus 22:37-38). Iedereen aanbid eintlik maar die een of ander 'god', iets wat vir jou belangrik is. Dit kan plesier wees, of mag, of geld of roem, of die begeerte dat mense van jou hou, jou werk of selfs jou gesin ... Sommige van hierdie sake staan nader aan God as ander, maar geeneen gee die werklike essensie van God weer nie, en geeneen van hierdie dinge behoort die werklike essensie van jou lewe te

wees nie. Jesus het selfs sover gegaan deur te sê: "*As iemand na My kom en My nie méér liefhet as sy pa en ma en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs as sy eie lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie*" (Lukas 14:26). Dit is waar dat ons ander mense en veral ons eie gesin meer as enigiets anders moet liefhê, maar beslis nie meer as wat ons God liefhet nie. Ons moet God met ons hart en siel liefhê. Onthou, ons naaste is geen God nie. Ons kan nie liewer wees vir mense as vir God nie.

Hoe lief ons ook al vir mense is (en ons moet mekaar baie liefhê) kan dit nooit meer as ons liefde vir God wees nie. God moet altyd op die eerste plek in ons lewe staan, nooit tweede nie. Nie omdat Hy jaloers is en kwaad sal wees as ons meer van iemand anders hou nie. Hy is dan juis die Een wat ons beveel om vir ons naaste lief te wees! Maar omdat Hy weet dat as ons iets bo Hom stel, dit nooit sal werk nie. Indien ons 'n goddelike las op die skouers van 'n mens plaas, sal sy of haar skouers dit nie hou nie en sal ons teleurgestel word. Om God die eerste plek te gee, maak nie ons liefde vir mense minder kosbaar nie. Dit gee ons egter wel die vryheid om mense op 'n menslike manier lief te hê. Sodra ons naaste nie meer ons God is nie, kan hy of sy regtig ons naaste wees. Dieselfde geld vir alle ander aspekte van die lewe, dinge wat minder belangrik is. Wanneer ons nou eenmaal oor goeie norme beskik, wanneer ons dus (1) God bo alles stel, (2) mense bo dinge stel en (3) belangrike sake soos gesondheid en geluk bo minder belangrike sake soos geld en liggaamlike genot. Dan val alles op sy regte plek.

Daar is egter nog een aspek verbonde aan die vraag: "*Hoe moet ek lewe*", waarna ons nog nie gekyk het nie. Die vraag wat ons gestel het lui: "*Waarvoor moet ek lewe?*" Wat moet my waardes en ideale wees? Ons het onsself nog nie afgevra: "*Waarvan moet ek lewe?*" nie. Wat is die bron van my lewe? Wat is my krag? Dit maak nie sin om 'n perfekte stel ideale te hê, "'n perfekte lewensplan, as ons nie in staat is om die ideale en plan tot uitvoering te bring nie. 'n Mens kan orals raad kry hoe om te lewe, maar dit gee jou nog nie die krag om wel so te kan lewe nie.

Hierin is Jesus uniek. Hy leer ons nie net hoe om te lewe nie, Hy gee ons die krag om so te lewe. Die krag is die Heilige Gees, God se eie Gees wat jou siel deurdring en jou die geestelike energie en vermoë gee om te lewe soos Hy dit wil hê. Dit is hoe die Christelike geloof verskil van die filosofiese en etiese sisteme van die wêreld. *"...want die koninkryk van God bestaan nie uit 'n gepraat nie, maar uit krag*" (1 Korintiërs 4:20). God is dinamies. Raak aan Hom en jy sal nooit weer dieselfde wees nie.

Maar hoe kan ons God aanraak? Ons reikwydte strek nie ver genoeg nie. Ons siele kan God se volmaaktheid nie ewenaar nie. Daarom het Hy Homself na ons toe neergebuig. Hy het mens geword om ons met sy krag, met sy eie lewe, aan te raak. Dit is wat Jesus doen!

## 38. Is dit dan nie my eie gewete wat bepaal wat goed en kwaad of wat reg en verkeerd is nie?

Wat jy dink goed of sleg is, is inderdaad 'n saak van jou eie gewete, maar dit bepaal nie of dit in werklikheid goed of sleg is nie. Dit word nie deur jou gewete bepaal nie, want jy is nie God nie en of iets werklik goed of sleg is, is nie 'n besluit wat deur jou geneem kan word nie. Die apostel Paulus pas hierdie selfde beginsel op homself toe in 1 Korintiërs 4:3-5: "*Maar vir my is dit nie van die minste belang of my betroubaarheid deur julle of deur 'n menslike regbank beoordeel word nie. Trouens, ek beoordeel dit self nie eens nie. Daar is ook niks waaroor my gewete my aankla nie, maar dit beteken nog nie dat ek vrygespreek is nie. Dit is die Here wat my beoordeel. Daarom moet julle nie te vroeg, voordat die Here kom, 'n oordeel uitspreek nie. Hy sal ook die dinge wat in duisternis verborge is, aan die lig bring en die bedoelings van die hart blootlê. Elkeen sal dan van God die lof ontvang wat hom toekom.*"

Of iets reg of verkeerd is, goed of kwaad, is nie 'n speletjie wat deur mense uitgedink word nie. As dit so was dan sou ons mos nooit skuldig gevoel het nie. Jy gaan mos nie skuldig voel wanneer jy die reëls verander van 'n spel wat jy self uitgedink het nie.

As morele waardes niks anders was as iets wat ek of jy uitgedink het nie, dan sou elke mens ander waardes kon hê en sou daar geen gedeelde waardes kon wees nie. Moraliteit bestaan of ons nou daaraan glo of nie – ons mag verskillende opinies oor sekere waardes huldig, maar die feit is dat daardie

waardes bestaan of ons nou daarmee saamstem of nie! Dit is nie iets wat mense uitgedink het nie. Dit is iets wat van buite af kom en nie in ons denke ontstaan het nie. Dit is onafhanklik van ons gedagtegang, iets wat onafhanklik is van wat ons dink.

Die gewete is die besef en die gevoel vir wat goed en kwaad of reg en verkeerd is. Die gewete is ons krag om reg en verkeerd van mekaar te onderskei (Romeine 9:1). Net soos ons oë nie die lig maak nie, net so maak ons gewete nie dit wat reg of verkeerd is nie, maar dit maak ons wel bewus daarvan. Die uiteindelike rede waarom iets goed of reg is en iets anders verkeerd of sleg is, is omdat die waarheid oor die dinge van God af kom. Dit kan nie uit ons gedagtes of gevoelens kom nie. Selfs voordat die Tien Gebooie opgeskryf is, het God die kennis van goed en kwaad in die menslike gewete ingeprent (Genesis 3:1-24). Ons word eintlik met hierdie kennis gebore. Die gewete is God se spreekbuis in ons siel (Spreuke 20:27). Daarom kan ons nooit ons gewete ignoreer nie, dit is een van die belangrikste maniere waarop God met ons kommunikeer.

Ons gewete is egter nie onfeilbaar nie (Spreuke 16:25). Ons kan foute maak, ons selfs oor iets vergis. Daarom dan dat ons altyd ons gewete moet toets aan twee ander openbaringe – God gee ons sy waarborg dat dié twee ander openbaringe altyd onfeilbaar en foutloos is: Die Bybel en die Kerk. Beide kom, direk of indirek, van Christus en daarom kan hulle onfeilbaar wees. Onthou, alles wat menslik is, is maar geneig

tot foute. Daarom moet ons, as ons werklik wil weet wat reg en verkeerd is, ons wend na dié twee helpers wat Christus agtergelaat het om ons op aarde te onderrig: Sy Kerk en sy Boek.

Wat ons te doen staan is om uit te vind hoe ons God se wette, soos die Bybel en die Kerk ons leer, moet toepas in die voortdurige wisselende situasies van ons lewens. Ons moet dus leer hoe om op ons eie manier gebruik te maak van die morele gereedskap wat God ons gegee het. Die morele beginsels en morele krag het ons van die Heilige Gees ontvang. Nou moet ons self kies of ons hierdie beginsels gaan gehoorsaam of nie in ons eie omstandighede en unieke situasies. Ons is vry om te kies – dit is ons eie besluit. In dié sin word wat goed en verkeerd is oorgelaat aan ons eie gewete. Maar nie in die sin dat ons self kan besluit wat reg of verkeerd is nie. As ons God se wette ongehoorsaam, sal ons die gevolge daarvan dra. (Lees gerus Romeine 2:12-15; 13:1-5; 1 Korintiërs 10:27-29; 1 Timotheüs 1:19; Titus 1:15; Hebreërs 9:13-14; 10:21-22).

## 39. Bestaan daar deesdae nog so iets soos sonde?

In die wêreld van vandag wil dit voorkom asof daar maar min mense is wat die sonde ernstig opneem. In die verlede het die Kerk baie oor die sonde gepreek, miskien selfs te veel. Dikwels kry 'n mens die indruk dat Katolieke van vóór die Tweede Vatikaanse Konsilie die Christelike lewe as iets beskou het waar daar meer fokus was op die vermyding van die sonde as die beoefening van die deugde. Vir baie mense

destyds was God meer ‘n regter as ‘n mensliewende God. In reaksie teen die oordrewe klem wat destyds op die sonde gelê is, het baie mense, selfs in die Kerk, vandag egter na die ander uiterste toe gegaan en wil dit voorkom asof min mense die erns van die sonde begryp. Net omdat een ekstreme standpunt verkeerd was, beteken beslis nie dat die teenoorgestelde ekstreme standpunt reg is nie.

God verander nie en sy Wette verander ook nie (Maleagi 3:6-7; Mattheus 5:17-18). Ons mense verander wel, en ons mensgemaakte wette ook. Deur die eeue heen het die wette en praktyke van die menslike samelewing wel verander. Maar die sonde beteken nie om mensgemaakte wette en sosiale praktyke te oortree nie. Sonde beteken om die onveranderlike wet van God te oortree. Sommige mense probeer hul sonde te regverdig deur te sê: "*almal doen dit tog*". Dit is nie ‘n logiese argument nie. Beteken dit dat wanneer almal siek is, dit dan skielik normaal is om siek te wees en dat wanneer ek dus ook siek raak ek eintlik gesond is want almal is mos maar siek! Siekte kan nooit gesondheid word nie! Al sou gif ewe skielik in die mode kom beteken mos nie dat dit nie meer giftig is nie. Die profeet Jesaja sê: "*Ellende wag vir dié wat sleg goed noem en goed sleg, wat van duisternis lig maak en van lig duisternis, wat bitter soet noem en soet bitter.*" (5:20). Ons moet eerlik wees en dinge by hul regte naam noem. ‘n Sonde is ‘n sonde, maak nie saak wat iemand se persoonlike opinie daaroor is nie! Sonde is sonde volgens God se maatstawwe en dit is nie iets wat met die tyd verander nie.

Ons moet altyd vier dinge onthou wanneer ons oor die sonde praat:

I. Ons moet nooit ander mense veroordeel nie, maar hul dade kan wel veroordeel word. "*Moenie oordeel nie, sodat oor julle nie geoordeel word nie*" (Mattheus 7:1). Hoewel ons die sonde moet afkeur, moet ons vir die sondaar lief wees. Net soos ons vir ons eie liggaam lief is, maar die sonde, wat die vyand van die liggaam is, haat. Die sonde is die vyand van ons siel. Ons haat die sonde omdat ons lief is vir die menslike siel.

II. Sonde, en die teenoorgestelde daarvan, naamlik heiligheid, is nie net 'n kwessie van wat ons doen of versuim om te doen nie, maar ook 'n kwessie van wie ons is. In teologiese terme praat ons nie net van '*feitlike sonde*' (die sondige daad self) nie, maar ook van '*erfsonde*' (die sondige toestand waarin ons verkeer). Ons het 'n geneigdheid tot sonde, die wortel van al ons dade is bedorwe en daarom neig ons om in alles wat ons doen of dink of sê in die eerste plek net oor onsself begaan te wees. Vir God gaan dit meer oor wie ons is, as wat ons doen.

III. Sonde bestaan, maar kan vergewe word. *"As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onsself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig. Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons van alle ongeregtigheid"* (1 Johannes 1:8-9). Die sonde het nie die laaste woord nie, die vergewende liefde van God het die laaste woord.

IV. Dit is belangrik dat ons meer aan die goeie dink as aan die slegte, meer aan heiligheid as aan sonde, meer aan sukses as aan mislukking. Ons moet ons gedagtes met goeie dinge vul en nie met slegte dinge nie. Salomo sê in sy Spreuke: "*Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe*" (4:23).

## 40. WAT IS 'N GOEIE MENS?

Daar is sewe eienskappe wat van 'n mens 'n goeie mens maak. Ons noem hulle "*deugde*" of "*morele kragte*". Hulle word al duisende jare van een geslag na die volgende oorgedra. Elke Christen behoort al van hulle te gehoor het. Eerstens het jy die vier "*kardinale*" deugde (kardinaal kom van die Latynse woorde *cardo*, wat '*skarnier*' beteken). Die vier kardinale deugde is die deugde waaraan al die ander deugde hang (soos 'n deur aan 'n skarnier hang en nie daarsonder as deur kan funksioneer nie). Met ander woorde, die ander deugde is afhanklik van die kardinale deugde. Hierdie deugde is (sien Wysheid 8:7): (1) Geregtigheid of regverdigheid of eerlikheid; (2) Verstandigheid of wysheid; (3) Standvastigheid oftewel sterkte of moed en (4) Matigheid of selfbeheersing.

Eintlik is geregtigheid die "*Goue Reël*": "*Alles wat julle wil hê dat die mense vir julle moet doen, doen ook so vir hulle*" (Mattheus 7:12). Verstandigheid beteken begrip vir mense en situasies, om te verstaan wat nodig is (Hosea 14:9). Standvastigheid beteken die moed om op te staan vir die goeie en die sterkte om weerstand te bied aan dit wat verkeerd is,

ook al is dit baie moeilik (Efesiërs 6:10-20). En matigheid beteken dat jy jou begeertes en dierlike luste met jou verstand onder beheer hou sodat jy gulsigheid en gierigheid en wellus en selfsug kan oorwin (Galasiërs 5:19-25).

Daar bestaan ook drie "*teologiese*" deugde, naamlik geloof, hoop en liefde (1 Korintiërs 13:13). Wanneer jy dié drie deugde beoefen dan stel jy God in die middelpunt van jou lewe. Hierdie is *vertikale* deugde. Die vier kardinale deugde noem ons *horisontale* deugde. Die teologiese deugde maak dat alles tussen God en ons in orde is, die kardinale deugde sorg daarvoor dat ons met onsself en ons naaste in harmonie verkeer. Geloof beteken om te glo in dit wat God geopenbaar het omdat ons in God glo. Hoop beteken om in God se beloftes te glo – dit is geloof wat toegepas word op die toekoms. en liefde beteken om liefde vanuit jouself te gee, liefde waardeur jy al hoe minder behep raak met jouself.

## 41. Hoe kan ek 'n beter mens word?

Niemand hou van iemand wat oneerlik is, lelike dinge doen, onbeheersd optree, sinies is, of wanhopig of vol met haat nie. Iedereen hou van mense wat eerlik, wys, moedig en braaf, beheers, betroubaar, hoopvol en liefdevol is. Hoe kan 'n mens so iemand word?

Hiervoor is twee dinge van wesenlike belang: Jy en God. Jy kan nie sonder Hom bestaan nie, en Hy wil nie sonder jou bestaan nie. Samewerking met God is dus die metode om 'n beter mens te word. Dit is soos 'n huwelik, beide partye moet

honderd persent van hulleself gee. Dit is nie vyftig-vyftig nie, jy doen die helfte en God doen die ander helfte – so sal dit nooit werk nie. Sonder God kan jy regtig niks doen nie (lees gerus Johannes 15:5) en Hy sal niks sonder jou samewerking doen nie.

Hier volg ‘n paar praktiese hulpmiddels:

I. Vertroue help meer as probeer (Spreuke 3:5-6). Met ander woorde, vertrou meer op God as wat jy self probeer om iets te doen.

II. Dit wat eerste is moet op die eerste plek om, God en die liefde is die belangrikste (Mattheus 22:36-39) en moet dus die eerste plek in alles inneem.

III. Leer om gevoelig te word vir die stem van jou gewete en tree ooreenkomstig dit op sodra jy voel dat jou gewete jou saggies in ‘n sekere rigting stuur. Moenie jouself kans gee om ‘n ander uitkoms te soek nie.

IV. Dra jou gedagtes en aksies op aan God, want al ons aksies kom voort uit ons gedagtes. Die heilige Paulus sê: "*Ook neem ons elke gedagte gevange tot gehoorsaamheid aan Christus*" (2 Korintiërs 10:5).

V. Dit is moeilik om dit alleen te doen. Vriende wat in Christus glo, versterk mekaar. Net soos slegte vriende jou verkeerd kan beïnvloed, so kan goeie vriende jou positief beïnvloed. Moenie ‘n snob wees nie, gaan soek vir jou die

regte vriende. ’n Egte vriend is iemand wat jou help. As jou vriende jou verhouding met God belemmer, is hulle beslis nie egte vriende nie (lees Spreuke 17:17 en 1 Tessalonisense 5:11).

VI. Wees altyd volledig eerlik teenoor jouself en teenoor God (Spreuke 2:6-8). Dit is moeiliker as wat jy dink. Ons is in staat om vir onsself te lieg en ons eie leuens te glo.

VII. En bo alles, bid (Filippense 4:6-7). God is die bron van alle goedheid, en deur te bid beweeg ons al hoe nader aan Hom. Gebede kan die wêreld verander. Gebed kan inderdaad ook jou eie lewe verander.

## 42. Moet ek gehoorsaam wees aan my ouers?

Jy weet mos in jou hart dat dit iets is wat jy moet doen. Ook jou gewete sê dit vir jou. Die vierde gebod leer ons: “*Eer jou vader en jou moeder*” (Exodus 20:12). En Efesiërs sê: “*Kinders, wees in die Here aan julle ouers gehoorsaam, want dit is hoe dit hoort*”.

Paulus beskou ongehoorsaamheid aan die ouers as 'n ernstige sonde. In Romeine 1:28-32 en 2 Timotheüs 3:29, word mense wat ongehoorsaam was aan hul ouers, gereken onder diegene wat hulle teen die ware kennis van God verset.

Dit beteken nie dat jou ouers nooit iets verkeerds doen nie. Hulle is nie onfeilbaar nie. Dikwels maak hulle foute. Soms moet ons ouers ook in hul skuld val en hul foute erken, net soos ons dit ook moet doen. Daar bestaan nou maar eenmaal geen manier om foute en sondes in menslike verhoudings te

vermy nie, maar daar bestaan tog 'n manier om met foute om te gaan, ons noem dit vergifnis. En dit is eintlik tweerigtingverkeer – in elke verhouding moet beide partye bereid wees om mekaar te vergewe.

Dit is om jou ontwil en nie om hulle ontwil nie, dat God jou ouers oor jou aangestel het om jou te help om die kwaad te vermy. Die grootste gedeelte van hulle werk bestaan uit gee (2 Korintiërs 12:14). En dit is nie altyd maklik nie. Selfs al dink jy dat jou ouers nie redelik is nie en te veel van jou vra, moet jy hulle nog steeds gehoorsaam, tensy jy hulle van gedagte kan laat verander (en dit sal jy nie kan doen as jy op hulle skreeu of dikbek rondloop nie). Dink net 'n bietjie daaraan, as jy in elk geval altyd jou eie kop volg en jou nie aan jou ouers steur nie, dan het jy mos ook nie hulle hulp nodig nie.

Die enigste tyd wat jy in alle regverdigheid kan weier om jou ouers te gehoorsaam is as hulle jou sou vra om iets te doen wat jy glo verkeerd is (iets wat teen jou gewete indruis). Dit beteken dat jy vas oortuig moet wees dat dit wat hulle vra om te doen teen God se wet ingaan. In so geval moet jy God gehoorsaam.

En wat van 'n geval waar jou ouers nie met mekaar ooreenstem nie – as hulle jou teenstrydige opdragte gee. Dit is regtig 'n moeilike situasie. Veral waar ouers geskei is en hulle probeer om hul kinders in teenoorgestelde rigtings te trek. Wees maar geduldig en probeer om hulle situasie en verhouding met mekaar te verstaan – maar maklik gaan dit

beslis nie wees nie. Moet ook asseblief nie jouself blameer of dink dat die skuld vir hulle egskeiding by jou lê nie. Dit is byna nooit waar dat kinders die oorsaak van hul ouers se uitmekaar gaan is nie.

En onthou, wanneer jou pa nie meer daar is nie, omdat hy oorlede is of deur 'n egskeiding weggegaan het, dan kan God nog altyd jou vader wees. En wanneer jy nie meer 'n ma het nie, kan God net so goed jou moeder wees. God is die een wat vaders en moeders uitgevind het. Jesus het ons sy eie moeder gegee (sien Johannes 19:26) om ook ons moeder te wees. (Lees gerus die volgende tekste om meer oor respek en gehoorsaamheid uit te vind: Spreuke 1:8-9, 6:20, 13:1 en 15:5. Ook Kolossense 3:20).

## 43. Kan 'n Christen 'n soldaat wees en in die leërmag dien?

Die Bybel of die Kerk gee hierop 'n duidelike antwoord nie. Dit is dus 'n saak vir jou eie gewete. Johannes die Doper, die laaste profeet uit die Ou Testament en die een wat Jesus as die Messias aangewys het, het aan die soldate gesê wat hom om raad kom vra het: "*Moenie geld van mense afpers nie en moet hulle nie vals aankla nie, maar wees tevrede met julle lone*" (Lukas 3:14). Maar hy het nie gesê dat hulle hul werk as soldate moes opgee nie. Aan die ander kant waarsku Jesus dat "*...almal wat die swaard opneem, deur die swaard sal omkom*" (Mattheus 26:52). Wat oorlog betref leer die Katolieke Kerk dat daar wel iets soos 'n regverdige oorlog

bestaan, waar 'n mens toegelaat is om die wapens op te neem teen dit wat boos en verkeerd is. In so geval sal soldaat dus 'n eerbare beroep wees as dit in diens geregtigheid staan. 'n Geregverdigde oorlog is in die eerste plek defensief van aard en nie offensief nie (dus om jouself en jou land te beskerm en nie om 'n ander land in te val nie). Maar die Kerk leer ook dat pasifisme, die weiering om geweld te gebruik, selfs al is dit om jou land te verdedig, 'n eerbare keuse vir 'n Katoliek is: "*Moet niemand kwaad met kwaad vergeld nie, maar rig julle gedagtes op dit wat vir alle mense goed is. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense. Geliefdes, moet julleself nie wreek nie, maar laat ruimte vir die oordeel. Daar staan immers geskryf: 'Aan My kom die wraak toe. Ek sal vergeld,' sê die Here. Maar as jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink. Deur dit te doen, stapel jy vurige kole op sy hoof. Moenie dat die kwaad jou oorwin nie, maar oorwin die kwaad met die goeie.*" (Romeine 12:17-21).

Wanneer jy by die weermag aansluit en soldaat word, moet jy dit vir die regte rede doen, naamlik om die vrede te dien: "*Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word*" (Mattheus 5:9). Dit is die enigste rede wat die bestaan van die weermag regverdig, want oorloë behoort slegs gevoer te word om vrede te bewerkstellig. Dit is dus die doel van oorloë om oorloë te beëindig. Oorlog bly 'n verskriklike en barbaarse ding. Pous Paulus VI het destyds op al die regerings van die wêreld 'n beroep gedoen om alle

oorlogvoering onwettig te verklaar. Wanneer jy dus soldaat word behoort dit jou bedoeling te wees, om te help om oorlog te stop te sit en so belangrik is dit vir jou dat jy selfs bereid om jou eie lewe op die spel te plaas om dié van onskuldige mense te red.

## 44. Wat dink God van selfmoord?

As selfmoord moord is – om jouself te vermoor – dan is dit teenstrydig met wat die Bybel ons leer en dit sal nooit God se Wil wees dat iemand hom- of haarself vermoor nie. Volgens die Bybel moet jy vir jouself lief wees, soos jy vir jou naaste lief is (Levitikus 19:18). Wanneer jy "*jou naaste liefhet soos jy jouself liefhet*" dan beteken dit mos jy moet net soveel van jouself hou as wat jy van jou naaste hou. En jy hou mos nie van iemand as jy hom vermoor nie. As jy jouself om die lewe bring dan beteken dit mos dat jy nie vir jouself lief is nie. Exodus 20:13 verbied moord.

Hoewel selfmoord dus 'n sonde is, kan dit vergewe word. Daarom moet ons nooit wanhopig raak oor die verlossing van iemand wat selfmoord gepleeg het nie. Maar ons moet ook nooit selfmoord ophemel of idealiseer nie. God alleen ken die geestesgesteldheid en sielkundige toestand van iemand wat selfmoord pleeg (net soos Hy die geestesgesteldheid van iedereen ken). God alleen kan oordeel (Hebreërs 4:13).

Mense wat 'n poging aanwend om selfmoord te pleeg is mense wat reddeloos voel – hulle voel oorweldig deur depressie of deur die probleme van hul lewe. Dit is mense wat

hul oë afgewend het van God; Hy wat ons liefhet en ons siel genees. Hulle is mense wat God uit die gesig verloor het. Om weer hoop te kry moet hulle opnuut na God soek (Psalm 34:18). Wanneer jy of iemand wat jy ken selfmoord oorweeg, dan is dit uiters belangrik dat jy hulp gaan soek. God werk dikwels deur mense. Hy kan deur mense werk om jou deur jou moeilike periode heen te help. Wanneer jy met jou priester, of een van jou ouers of 'n onderwyser of vriend praat, kan jy miskien 'n nuwe oplossing vind hoe om met jou probleme te werk te gaan. Hulle steun en bemoediging kan jou weer die moed gee om verder te gaan. Gee mense dus die kans om vir jou lief te wees, want wanneer jy weet dat daar iemand is wat van jou hou, sal jy nie dood wil gaan nie.

## 45. Is dit sonde om ryk te wees?

Nee, dit is nie - onthou, Jesus het self ryk vriende gehad, soos byvoorbeeld Lasarus, wat Hy uit die dood opgewek het. Maar dit is sowel sondig as dwaas om na rykdom te verlang of om jou die heeltyd oor geld te bekommer en bang te wees dat jy nie genoeg geld het nie. Jesus sê dit duidelik in sy beroemde "Bergrede" (sien Mattheus 6:19-34). Hy het dikwels oor geld gepraat en gesê dat jy nie twee base (God én geld) kan dien nie (Mattheus 6:24).

Dit is wel moontlik om ryk te wees en nie aan jou aardse rykdom geheg te wees of 'n slaaf daarvan te wees nie (Timotheüs 6:17-19), maar dit is tog moeilik. Daarom sê Jesus: "*Amen, Ek sê vir julle: 'n Ryke sal moeilik in die koninkryk van die hemele ingaan*" (Mattheus 19:23). Rykdom

bly nou maar eenmaal 'n groot versoeking en dit is geneig om mense van God af weg te trek. En dit is nou maar eenmaal waar dat ryk mense ekstra probleme en ekstra verantwoordelikhede sowel ten opsigte van God as hul naaste het. Daarom is dit dwaas om ryk te wil wees (1 Timotheüs 6:9 -10). Geld maak 'n mens nie gelukkig nie, net soos mag of status 'n mens ook nie gelukkig kan maak nie. Tog kan rykdom en mag tot diens van God aangewend word. Dit is dus nie verkeerd om na rykdom en mag te verlang om daarmee goeie dinge te doen en ander mense te help nie. Maar die waarheid is dat die meeste mense mag en rykdom net vir hulleself begeer.

Die beste wat jy kan doen as jy wel geld het, is om dit weg te gee. En almal van ons besit iets wat veel beter is as geld om weg te gee - naamlik ons liefde. As jy liefde het, is jy ryk. En in teenstelling met geld, word die liefde nie minder wanneer dit weggegee word nie - dit word eerder meer. Iemand sê vir 'n Christen wat sy ryk vader aan die dood moes afstaan: "*Nou is jy ryk met alles wat jy geërf het*!". *"Nee*," antwoord die Christen, *"nou is ek baie arm, want ek het my vader verloor*." So praat 'n wyse mens.

## 46. Is moderne musieksoorte soos *heavy metal/ rock/rap/house* ens. sleg?

Musiek is een van God se grootste gawes aan ons. Musiek kan selfs 'n vorm van gebed wees (Efesiërs 5:19; Kolossense 3:16).

Maar alles wat goed is kan ook verkeerd gebruik word.

Hoewel daar natuurlik niks oor hierdie moderne soorte musiek in die Bybel staan nie, is daar 'n Bybelse beginsel wat gebruik kan word om vas te stel of iets goed of sleg is. En hierdie beginsel wat gebruik kan word om sulke sake te beoordeel is die beginsel van Jesus. In Mattheus 7:16-18 sê Hy: "*Aan hulle vrugte sal julle hulle uitken. Pluk 'n mens miskien druiwe van doringstruike of vye van dissels? Net so dra elke goeie boom goeie vrugte, maar 'n slegte boom dra slegte vrugte. 'n Goeie boom kan nie slegte vrugte dra nie en 'n slegte boom kan nie goeie vrugte dra nie*".

As die resultaat van hierdie soort musiek vir jou blydskap en 'n gesonde leefwyse en gedrag is, dan is dit nie vir jou verkeerd nie. As hierdie musiek jou egter kwaad, aggressief, depressief of opstandig maak of jou wegtrek van 'n gesonde lewe en jou tot dwelms of seks verlei, dan is dit sleg vir jou. Soveel van die popsterre wat hierdie musiek sing val ons Christelike geloof aan of verkondig die gebruik van dwelms, geweld en 'vrye' seks (d.w.s. 'n verslawing aan seks soos aan dwelms). Sommige van hierdie musieksterre is selfs uitgesproke sataniste en moedig die aanbidding van die duiwel aan. Baie boeke doen dit ook, maar dit beteken mos nie dat ons alle boeke moet veroordeel nie. Wanneer jy jouself dus afvra of hierdie soorte musiek sleg is, vra dan om 'n antwoord in gebed. Volg dan jou gewete. Enigiets wat 'n mens nie in gebed voor God kan lê nie, is nie die moeite werd om jou tyd op te vermors nie. Dit behoort die goue reël van jou lewe te wees.

## 47. Is dit sonde om alkohol te gebruik?

Dieselfde beginsels geld by die gebruik van alkohol as by musiek. Ons moet dit aan die gevolge daarvan beoordeel.

Op sigself is alkohol nie sondig nie. 'n Matige gebruik van alkohol is dus ook nie verkeerd nie. Ons weet dat Jesus self wyn gedrink het. En met Jesus se heel eerste wonderwerk het Hy water in wyn verander (Johannes 2). Verder het Hy brood en wyn gebruik in die Eucharistie, die heiligste handeling wat daar op aarde is (Mattheus 26:27-29; Markus 23:25). Die Psalmdigter bid tot God: "*Gras laat U uitspruit vir die vee en plante vir die arbeid van die mens, om graansoorte voort te bring uit die aarde en wyn om die menseharte te verbly...*" (Psalm 104:14-15).

Maar die feit bly staan dat alkoholiese drankies nie altyd ons harte blymaak nie. Alkohol maak miljoene mense diep ongelukkig. Daar is miljoene mense in ons wêreld wat geestelik of liggaamlik verslaaf is aan alkohol. Alkohol is die hoof oorsaak van motor ongelukke, huishoudelike geweld, van egskeiding en dit speel 'n belangrike rol by moord en selfmoord. Hoewel alkohol dus nie op sigself sleg is nie, is tog baie sleg vir baie mense. 'n Goeie lewensreël is dus om liewerste nie te drink nie as om die gevolge van oormatige drankmisbruik te moet dra. Die Bybel bevat talle vermaninge teen dronkenskap en drankmisbruik. Kyk byvoorbeeld na Spreuke 20:1; 23:21; Romeine 13:13; 1 Korintiërs 5:11, 6:9-10; Efesiërs 5:18; 1 Petrus 4:3.

Wees dus versigtig en wanneer jy voel dat jy dalk te veel

drink, kan dit wees dat jy 'n drankprobleem het of besig is om 'n alkohol probleem te ontwikkel. Oorwin liewerste die drank voordat hy jou oorwin! Enige oormatige gebruik van alkohol is 'n teken dat jy nie meer in staat is om jou drank inname te beheer nie. Wees bewus van enige gevaartekens in jou lewe! "*Jou liggaam is die tempel van die Heilige Gees*" (1 Korintiërs 6:19). Enigiets wat jou liggaam skade berokken is verkeerd. Solank as wat dit nie ons gesondheid skaad nie, kan ons al die goeie dinge wat God op hierdie gemaak het geniet.

## 48. Wat dink God van seks?

Let op, hierdie is die regte manier om 'n vraag te stel. Dit moet die norm in ons lewe wees - nie wat ek of my vriende van iets dink nie, maar wat God van iets dink!

God het seks uitgevind. Een van die eerste gebode wat God aan die mense gegee het was: "*Wees vrugbaar en vermeerder*" (Genesis 1:28). As ons dus agter die kap van die byl wil kom oor wat seks nou eintlik is en hoe ons dit moet gebruik, dan moet ons regtig meer luister na die uitvinder daarvan.

I. In die eerste plek is seksualiteit nie iets wat jy doen nie, maar iets wat jy is. Jou seksualiteit, of jy man of vrou is, is deur God aan jou gegee (Genesis 1:27). Dit is 'n eienskap van jou persoon en nie maar net iets wat jy met jou geslagsorgane doen nie. Jy is 'n man of 'n vrou. Jy hoef nie seks te hê om volwaardig seksueel of kompleet te wees nie. Jesus was volwaardig seksueel en kompleet sonder om seks te hê. So ook, sy moeder, die Maagd Maria.

II. Seks is nie iets wat jy moet gaan 'kry' nie. Dit is iets wat jy bedoel is om te gee (sien Hooglied 7:11-13). Totale seks is totale oorgawe. Dit is egter onmoontlik om jouself volledig en met totale oorgawe aan meer as een persoon te géé. Wanneer jy die mees perfekte, mees totale en mees genotvolle seks wat daar is wil hê, dan wil jy eintlik net een persoon hê om dit mee te deel, iemand wat trou sal wees aan jou en aan wie jy jouself geheel en al in die huwelik kan gee (Spreuke 5:15).

Die huwelik maak van seks iets persoonliks. Seks met verskillende mense, seks met wisselende verhoudings, beteken onpersoonlike seks. Dan is die persoon met wie jy seks het net 'n gebruiksmiddel om jou seksuele begeertes te bevredig. Dan is dit nie iets persoonliks en vervullend nie. Dan is jou seksmaats net gebruiksvoorwerpe vir jou. In die huwelik is jou lewensmaat jou doel en dit maak van die seks iets liefdevol en vervullend, dan speel seks 'n positiewe rol wat jou liefde en lewe versterk en verdiep.

III. Een van die mees opmerklike gevolge van seksuele omgang is natuurlik die kry van kinders (Genesis 1:28). Hoewel seks plesierig kan wees is dit nie die enigste doel daarvan nie - God het met opset seks so ontwerp dat baba ‘s daardeur ontstaan. Ons kan egter God se skeppingswerk vernietig deur hierdie twee aspekte van seks (kinders én plesier), wat op natuurlike wyse saamgaan, kunsmatig van mekaar te skei. Een manier is om op wetenskaplike wyse baba ‘s in die baarmoeder te kweek sonder dat daar enige seks was. Die ander manier is om deur voorbehoedmiddels seks te hê

sonder die moontlikheid om daardeur 'n baba te verwek. Hierdie twee onnatuurlike maniere van seks vernietig God se skeppingswerk.

Die doel van voorbehoedmiddels (soos die pil, kondome ens.) is om seksuele genot te hê sonder die kans op swangerskap. Daarom word dit dan ook geboortebeperking genoem alhoewel dit in feite eintlik geboortevoorkoming is. Om voorbehoedmiddels te gebruik is soos die antieke Romeinse gebruik om jouself te ooreet en dan te gaan braak, sodat jy weer verder kan eet. Daardeur bring jy 'n skeiding tussen voedsel as iets lekkers en voedsel as voedingsmiddel. Net so skei voorbehoedmiddels die genot, tydens seks, van die natuurlike bedoeling daarvan, naamlik die kry van kinders.

Die Rooms-Katolieke Kerk het nog altyd die gebruik van kunsmatige voorbehoedmiddels veroordeel as onnatuurlik en verkeerd. Die feit dat baie Katolieke daarvan gebruik maak, beteken beslis nie dat dit reg is nie. Daar is soveel verkeerde dinge in ons wêreld wat baie populêr is (trots, hebsug, egoïsme), maar dit beteken beslis nie dat dit reg is omdat soveel mense dit doen nie.

IV. Die seksuele liefde tussen mense, wat gekies het om hulleself in die huwelik volledig aan mekaar te gee, is een van die mees fantastiese ervarings in die menslike lewe (Spreuke 5:18-19). Die feit dat ons moderne samelewing so behep is met seks, is 'n teken dat mense wanhopig op soek is na die vreugde van seks, iets wat hulle weet bestaan, maar wat hulle

net nie kan vind nie. Die rede hoekom hulle nie hierdie vreugde vind nie, is omdat hulle op die verkeerde plek daarna soek, by onnatuurlike seks, soos (1) by blote liggaamlike seks - seks as iets wat jy doen en nie wat jy is nie; of (2) by egoïstiese seks - seks as iets wat jy wil hê of kry en nie iets wat jy wil gee nie; (3) by gedeelde seks, waar jy seks met verskillende mense het sonder om jouself ooit totaal aan een te gee; (4) by kunsmatige onvrugbare seks met voorbehoedmiddels in plaas van vrugbare seks.

Ons lewe nou maar eenmaal in 'n samelewing waar dinge gebruik en weggegooi word - hierdie verbruikersmentaliteit oorheers alles, iets is net nuttig vir 'n rukkie en dan word dit weggegooi. Hoe verskriklik wanneer ons begin om mense so te misbruik! God se plan is altyd wyser en liefdevoller as ons planne. Wie God se plan volg sal werklike en blywende vreugde ontdek.

Seks is beslis nie belangrikste ding in ons samelewing nie, ten spyte van die feit dat die media soveel sensasionele waarde daaraan heg. Daar is geen onderwerp in ons wêreld waar die wysheid van God en dit wat die wêreld as 'wysheid' beskou so duidelik van mekaar verskil nie. Ons moderne mense se idee van seks en opvatting rondom seks is baie verkeerd. As die wêreld se siening reg was, dan moes die wêreld teen dié tyd al lankal ware vreugde en vervulling bereik het en nie so naarstiglik en wanhopig na seksuele geluk soek nie. Die wêreld is juis behep met seks omdat die wêreldse beskouing van seks nie tot vervulling en vreugde lei nie. Die Bybel is die enigste wat die regte antwoord het.

## 49. Wat is God se mening oor egskeiding?

Hier het ons weer die regte manier van vra. Want wat God van ons dink is belangriker as wat ons van God dink. Wat God dink is altyd die waarheid terwyl ons idee 's en opvattings beslis nie altyd waar is nie. As ons altyd met dié vraag begin: Wat God van iets dink, dan sal ons eie manier van dink ook sommer reg wees.

Jesus het God se plan met die huwelik baie duidelik verwoord. Die huwelik is bedoel om lewenslank te wees. Dus geen egskeiding nie (sien Mattheus 5:31-32; 19:1-12; Markus 10:11-12; Lukas 16:18).

Maar wat is dan die opsies wanneer 'n Katolieke huwelik misluk: (1) Om met iemand buite die kerk te trou word as owerspel beskou; (2) om te skei en nie weer te trou nie (tragies maar toelaatbaar); (3) hoe moeilik dit ook al is, maar om te probeer om die huwelik te red is verreweg die beste opsie. (Onthou: 'n Nietigverklaring van die huwelik deur die Kerk is nie 'n egskeiding nie, maar 'n verklaring dat 'n ware huwelik eintlik nooit plaasgevind het nie. 'n Mens kan nie 'n nietigverklaring bekom net om julle nie meer lief is vir mekaar nie).

Ons is almal goed bekend met die tragiese feit van egskeiding. Dit is uiters belangrik dat ons altyd medelye betoon en vergewensgesind is teenoor hulle wat deur die pyn van 'n egskeiding is. Tog kan egskeiding nooit goed gepraat word

nie. Die totale verbod op egskeiding, soos die Kerk is ons leer, kom voort uit diep medelye. En dit kan nie as wreed beskou word nie - Katolieke wat gehoorsaam is aan die leer van die Kerk verkry juis daardeur 'n lewenslange waarborg op hul huwelik.

Vandag word daar groot druk op die Rooms-Katolieke Kerk uitgeoefen om haar leerstellinge rondom die huwelik te verander en by die idee 's van ons moderne samelewing aan te pas Dit kan die Kerk egter nooit doen nie. Om so 'n wrede ding te doen deur dit wat Jesus ons geleer het te verander, sou beslis nie van barmhartigheid getuig nie. Die Kerk beskik ook nie oor die reg om dit wat Jesus Christus, haar Here, geleer het te verander nie, aan Hom moet sy getrou bly, hoe sterk die druk ook al is om 'n kompromis met die wêreld aan te gaan. Dit wat die Kerk ons leer is nie iets wat sy self uitgedink het nie, maar presies dit Christus wat ons kom leer het. Die Kerk kan wel reëls verander, wat sy self opgestel het, soos byvoorbeeld sake rondom vas, en of priesters kan trou of nie en watter feesdae as verpligte feesdae gevier moet word. Wanneer ons dus moet kies om die Kerk te gehoorsaam of nie, is ons eintlik besig om te kies of ons Christus moet gehoorsaam of nie. Jesus het aan sy dissipels gesê: "*Wie na julle luister, luister na My, en wie julle verwerp, verwerp My. En wie My verwerp, verwerp Hom wat My gestuur het.*" (Lukas 10:16).

'n Egskeiding is baie komplekse affêre. Hoe kan die Katolieke Kerk dan so eenvoudig en absoluut, so swart-wit, so voor of

teen wees by 'n situasie wat ver van eenvoudig is? Die antwoord is dat die Kerk haar beginsels en norme nie van die spesifieke situasie of van die wêreld kry nie, maar van God, wat ewig en absoluut is. Die Kerk het net nie die gesag om die Here tereg te wys of te verbeter nie.

## 50. Is homoseksualiteit 'n sonde?

Eerstens sou dit verkeerd wees om te dink dat mense met homoseksuele neigings groter sondaars as onsself is. In Romeine hoofstuk 1, noem die heilige Paulus sekere sondes op waaraan die mens homself skuldig maak. In die volgende hoofstuk waarsku hy ons om ander nie te veroordeel nie, want ons is almal sondaars. "*Daarom is jy, o mens, wat oordeel, wie jy ook al is, sonder verontskuldiging. Met die oordeel wat jy oor die ander persoon uitspreek, veroordeel jy immers jouself, omdat jy wat oordeel, dieselfde doen*" (Romeine 2:1). Ons moet 'n afkeer aan die sonde hê - ons moet die sonde haat - maar vir die sondaar moet ons lief wees, net soos God ons liefhet.

Die Katolieke Kerk tref 'n onderskeid tussen twee verskillende aspekte van homoseksualiteit. Homoseksuele neigings is op sigself geen sonde nie (solank as wat 'n mens nie daaraan toegee of daaroor fantaseer nie). Die homoseksuele neiging, 'n seksuele verlange na mense van die eie geslag is oor die algemeen 'n sielkundige afwyking. In soverre as wat dit nie vrywillig gekies is nie, is dit dus nie op sigself nie sonde nie. Mense met sulke gevoelens kan hulleself nie maar net sommer so verander nie, ook al wil hulle hoe graag, en daarom is dit

verkeerd om op hulle neer te sien of hulle as gevolg van hul gevoelens as sondaars te beskou.

Die Bybel maak dit vanaf die begin tot einde egter duidelik dat homoseksuele gedrag verkeerd is en teen die Wil van God indruis (Genesis 19:4-8; 24-25; Levitikus 18:22, 20, 13; Romeine 1:24, 26-27; 1 Korintiërs 6:0). God het ons geskape om ons seksuele vervulling te vind by iemand van die teenoorgestelde geslag en nie by iemand van dieselfde geslag nie. Wetenskaplik is daar geen enkele duidelike bewys vir liggaamlike of genetiese oorsake van homoseksualiteit nie, ook al beweer baie mense vandag dat dit so is en hulle die indruk probeer skep dat daar dus twee soorte seksualiteit is wat heeltemal gelykwaardig sou wees sodat homoseksuele mense dus die reg sou hê op alles waarop heteroseksuele mense die reg het (onder andere selfs die huwelik met iemand wat hul seksuele voorkeur deel). Moreel is dit alles onwaar en sowel biologies as sielkundig volkome ongegrond.

Ongeag die oorsake van homoseksuele gevoelens dwing God niemand tot aktiewe homoseksuele gedrag nie. Die werk van God bestaan altyd in die bevryding van mense van allerlei soorte kwaad, liggaamlik, sielkundig, moreel en geestelik. Toe Jesus op aarde geleef het, het Hy God se natuur (Wie God is) aan ons openbaar soos niemand anders dit ooit sal kan doen nie. As jy wil weet hoe God is, moet jy na Jesus kyk. Hy het gesê: "*Wie My gesien het, het die Vader gesien*?" (Johannes 14:9). En hoe het Jesus daar uitgesien, wat het Hy gedoen? Hy het die siekes genees, allerhande soorte siektes het Hy genees.

Hy het liggaamlike siektes soos blindheid genees, asook geestelike siektes soos versteurdheid en skuld. Ook het Hy die siekte van die siel genees, dit wat ons die sonde noem.

As jy homoseksuele verlangens het, weet dan dat Jesus hierom nie minder van jou hou nie en dat Hy jou wil help. "*Dit is Hy wat al jou misstappe vergewe, wat al jou kwale genees*" (Psalm 103:3). Maar om hulp te kry moet ons drie dinge doen. Eerstens moet ons gehelp wil word. Soos Jesus gesê het: "*Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes*" (Lukas 5:31). Tweedens moet ons glo dat Hy ons kan help om af te sien van homoseksuele aksies en moet ons Hom vertrou, want "*vir God is alles moontlik*" (Mattheus 19:26).. (Sien ook Markus 9:22-24). En derdens moet ons Hom om hulp vra: "*Vra, en vir julle sal gegee word...*" (Mattheus 7:7).

Dikwels probeer homoseksuele om hul gedrag te regverdig. As jy regtig glo dat die Bybel die Woord van God is, dan is so iets egter nie moontlik nie. Die Bybel leer ons baie duidelik dat alle homoseksuele aksies verkeerd is - dus sal jy óf al die Bybelse tekste wat dit afkeur moet afwys óf die een of ander verwronge verklaring daarvoor moet soek. Heteroseksuele mense kan dalk in die lokval trap deur homoseksuele te veroordeel omdat die Bybel dan so duidelik is dat sulke dade verkeerd is, en tog doen hulle baiekeer presies dieselfde want die Bybel is net so duidelik oor seks buite die huwelik. Dit is maar al te gemaklik om iets waarvoor ons 'n sterk begeerte het te probeer rasionaliseer of regverdig. Hartstog verblind die verstand en lei tot 'n sterk vooroordeel ten gunste van dit wat ons begeer.

Mense met homoseksuele gevoelens vind dit dalk moeilik om weerstand te bied teen verleidings en aan die propaganda wat hulle aanspoor om homoseksuele dade te pleeg. In puberteit en soms nog 'n bietjie later kan 'n mens homoseksuele gevoelens van 'n tydelike aard ervaar. Dit sou verkeerd wees om die etiket van 'gay' om jou nek te hang, asof jou drange jou persoonlikheid bepaal en iets permanent of wesenlik is soos die kleur van jou oë. Soos met alle drange en neigings is dit wel moeilik om daarteen te veg. Dit gaan beteken dat jy nie aan fantasieë en selfbevrediging moet toegee nie; en dat jy sal werk aan die ontwikkeling van jou algehele karakter en probeer om 'n ryper mens te word (homoseksuele neigings het met sielkundige onvolwassenheid te make) en jou morele deugde te versterk.

Dit is die beste om hierby gereeld steun en hulp te soek van iemand wat jou geestelik kan begelei. Jy het iemand nodig aan wie jy jou hart kan oopmaak en wat jou sal help om 'n godsdienstige en morele lewe te lei, sowel as die ontwikkeling van jou karakter. In talle lande bestaan daar goeie Katolieke organisasies wat mense met homoseksuele neigings bystaan. Soek of daar iets soortgelyks naby jou bestaan. Kry ook vir jou 'n betroubare geestelike begeleier wat jou persoonlik kan afrig hoe om dié neigings te beheer. Wat die sielkundige agtergronde van homoseksualiteit betref kan jy inligting vind op 'n paar goeie webwerwe (een van die beste is NARTH in die VSA - National Association for Research and Therapy of Homosexuality).

## 51. Is wellus sondig?

Jesus sê dit is: "*Maar Ek sê vir julle, elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg.*" (Mattheus 5:27). Baie mense is 'n bietjie onseker oor wat die woord wellus nou presies beteken en wat dit alles inhou. Hulle dink dat dit oor 'n sterk seksuele begeerte of hartstogtelike verlange gaan. En aangesien sulke gevoelens natuurlik en normaal is, dink hulle dat die Christendom iets wat natuurlik en normaal is as sondig veroordeel. Maar wellus beteken beslis nie gewone seksuele begeertes nie – dit dui op die opsetlike aanwakker van jou seksuele gevoelens vir 'n vrou of man met wie jy nie getroud is nie. Of om opsetlik in jou gedagtes met hom of haar owerspel te pleeg. (Lees gerus die verhaal van Dawid en Batseba in 2 Samuel 11 of die verhaal van die verkragting van Dina deur Sigem in Genesis 34).

Ons word tereg geprys of berispe op grond van die goeie of slegte dinge wat ons vrywillig kies, en nie op grond van gevoelens en instinkte wat buite ons wil is en sommer ongevraagd opborrel nie. Wanneer jy byvoorbeeld 'n baie aantreklike persoon van die teenoorgestelde geslag sien, is dit normaal dat jou hart miskien 'n bietjie vinniger sal klop, maar dit is beslis nie wellus nie. Maar as jy dan verder oor die persoon begin fantaseer en allerhande seksuele begeertes met die persoon in jou kop uitspeel, dan het ons met wellus te make. Wellus kan ook tot uiting kom in seksuele selfbevrediging (masturbasie), wat beslis nie gesonde seks is soos God dit bedoel het nie.

Hoewel wellus 'n sonde is, is dit egter nie die ergste soort sonde nie. Dit beteken nie dat ons dit kan goed praat of as geen sonde afskryf nie. Maar ons moet ook nie gaan staan en maak asof dit die ergste sonde in die wêreld is nie. Die kille opsetlike geestelike sondes soos jaloesie, haat, wrok, hebsug, hoogmoed en arrogansie is beslis baie erger. Dus is jy nie 'n vreeslike persoon as jy met begeertes worstel nie, jy is maar net 'n gewone sondaar. Talle van die groot heiliges, soos Augustinus, het op hierdie gebied met allerhande obsessies geworstel. Die beste manier om sulke verlangens te oorwin is om te probeer om jou gedagtes op iets anders te fokus (In die Brief aan die Filippense 4 en 8 staan daar 'n lys van goeie dinge om aan te dink). Onthou net, daar is beslis baie meer in die lewe as seks.

## 52. Hoe kan ek my seksuele gevoelens beheer?

Luister na God se antwoord op hierdie vraag. Dit kom op die volgende neer: Onthou wie jy is, 'n kind van God en dink aan die prys want God vir jou betaal het, die bloed van sy Seun. "*Vlug weg van onsedelikheid! Elke sonde wat 'n mens doen, is buite sy liggaam, maar iemand wat onsedelik optree, sondig teen sy eie liggaam. Of weet julle dan nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan met julle liggaam.*" (1 Korintiërs 6:18-20).

Hier is 'n bietjie praktiese raad:

I. ‘n Mens kan nie die begeertes wat ongevraagd by jou opkom onderdruk nie. Maar jy kan wel besluit wat jy met dié begeertes gaan maak. Begeertes is soos rou materiaal. Jy kan toelaat dat dit rou en onbeheersd bly en dan gaan dit nie veel vir jou beteken nie (dit kan eintlik jou lewe skade berokken), of jy kan dit vat en daarmee op die regte manier werk om ‘n kunswerk van jou lewe te maak (2 Timotheüs 2:22).

II. Seks is beslis nie die allerbelangrikste ding in die lewe nie, en seksuele genot is ook nie die grootste genot nie en seksuele sonde is nie die grootste sonde wat daar is nie. Baie mense glo hierdie drie mites en dit lei tot ‘n ongesonde obsessie met seks wat eintlik belaglik is.

III. Ons huidige samelewing het ‘n groter obsessie met seks as enige ander samelewing in die geskiedenis. Moenie dat dit jou intimideer of onder druk plaas nie. Groepsdruk is moeilik en hoewel ons nie meer in ‘n Christelike gemeenskap lewe nie, beskik ons oor normes en waardes wat ons geloof ons leer en nie onderhewig is aan wat die res van die gemeenskap glo of doen nie. Ons volg ’n ander Leidsman.

IV. Ons huidige wêreld wil hê dat ons gedurig seksueel geprikkel word sodat ons nog meer dinge sal koop. Seks het ‘n advertensie foefie geword en ‘n verslaafde bied geen weerstand aan sulke verkoopsdruk nie.

V. ‘n Bietjie humor kan baie help om dié lawwe obsessie te verdryf. In die films en media word seks dikwels as ‘n vreeslike ernstige saak aangebied, asof dit sielsbelangrik is vir

jou welsyn en geluk. Moenie dié propaganda ernstig opneem nie, lag dit sommer af!

VI. As ons ons begeertes en verlangens die basis van ons lewe wil maak, óf dit nou seksuele of ander verlangens is, moet ons begin waar dié begeertes begin, naamlik in ons gedagtes. *"Saai 'n gedagte, oes 'n daad. Saai 'n daad, oes 'n gewoonte. Saai 'n gewoonte, oes 'n karakter. Saai 'n karakter, oes 'n bestemming*". Ons moet leer om ons gedagtes aan Christus toe te vertrou en nie aan wilde gevaarlike begeertes nie (lees gerus 2 Korintiërs 10:5).

VII. Ons moet klem lê op die positiewe en nie die negatiewe nie. Dit moet ons ideaal wees om 'n suiwer, vrye, brawe en eerlike kind van God te wees. Ons moet dié ideaal leer nastrewe.

VIII. Ons is so bevoorreg om die Sakrament van Boete en Versoening (die Bieg) tot ons beskikking te hê om vergifnis te kry wanneer dinge skeef loop in ons lewe. Hoe meer ons worstel en val, hoe meer het ons dié sakrament nodig. Onthou Jesus het gekom om ons in mislukkinge te help – Hy het nie vir ons suksesse gekom nie. Dokter Jesus kom vir die siekes, nie die gesondes nie (Lukas 5:30-32). Boetedoening is medisyne!

IX. Wanneer 'n mens eensaam voel is dit baie moeiliker om weerstand te bied teen seksuele versoekinge. Daarom is dit so belangrik om die heeltyd bewus te wees van Jesus se nabyheid (Mattheus 28:20). Jy moet gewoontes aanleer wat jou die

heeltyd daaraan sal herinner dat Jesus by jou is. Daarom is dit so belangrik dat die Heilige Eucharistie die middelpunt van jou lewe moet wees. Christus se lig gee vir ons krag in elke moontlike situasie. Hy is die Lig wat die duisternis verdryf. Hoe nader jy aan Hom leef, hoe meer lig sal daar in jou lewe wees. Hoe meer jy jou rug op Hom draai, of van Hom probeer wegloop, hoe meer donkerte sal daar in jou lewe wees.

X. Menslike vriende kan vir jou ‘n steun of ‘n las wees. Hulle kan jou óf bemoedig óf jou in versoeking lei. Wees seker dat jou vriende egte vriende is, vriende wat jou ondersteun en nie net misbruik nie (Hebreërs 10:24-25).

XI. Lees elke dag iets uit die Woord van God. Die Bybel is nie net sommer maar ‘n boek nie, dit openbaar aan ons God se krag (Romeine 1:16). Deur sy Woord ontmoet God jou en gee Hy jou krag. Beskou die lees van die Bybel as gebed.

## 53. Is aborsie altyd verkeerd?

Die Katolieke Kerk het nog altyd geleer dat aborsie dieselfde is as moord, die doodmaak van ‘n onskuldige menslike lewe. ‘n Ongebore baba is uiteraard onskuldig en hy of sy is ‘n menslike wese, en nie ‘n ‘*dit*’ of ‘n ‘*ding*’ nie. Aborsie beteken om ‘n mens dood te maak. Om aborsie dus ‘*swangerskap onderbreking*’ te noem is eenvoudig oneerlik en leuenagtige taalgebruik.

Moord kan nooit goed wees of goed gepraat word nie, maak nie saak wat die samelewing of huidige kultuur ook al toelaat, of wat die omstandighede ook al mag wees nie – moord bly altyd verkeerd. Iemand wat 'n aborsie oorweeg verkeer waarskynlik in 'n uiters moeilike situasie en vir so 'n persoon kan die alternatief tot aborsie baie swaar voorkom – nege maande lank 'n ongewenste swangerskap en dan nog 'n kind grootmaak. Miskien is daar druk van alle kante om die aborsie te ondergaan. In ons land, net soos in baie ander lande, is aborsie wettig en word dit dus geregtelik nie as 'n misdaad beskou nie. Maar wetgewers is beslis nie onfeilbaar nie (vorige wetgewers in ons land het *apartheid* nie as 'n misdaad beskou nie!). God is wel onfeilbaar. En God maak dit duidelik: "*Jy mag nie moord pleeg nie*" (Exodus 20:13).

Die Kerk is beslis nie hardvogtig, streng en ongevoelig omdat sy aborsie verbied nie. Inteendeel, die Kerk is vriendelik, vol medelye en vol liefde wanneer sy ons leer dat aborsie absoluut verkeerd is. Jesus het altyd die kant van die swakke gekies – Hy was altyd begaan oor die onderdrukte, die arme en die weerlose. En niemand is weerloser en swakker as 'n ongebore baba nie.

Vanaf die oomblik van bevrugting is elke baba 'n afsonderlike en duidelike menslike individu, met sy of haar eie genetiese kode, wat bepaal watter geslag, oogkleur, karakter, liggaamsbou en baie ander kenmerke die persoon het. Daar bestaan geen duidelike skeiding vanaf die oomblik van bevrugting nie, daar is slegs sprake van 'n geleidelike groei. Jy

word nie eers ‘n menslike wese op die oomblik dat jou naelstring geknip word of op die oomblik dat jou hofie eerste uit jou moeder se liggaam kom nie, of eers drie of vier maande ná bevrugting nie. Jy was vanaf die begin alreeds ‘n mensie. Vanaf bevrugting. Dit is 'n wetenskaplike feit. Net soos ‘n babavlieg vanaf die bevrugting ‘n vlieg is, so is ‘n babamens ‘n mens vanaf die oomblik van bevrugting. Jy begin nie jou lewe as ‘n vis of aap of die een of ander gewas nie, jy begin jou lewe as ‘n mens.

God het ons na sy beeld en gelykenis geskep, met ‘n siel (Genesis 1:27; 2:17). Daarom is die menslike lewe heilig. En daarom is moord ook verkeerd. Daar is blykbaar baie mense in ons moderne samelewing wat dit nie meer glo nie. In plaas van ‘n etiek van die “*heiligheid van die lewe*” glo hulle in ‘n sogenaamde etiek van die “*kwaliteit van die lewe*”. Dit beteken dat jy net ‘n mens is met menseregte, inklusief die reg op lewe en die reg om nie gedood te word nie, as die kwaliteit van jou lewe hoog genoeg is (en wie besluit wat hoog genoeg is?). Byvoorbeeld wanneer is jou IK hoog genoeg en wanneer is jy nie te ernstig gestrem nie? Niks staan verder af van Jesus se beskouing van die lewe as dié houding nie.

Heilige Moeder Theresa van Kalkutta het by geleentheid gesê dat aborsie ‘n dubbele moord is, die dood van die baba se liggaam en die dood van die moeder se gewete. Vrouens wat aborsie gepleeg het, gaan jarelank daarna nog gebuk onder ernstige skuldgevoelens.

Wat sou jy van iemand dink wat sy lieflingskat of -hond sommer net doodmaak omdat hy of sy nie meer die dier wil hê nie, in plaas daarvan om die dier aan iemand anders te gee wat wel die dier wil hê en die dier graag wil versorg? Daar is duisende egpare wat nie in staat is om kinders te kry nie en baie graag een sou wou aanneem. Gewoonlik moet hulle jarelank wag om 'n kind te kan aanneem, omdat daar so min kinders is wat aangeneem kan word, terwyl miljoene aborsies gepleeg word. Om jou kind vir aanneming aan liefdevolle pleegouers toe te vertrou is 'n veel beter oplossing vir 'n ongewenste swangerskap as om die onskuldige kindjie dood te maak.

Aanneming help om 'n kind aan die lewe te hou. 'n Moeder wat haar ongewenste kind laat aanneem het sit ook nie met dieselfde verskriklike gewetenskwellings as een wat haar kind laat aborteer het nie. Deur 'n kind te laat aanneem deur ouers wat hom of haar graag wil hê, word die diepste verlangens van 'n kinderlose egpaar verwerklik en kry die kind 'n gelukkige tuiste.

## 54. Wat moet ek sê wanneer ander mense my geloof kritiseer?

As Katolieke het ons die opdrag van die heilige Petrus gekry: *"Wees altyd gereed om 'n antwoord te gee aan elkeen wat van julle 'n verduideliking eis oor die hoop wat in julle lewe. Maar doen dit met beskeidenheid en met eerbied vir God. Sorg dat julle gewete skoon bly, sodat dié wat julle oor julle*

*goeie lewenswandel in Christus belaster, daaroor skaam kan kry dat hulle kwaad van julle gepraat het."* (1 Petrus 3:15-16).

God het ons nie nodig nie. Hy kan die harte van mense, dié wat nog nie glo nie, direk aanraak en bewerk. Maar Hy verkies gewoonlik om liewer indirek te werk, deur ons. Hy werk deur mense. Ons, die Kerk, is die Liggaam van Christus – ons is Christus se hande, voete en mond (1 Korintiërs 12:12-31).

Die laaste vrae in hierdie boek handel alles oor argumente wat ons kan gebruik om die redelikheid van ons geloof aan te toon. Hieronder volg sewe voorstelle van hoe ons, oor die algemeen, die beste antwoord kan gee. Ten slotte volg daar vrae oor meer spesifieke onderwerpe.

I. 'n Mens kan niks bereik tensy albei partye hulle tot die waarheid en eerlikheid verbind het nie. Die enigste egte rede waarom iemand iets gaan glo is omdat dit die waarheid is. Wanneer die een party in die waarheid glo en die ander nie, kan daar geen ware dialoog plaasvind nie.

II. Wanneer jy nie in 'n gees van liefde met jou naaste kan praat nie, is dit beter om glad nie met mekaar te praat nie. God self sê: "*Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here*" (Jesaja 1:18). Argumente waar die een wen en die ander verloor is gedoem tot mislukking, want selfs al sou jy die argument wen, verloor jy die ander persoon, en dit is juis die ander persoon en nie die argument nie, wat jy mos wil wen (I Korintiërs 9:19-22).

III. Mense luister alleenlik na iemand wat self in staat is om te luister. Laat die ander een toe om sy of haar argumente vir sy of haar geloof te gee. Luister opreg. Stel vrae. Wees in die eerste plek die student en laat die ander een toe om onderwyser te wees. Kyk dan na wat die swakte is in sy of haar geloof en stel vrae daaroor. Toon belangstelling in die geloof van die ander een en dan sal hy of sy ook begin om belangstelling in jou geloof te toon. Lees gerus in Handelinge 17:16-34 hoe Paulus hierdie metode gebruik.

IV. Jou argumente om te glo hoef geen wetenskaplike bewyse te wees nie. Wanneer ons met mense te doen het en rede het om die mense te vertrou is wetenskaplike bewyse eintlik nie nodig nie, net 'n mooi en eerlike gesprekvoering. 'n Mens het eintlik net wetenskaplike bewyse nodig vir dinge in die natuur – vir alles wat in die skepping is. God is nie deel van die natuur of die skepping nie. Hy is die Een wat die natuur en die skepping gemaak het (Genesis 1:1-2.4).

V. Moenie op jou eie slimheid staatmaak nie, vertrou liewerste op God. "*As die Here die huis nie bou nie, tevergeefs werk dié wat daaraan bou*" (Psalm 127:1). Dié waarheid geld net soveel vir bousels van steen as bousels van idees (argumente). Al wat ons eintlik kan doen is om die regte gereedskap vir God te wees. Hy bewerk die harte van mense. Ons kan niemand bekeer nie, net God kan dit doen. Maar ons kan wel die saad vir God saai sodat Hyself die saad kan laat groei.

VI. Moenie bang wees om 'n gesprek met 'n ongelowige aan te knoop nie, al kom hy of sy ook baie slimmer as jy voor. Jy het iets onoorwinlik aan jou kant, die waarheid. Daar bestaan geen geldige argumente teen die Katolieke geloof nie. Daar kan nooit egte teenspraak tussen geloof en verstand, of tussen geloof en wetenskap, of tussen geloof en logiese denke wees nie. Die hele waarheid is God se waarheid en God kan Homself nie weerspreek nie.

VII. Onthou dat mense gewoonlik meer deur hul hart as hul verstand aangeraak word.

Wys hulle die God van liefde en hulle sal in Hom glo. Dit is veral deur onbegrip of angs dat mense ongelowig is of word. Hulle sien God as 'n soort hemelse bankbestuurder of boekhouer of polisieman. Die wêreld is bekeer deur twaalf plaasjapies wat vir God aan die wêreld deurgegee het. Mens hoef nie eers die bestaan van God te bewys en dan die Godheid van Christus en dan die goddelike gesag van die Kerk nie. Dis eintlik andersom. In die eerste instansie ontmoet mense Christene en hul Kerk en dan kom hulle reaksie: "*Wat hierdie mense het, wil ek ook hê*." Christene antwoord hierop: "*Dit is Jesus*". Wanneer mense vir Christus deur Christene leer ken, leer hulle ook vir God ken deur Christus. So gebeur dit nog steeds. Dit is fantasties om die geloof met ander te kan deel. Geloof bring vreugde en vrede en dit word verdubbel wanneer dit met iemand anders gedeel word. Daar is maar een manier om die geloof te deel en dit is deur eerlike gesprekvoering.

## 55. Hoe weet ek dat God regtig bestaan?

Hoe antwoord jy daarop wanneer iemand jou vra waarom jy in God glo? Hier volg tien goeie redes om in God te glo.

I. *Die Argument van die Eerste Oorsaak*. Die heelal is die resultaat van 'n reeks oorsake, soos 'n enorm gekompliseerde ry domino blokkies wat op mekaar val en so 'n kettingreaksie veroorsaak. Maar daar moet iemand wees om die eerste blokkie te laat kantel, anders sal daar niks gebeur nie. As daar geen Eerste Oorsaak is nie, sal daar ook geen tweede of derde of vierde oorsaak ensovoorts wees nie. Die meeste wetenskaplikes glo dat ons heelal nie altyd bestaan het nie. Vyftien miljard gelede het deur heelal ontstaan deur 'n astronomiese ontploffing wat die "*Oerknal*" of "*Big Bang*" genoem word.

Dit kon nie vanself gebeur het nie. So groot ontploffing het iets of iemand nodig gehad om dit te veroorsaak. Die Bybel gebruik die argument van die *Eerste Oorsaak*. Romeine 1:20 sê: "*Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God aflei dat sy krag ewigdurend is en dat Hy waarlik God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie. Vir hierdie mense is daar dus geen verontskuldiging nie*". Paulus veroordeel die afgodedienaars omdat hulle "*In die plek van die heerlikheid van die onverganklike God stel hulle beelde wat lyk soos 'n verganklike mens of soos voëls of diere en slange*" (Romeine 1:23). Al hierdie skepsels bestaan net omdat hulle deur die

Skepper gemaak is. Mense behoort dus beter te weet as om hul geloof in dinge te plaas wat deur Iemand anders geskep is.

II. *Die Argument van Ontwerp*. Hierdie argument gaan 'n bietjie verder as die eerste argument. Die heelal het nie net 'n oorsaak nie, maar die skepping impliseer duidelik 'n intelligente en doelgerigte Ontwerper. Wanneer jy op 'n onbewoonde eiland 'n kliphuis sou vind, sou jy dit mos nie as iets toevallig beskou nie. Jy sou mos aanvaar dat dit deur iemand intelligent ontwerp is. Jy sou tot die slotsom kom dat die huis deur 'n mens gebou is en toevallig deur die werking van die wind ontstaan het nie. Die heelal is geweldig meer kompleks as elke afsonderlike deel daarvan. Die Gees, wat die heelal gemaak het, moet oneindig veel slimmer wees as enige mens. Ons kan mooi kunsvoorwerpe maak, maar beslis nie die heelal nie. Op 'n dag was 'n ongelowige aan die stry met 'n gelowige en het die ongelowige aangevoer dat die heelal uitsluitlik deur toeval ontstaan het. Later kom dié twee in 'n kunswinkel en bewonder die ongelowige 'n baie mooi skildery. Die ongelowige vra toe: "*Wie het dit geskilder?*" "*Heel duidelik niemand*" antwoord die gelowige, "*dit het toevallig ontstaan*".

In die Bybel getuig die ordening van die heelal van die bestaan van God (Psalm 19:1-6). *"Hy het dit tog bekend gemaak dat dit Hy is wat die goeie dinge gee. Hy het vir julle reën van die hemel af gegee en gereelde oeste; Hy het julle volop kos gegee en julle gelukkig gemaak"* (Handelinge 14: 17).

III. Die Argument van Wonderwerke. Alleen 'n bonatuurlike wese met bonatuurlike krag, kan 'n bonatuurlike handeling verrig, 'n wonderwerk. In Bybelse tye *"het God dit verder bevestig deur tekens en wonders en allerhande kragtige dade en deur gawes van die Heilige Gees wat uitgedeel is soos Hy dit goedgevind het"* (Hebreërs 2:4). Daar is oorvloedige bewyse dat daar werklik wonderwerke plaasvind, nie net in die tyd van die Bybel nie, maar deur die hele geskiedenis heen en selfs vandag nog, vir almal wat daarvoor ontvanklik is (sien Vraag 56).

IV. *Die Argument van die Gewete*. Iedereen weet dat jy altyd jou eie gewete moet volg, wat ook al gebeur. Selfs nie-gelowiges het 'n gewete (Romeine 2:14-15). En die gewete spreek met 'n absolute gesag. Dit is nie sommer maar soos die spelreëls van die een of ander speletjie nie. Waar kom hierdie absolute gesag vandaan? Daar is niks in ons mense wat eintlik absoluut is nie, hoe sou ons dus die skepper van ons eie gewete kon wees? Die samelewing bestaan maar uit skepsels net soos ons. Selfs al sou ons die biljoene "outoriteitjies" saamvoeg, sal daar nog steeds geen algemeen gesag wees wat vir almal geld nie. Slegs 'n absolute wil kan die absolute outoriteit van die gewete verklaar.

Daarom is die gewete die stem van God.

V. *Die Argument van Gevolge*. Die gevolge van ons geloof in God is hoop, vreugde en 'n lewe vol betekenis "*'n Rede om te lewe en 'n rede om te sterwe*". Die gevolge van om nie te

glo nie is uiteindelik leegte en wanhoop. "*Dwase maak hulleself wys: Daar is geen God nie*". (Psalm 14:1; 53:1).

VI. *Die Argument van Liefde*. Liefde is die grootste wonder wat daar bestaan. Hoe sou 'n ontwikkelde aap die edelmoedige idee kry dat dit goed sal om homself uit liefde op te offer? Die menslike liefde is die gevolg van die feit dat ons na die beeltenis van God geskape is – ons trek op God (Genesis 1:26-27; Jakobus 3:9), Hy wat self Liefde is (1 Johannes 4:8). As ons na die beeltenis van King Kong gemaak is in plaas van God, waar kom al die heiliges dan vandaan?

VII. *Die Argument van die Geskiedenis*. Enige intelligente student van die geskiedenis sal die hand van God se Voorsienigheid daarin raaksien. 'n Mens dit in die geskiedenis van Israel in die Ou Testament, en miskien kan dit ook in jou eie geskiedenis raaksien. (Hierdie is nie sommer 'n argument nie, maar eerder 'n bewuswording of uitnodiging om dit te gaan ondersoek).

VIII. *Die Argument van Ondervinding*. As jy oor 'n eerlike en wetenskaplike ingesteldheid beskik wat vir alles oop is, dan moet jy mos in alle eerlikheid elke teorie toets. 'n Eerlike toets van die "teorie" van God is gebed. As jy dus wil weet of God wel bestaan of nie, gaan dan in die middel van die nag na buite, kyk op na die Hemel en sê: "*God, ek weet nie of U wel bestaan nie, maar ek wil graag weet. As U werklik bestaan en lief is vir my en wil hê dat ek U moet ken, dan is ek bereid om oop te wees vir U, oop te wees vir die waarheid. Laat my*

*asseblief weet of U werklik bestaan, op u eie manier en op die oomblik dat U wil*'. Geen enkele opregte persoon kan beswaar hê teen so 'n eksperiment nie. Wanneer iemand hierdie gebed opreg uitspreek sal hy beslis nie meer lank 'n ateïs kan wees nie. Hierdie feit word deur God self gewaarborg: "*Elkeen wat soek sal vind*" (Mattheus 7:8). Die beste argument wat jy aan nie-gelowiges kan gee is om hulle uit te daag om self na God te gaan soek.

IX. *Die Argument van Skoonheid*. Ek ken drie eks-ateïste wat my onafhanklik van mekaar vertel het dat die musiek van Johan Sebastiaan Bach die belangrikste rede was waardeur hulle uiteindelik tot geloof in God gekom het. "Die feit dat Bach bestaan het, bewys dat God bestaan." (Dit is iets wat jy óf kan insien óf nie kan insien nie).

X. Die beste argument vir die bestaan van God is Jesus. "In die ou tyd het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete, maar in hierdie eindtyd het Hy met ons gepraat deur die Seun." (Hebreërs 1:1-2). Ontmoet Hom. Lees die Evangelies. Dan sal jy God leer ken: *"Wie My gesien het, het die Vader gesien"*, sê Jesus (Johannes 14:9). Jesus is die deursigtige venster waardeur jy die Vader kan sien. Almal wat nog ooit die moeite gedoen het om die Evangelies te lees, kom diep onder die indruk wat Jesus op 'n mens maak. As God nie bestaan nie, dan was Jesus sekerlik die grootste gek wat ooit op aarde geleef het, want niemand het ooit sy lewe so vasgeklem aan God soos Jesus nie.

Jesus se dissipels het argumente gegee vir hul geloof (sien Handelinge 19:8), maar op nog veel effektiewer wyse het hulle ook getuienis afgelê van hul geloof (sien Handelinge 2:32). Hul antwoord en ook die antwoord van die Kerk op die vraag: "*Hoe weet jy dat God regtig bestaan?*" is: "*Ek het Hom ontmoet en daarom getuig ek van Hom*".

Soms sê God: "*Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak*" (Jesaja 1:18), maar soms sê Hy maar net: "*Kom saam, dan sal julle sien*" (Johannes 1:39).

## 56. Is dit moontlik om slegs in Christelike waardes te glo sonder om in wonderwerke te glo?

Al die belangrikste gebeurtenisse in die Bybel is eintlik wonderwerke. Die skepping, God se uitverkiesing van sy volk deur Abraham, die uittog uit Egipte (Exodus), die instelling van die Wet (die Tien Gebooie), die profete, die maagdelike geboorte en menswording van Jesus, die lewe van Jesus wat vol wonderwerke was, sy Opstanding uit die dood en Hemelvaart, die koms van die Heilige Gees met Pinkster en die Wederkoms van Jesus aan die einde van die wêreld.

Sonder dié wonders sou ons 'n ander godsdiens gehad het. Sonder die skepping byvoorbeeld, sou ons bly vassteek het in die ou bygeloof van die gnostisisme (die gnostici het gedink dat materie die oorsaak was van alle kwaad, daarom het hulle ontken dat God materie gemaak het). Sonder die Opstanding uit die dood is die Christendom 'n leuen. Soos Paulus dit gesê het: "*Boonop word ons as valse getuies vir God bevind,*

*omdat ons teen God getuig het dat Hy Christus opgewek het – vir wie Hy dan nié opgewek het as dit so is dat dooies nie opgewek kan word nie. Want as dooies nie opgewek word nie, is Christus ook nie opgewek nie. En as Christus nie opgewek is nie, is julle geloof vergeefs en is julle steeds in julle sondes. Dan is ook diegene wat in Christus ontslaap het, verlore. Indien ons hoop slegs vir hierdie lewe op Christus gevestig is, is ons die bejammerenswaardigste van alle mense.*" (1 Korintiërs 15:15-19).

Jesus se lewe word deur Petrus in Handelinge 10:38 as volg saamgevat: "*Hy het die land deurreis, goed gedoen ...*". Wat was die "*goeie dinge*" wat Hy gedoen het? Hy was glad nie by politiek betrokke nie. Hy het geen skole of hospitale op die been gebring nie. Hy het geen oorlog teen die Romeine gevoer om die Jode te bevry nie. As 'n mens sy wonderwerke weglaat, watter goeie dinge het Hy nou eintlik gedoen?

Jesus self wys na sy wonderwerke as rede om in Hom te glo.

Toe Johannes die Doper in die gevangenis hoor van Christus se werke, stuur hy 'n boodskap aan Jesus met sy dissipels om Hom te vra: "*Is U die Een wat sou kom, of moet ons iemand anders verwag?" Jesus het hulle geantwoord: "gaan vertel vir Johannes wat julle hoor en sien: "Blindes sien weer en verlamdes loop, melaatses word gereinig, dowes hoor, dooies word opgewek en aan die armes word die goeie boodskap verkondig*" (Mattheus 11:2-5).

Jesus nooi ons uit om in Hom te glo "*op grond van die werke self*" (Johannes 14:11). Die geskiedenis van die Kerk is vol wonderwerke, veral in die lewens van die heiliges. Baie van hierdie wonderwerke is heel noukeurig en met wetenskaplike presiesheid ondersoek. Die Kerk verklaar nooit iemand heilig sonder dat wonderwerke, op voorspraak van hierdie heilige, bewys kan word nie. En onder diegene wat die moontlike wonderwerke ondersoek is daar ook talle ongelowiges. Duisende sorgvuldig gedokumenteerde en bewese wonderwerke het al plaasgevind in Lourdes en Fatima, bedevaartsoorde, waar die Heilige Maagd Maria in die openbaar verskyn het. In Fatima het 70 000 mense die wonder gesien van die son wat in die Hemel dans. In Italië leef 'n vrou sonder pupille in haar oë, en tog kan sy sien. Sy is deur Padre Pio genees, wat honderde wonderbaarlike genesings gedoen het. Elkeen kan hierdie wonder aanskou en baie ander ook, soos die bloed van die heilige Januarius wat, hoewel honderde jare oud, elke jaar vloeibaar word voor die oë van almal wat daarvoor oop is.

Ondersoekers sonder enige bevooroordeling, wat daarvoor oop is, raak byna altyd van die wonderwerke oortuig. Slegs hulle wat hardnekkig vasklou aan hul vooroordeel dat wonderwerke nie kan bestaan nie, bly weier om in wonderwerke te glo ondanks alle wetenskaplike bewyse. Dit was dieselfde in Jesus se tyd. Indien jy eenvoudig weier om te glo sal selfs 'n wonderwerk jou nie oortuig nie. Lees die verhaal van Jesus oor die ryk en arm man in Lukas 16:19-31.

Jesus waarsku daar dat mense, wie se selfgenoegsame lewenstyl deur 'n godvrugtige geloof bedreig sou word, "*nie oortuig sal word nie, selfs al sou iemand uit die dood opstaan*".

## 57. HOE PAS GELOOF, WETENSKAP EN WONDERWERKE BYMEKAAR?

In die verlede het sommige Christene die wetenskap veroordeel omdat hulle bang was dat dit op die een of ander manier hul geloof sou kon bedreig. Hierdie houding is heeltemal verkeerd. Sommige wetenskaplike ontdekkings, in bepaalde vakrigtings, het wel enkele misplaaste veronderstellings van sommige godsdienste weerlê. Byvoorbeeld, die ontdekking dat weerlig veroorsaak word deur elektriese ontlading, weerspreek die geloof van die antieke Grieke dat 'n god met die naam Zeus bliksemstrale maak en na die aarde toe slinger as hy kwaad is. Maar geen ontdekking, in watter wetenskaplike vakgebied ook al, het nog ooit enige leerstelling van die Christendom verkeerd bewys nie. Elke nuwe feit oor God se wêreld, wat deur die wetenskap aan die lig gebring word, gee ons nuwe begrip van God se wysheid en word 'n nuwe rede om Hom te prys en lief te hê. Die psalmdigter sê: *"Die hemele basuin God se heerlikheid uit, die uitspansel verkondig die werk van sy hande*" (Psalm 19:2). Sint Paulus sê dat God geken kan word deur die wêreld wat Hy geskep het, "*Wat 'n mens van God kan weet, was immers binne hulle bereik gebring. Van die skepping van die wêreld af kan 'n mens uit die werke van God duidelik aflei dat sy krag ewigdurend s en dat Hy waarlik*

*God is, hoewel dit dinge is wat 'n mens nie met die oog kan sien nie*" (Romeine 1:19-20, NV).

Natuurlik kan die wetenskap misbruik word. Dit is nou maar so dat enigiets misbruik kan word. Maar moenie jouself deur ateïste laat intimideer wat beweer dat die wetenskap bewys dat God nie bestaan nie. Dit is dieselfde as om te beweer dat die bestudering van Shakespeare se toneelstukke bewys dat Shakespeare nie bestaan het nie. As God nie bestaan nie, sou daar geen wetenskap wees nie, omdat daar geen wêreld sou wees om deur die wetenskap te leer ken nie.

So weerspreek die wetenskap ook nie geloof in wonderwerke nie. Die wetenskap bestudeer hoe allerlei dinge in die wêreld normaalweg werk en formuleer dan wette om hierdie werkinge te beskryf. Wonderwerke is uitsonderings op hierdie wette, maar is juis gegrond in die feit dat hierdie wette bestaan. As daar geen wetenskaplike wette bestaan het nie, sou dit mos nonsens gewees om iets 'n wonderwerk te noem.

Uitsonderings op 'n wet bewys nie dat hierdie wet nie bestaan nie. Veronderstel die president verleen aan 'n misdadiger kwytskelding van sy straf. Dit maak mos nie die uitspraak van die geregshof ongeldig nie, dit beteken net dat die president iets van buite af daaraan toegevoeg het. Die uitsprake van die geregshof kan vergelyk word met die wette van die wetenskap en die presidensiële grasie wat aan 'n misdadiger verleen kan word met 'n wonderwerk.

Veronderstel dat jou werkgewer jou, bo en behalwe jou

salaris, met Kersfees ‘n bonus gee. Dit maak mos nie julle werkskontrak waarin jou presiese maandelikse salaris aangedui word, ongeldig nie. Dit voeg iets daaraan toe en dit is presies wat ‘n wonderwerk doen.

As ‘n kunstenaar of musikus sy kunswerk maak, doen hy dit gewoonlik volgens bepaalde artistieke wette. Maar af en toe sal hy ‘n uitsondering maak. ‘n Skrywer kan byvoorbeeld sy hoofpersoon anoniem laat, ‘n skilder kan sand op sy verfdoek aanbring, en ‘n komponis kan, slegs vir hierdie een simfonie, ‘n nuwe instrument by die simfonie orkes toevoeg. Die kunstenaar doen dit vir ‘n goeie rede, dit is nie net sommer ‘n willekeurige besluit nie. So is dit ook met God. Elke wonderwerk wat Hy bewerkstellig, het ‘n spesifieke doel en leer ons iets. In die Nuwe Testament beteken die woord wat in Grieks vir “wonderwerk’ gebruik word “teken”. ‘n Teken verwys na iets. Dit is nie willekeurig en irrasioneel nie. Dit het ‘n betekenis.

As daar ‘n God is, kan daar ook wonderwerke gebeur. As daar geen God was, sou daar ook geen wonderwerke gebeur het nie, omdat daar niemand sou wees met die bonatuurlike krag wat nodig is vir wonderwerke om te gebeur nie.

God het die wêreld volgens ‘n intelligente plan geskep. Daarom is wetenskap moontlik. Dit is geen toeval dat wetenskap in die Weste ontstaan het, waar mense in die leer van die Skepping geglo het, en nie in die Ooste, waar mense nie in die Skeppingsleer geglo het nie. Die meeste

wetenskaplikes in die geskiedenis is Jode, Christene en Moslems, omdat hierdie drie godsdienste glo dat die wêreld geskape is, en dus volgens 'n vernuftige plan en ordening werk. Wetenskap en geloof is bondgenote, nie vyande nie.

## 58. Kan die evolusieleer met die Bybel versoen word?

Die Bybel is in die eerste plek 'n boek oor God en die mense. Daaruit leer ons wie God is en wie ons is. Ons leer dat God ons liefhet en hoe ons houding teenoor Hom moet wees. In hierdie opsig is die Bybel dus 'n boek wat oor godsdiens en moraliteit handel en geen wetenskaplike handboek oor die geskiedenis van die natuur nie. Dus moet ons in die Bybel God se boodskap soek vir die wêreld wat Hy geskep het, maar beslis nie enige wetenskaplike details oor die skeppingsproses nie.

Die boek Genesis gee die volgende teologiese basiswaarhede: die bestaan van God wat alle dinge geskep het, die skepping van die mens as beeld en gelykenis van God en die feit dat God nie verantwoordelik is vir die boosheid wat daar in die wêreld te vinde is nie. Genesis leer ons egter nie presies hoe God die wêreld geskep het nie.

Die evolusieleer beweer dat laer vorms van lewe 'n reeks veranderinge ondergaan het wat uiteindelik gelei het tot die ontstaan van die mens. Omdat dit 'n wetenskaplike teorie is beteken dit dat dit iets is wat dalk in die toekoms bewys of weerlê kan word. Maar selfs as daar onweerlegbare

wetenskaplike bewys daarvoor gevind sou word, bly dit nog steeds waar wat Genesis sê: "*God het alles geskape en Hy het die mens na sy beeld en gelykenis geskep*".

Die professionele, wetenskaplike ondersoek van 'n antropoloog weerspreek geensins die professionele, wetenskaplike werk van die teoloog nie, solank as wat ons twee dinge in gedagte hou: 1) die menslike siel is regstreeks deur God geskape en evolueer nie uit 'n laer vorm van lewe nie; 2) alle mense, na Adam en Eva, het uit die eerste ouers voortgekom.

Teologie en natuurwetenskap is twee verskillende takke van wetenskap, elk met sy eie metodes. Ons moet die verskille in gedagte hou, as ons die oorsprong van die aarde en die mens, volgens die natuurwetenskap en volgens die Bybel, probeer vergelyk.

Vir verdere inligting sien die Kategismus van die Katolieke Kerk, nr. 282-299. Relevante ensiklieke is *Divino Afflante Spiritu*, 1943, en *Humani Generis*, 1950, beide geskryf deur pous Paulus VI.

## 59. KON JESUS NIE DALK MAAR NET *'N GOEIE MENS* GEWEES HET NIE?

Dit is juis die een onmoontlike ding wat Hy nie kon gewees het nie. 'n Mens wat daarop aanspraak maak om God te wees, is geen goeie mens nie. Hy is of baie sleg of hy is werklik God.

As Hy geweet het dat Hy nie God was nie en tog wou gehad het dat ons Hom sou aanbid, dan was Hy regtig boosaardig, ‘n leuenaar en godslasteraar. As Hy gedink het dat Hy God was, maar dit nie was nie, dan was Hy kranksinnig. Jesus kan dus net “Here, leuenaar of gek” wees.

Maar niemand wat die Evangelie lees en die karakter van Jesus leer ken, dink dat Hy ‘n leuenaar of gek, boosaardig of kranksinnig is nie. Almal wat die Evangelie lees gee toe dat Hy ‘n goeie mens was. Nie alleen goed op morele gebied nie, maar ook betroubaar. Hy was geen dwaas, bedrieër of veragtelike figuur nie. Hy was ongelooflik verstandig. Hy het oor die vermoë beskik om tot in die harte van mense kyk (Markus 2:6-8).

As Hy so verstandig was, dan kan ons mos sy woorde vertrou. En wat Hy gesê het is dat Hy God is (Johannes 5:17-18). Daarom is Hy gekruisig (Johannes 19:5-7). Die enigste eerlike alternatief is om Hom te aanbid. As Hy nie God was nie, sou Hy die grootste leuenaar en godslasteraar in die geskiedenis gewees het.

Toe God sy eie naam aan Moses bekend gemaak het in die brandende braambos (Exodus 3:14), was die naam *“EK IS”*. Niemand kan dié naam uitspreek sonder om werklik dié Een te wees nie. Dit is geen gewone naam soos Jan of Pieter, wat jy kan uitspreek en iemand anders daarmee bedoel nie. As jy sê “EK IS”, bedoel jy jouself.

Daarom dat geen Jood ooit hierdie woord uitspreek nie. Dit sou godslastering beteken, want dit sou beteken dat jy jouself as God beskou. En Christus het dié woord met opset uitgespreek en daarmee uitdruklik daarop aanspraak gemaak dat Hy God is. Lees Johannes 8:48-59 vir die mees verbysterende woorde wat nog ooit oor menslike lippe gekom het.

Hoekom sou mense dus sê dat Jesus 'n goeie mens was, maar nie God nie? Miskien omdat hulle Hom nie wil volg nie; hulle verkies maar om hul eie wil te volg. Hulle stel dalk net in Hom belang as iemand van wie se lewe hulle dalk hier en daar ietsie kan leer, soos 'n boek wat op 'n boekerak staan, die lewensverhaal van 'n beroemde leermeester of ghoeroe wat ons kan bestudeer, maar beslis nie die lewende God aan Wie ons ons lewens toewy nie.

Meer oor wie Jesus is, kan jy lees in Mattheus 18:18-20; Johannes 1:1-2; 2 Korintiërs 5:21; Kolossense 1:15-19,2, 8-10; 1 Timotheüs 2:5; Hebreërs 1:8. Selfs die skrywers van die Ou Testament wys ons vooruit wie Jesus sou wees. Lees Psalm 2:7 en Jesaja 53:11.

## 60. Het Jesus letterlik uit die dood opgestaan?

Daar is mense, selfs enkele teoloë, wat beweer dat Jesus nie letterlik uit die dood opgestaan het nie. Hulle sê dat ons nie ons aandag op die liggaamlike Opstanding van die dooie liggaam van Jesus moet fokus nie, omdat dit kwansuis te grof, te ru, te fisiek sou wees. Hulle sê dat wat eintlik saak maak is

die geestelike betekenis van die Opstanding, die "opstanding van die Paasgeloof" in die harte van Jesus se volgelinge.

Hierdie siening is pure onsin. Die dood is 'n growwe, ruwe en fisieke probleem. En dit vra om 'n growwe, ruwe en fisieke oplossing. Die probleem van die dood kan nie deur 'n opstanding van "*spirituele geloof in die hart*" opgelos word nie, slegs deur die opstanding van die fisieke liggaam.

Die vroegste Geloofsbelydenis, die "Apostoliese Geloofsbelydenis", bevat as een van die twaalf fundamentele geloofswaarhede "*die wederopstanding van die vlees*". Die idee dat as jy sterf dit net jou siel is wat voortleef is geen Christelike opvatting nie, dit stam af van die heidense Griekse filosowe.

God skep ons as eenheid van liggaam en gees (Genesis 2:7). Hy het Adam en Eva gewaarsku dat die gevolge van die sonde die liggaamlike dood sou wees (Genesis 2:17). Sonde is die geestelike dood van die siel, die skeiding van God, Hy wat die bron is van die lewe van die siel. Die geestelike dood van die siel besmet uiteraard ook die liggaam, want die liggaam en siel is één. " Want die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23). Jesus los beide probleme terselfdertyd op toe Hy uit die dood verrys. Hy los die probleem van die sonde op, deur aan die Kruis ons sondes op Hom te neem. Hy los die probleem van die dood op deur uit die dood op te staan. Dit is die boodskap van die Nuwe Testament, wat soveel keer herhaal word. (Sien Johannes 11:25-26 en Johannes 14:19 vir voorbeelde).

As die Opstanding van Jesus slegs 'n mite is, dan is die Christendom 'n leuen. Alles wat die Apostels ons leer het die Opstanding as middelpunt. Die Blye Boodskap of die Evangelie waaroor die wêreld so geesdriftig raak, was nie "*jy moet jou naaste liefhê*" nie.

Dit was goed, maar dis nie nuus nie. Die "*goeie nuus*" van die Christendom is juis die feit dat Jesus uit die dood opgestaan het. Daardeur bewys Hy sy eie goddelikheid asook ons verlossing (1 Korintiërs 15). Die Kerk is in feite die gemeenskap van diegene wat oor die Opgestane Christus getuig. Die Kerk sit eintlik die werk van die eerste Apostels voort, deur hierdie "*goeie nuus*" aan die wêreld te verkondig. Om die waarheid te sê, die enigste rede hoekom ons van hierdie "*goeie nuus*' weet is omdat die Kerk haar werk al tweeduisend jaar lank bly doen.

Daar is 'n baie goeie rede om in die Opstanding te glo. As Jesus nie werklik uit die dood opgestaan het nie, dan is dit alles mos 'n leuen. Dan was dit ook die mees suksesvolle leuen in die geskiedenis van die mensdom. Miljoene mense het hul lewens gebaseer op die Opstanding. Wie het dan hierdie leuen uitgedink? 'n Leuen moet, net soos die waarheid, êrens 'n oorsprong hê. Dit moes dan Jesus se dissipels gewees het wat dié leuen versin het, of die vroeë Christelike gemeenskap. Wat kon hul motief gewees het om so verhaal te versin en te versprei? Wat sou dit hulle baat?

Ek sal julle vertel wat hul loon was. Omdat hulle in Jesus se Opstanding geglo het, is hulle deur hul vriende en familie

gehaat en beskimp en het mense gedink dat hulle gek was. Hul sosiale status, hul politieke mag en hul besittings is van hulle weggeneem. Hulle is in die gevangenis gewerp, gegesel, onthoof, gekruisig, in olie verbrand, aan die leeus gevoer, deur gladiatore in die Romeinse arena afgeslag, in stukke gesaag en met knuppels doodgeslaan (Handelinge 5:38-40; 7:54-60; 8:1-3). As die wonder van die Opstanding nie werklik plaasgevind het nie, dan het daar sekerlik nog ‘n ongelooflike wonder gebeur. Dat twaalf Joodse mans ‘n ongeloofwaardige verhaal versin het en bereid was om daarvoor te sterf, net soos miljoene ander. Hierdie “leuen” het lewens verander, harde kriminele sagmoedig gemaak, en lafaards in helde omskep, wanhopiges met hoop en vreugde vervul en mense ‘n rede gegee om te lewe en te sterwe en martelare die dood met ‘n lofgesang op hul lippe tegemoet laat gaan – alles dan eintlik sonder enige rede en slegs vir ‘n fantastiese grap, vir ‘n mite. Ja, daardie verhaal is inderdaad ‘n fantasie. Daardie verhaal is ‘n mite, beslis nie die Christendom nie.

## 61. Hoe kan ek weet dat daar lewe ná die dood is?

Jesus verseker ons dat dit so is en bewys dit deur self uit die dood op te staan – Hy wys ons die Opstanding.

As daar geen lewe ná die dood is nie, dan is God of swak of liefdeloos. Of te swak om die dood vir ons te verslaan of te liefdeloos omdat Hy ons dan nie genoeg liefhet om ons te laat lewe nie.

As daar geen lewe nie die dood is nie, dan is alles wat Jesus geleer het 'n leuen omdat Hy gedurig besig was om oor die lewe ná die dood te praat, "*die Koninkryk van die Hemel*", Hemel en Hel.

As daar geen lewe ná die dood was nie, dan is die lewe 'n wrede grap.

As daar geen lewe ná die dood is nie, dan is ons slegs slim diere wat wel 'n liggaam en brein het, maar geen siel nie.

As Daar geen lewe ná die dood is nie, dan het ons geen hoop om God ooit van aangesig tot aangesig te sien, en te deel in die ewige vreugde of ons afgestorwe geliefdes weer te sien nie.

As daar geen lewe ná die dood is nie, dan is die lewe vóór die dood goedkoop, soos 'n swangerskap wat nie in 'n geboorte eindig nie. 'n Swanger vrou wat met die hoop lewe dat haar baba lewendig gebore sal word, gaan mos haarself goed versorg ter wille van die baba se lewe. Maar as sy weet dat die baba dood gebore gaan word, sal dit mos nie meer iets kosbaars vir haar wees nie. Hierdie lewe is soos om onsself in die moederskoot te bevind en dan is die dood asof ons gebore word.

"*Maar nou, Christus is opgewek uit die dood, as eersteling uit dié wat gesterf het*" (1 Korintiërs 15:20, NV). Lees gerus dié hele pragtige hoofstuk, 1 Korintiërs 15. Dit sluit af met die volgende verwysing na die lewe ná die dood: "*Daarom, liewe broers, wees standvastig, onwankelbaar, altyd oorvloedig in*

*die werk van die Heer, omdat julle weet dat julle inspanning in diens van die Here nie tevergeefs is nie*" (1 Korintiërs 15:58). Die skrywer van die Boek Prediker, 'n filosofiese boek uit die Ou Testament het nie in die lewe ná die dood geglo nie (Sien Prediker 3:19-22). Die gevolg hiervan was dat hy 'n baie pessimistiese uitkyk op die lewe gehad het en die lewe gesien het as alles wat maar net tot niks kom, alles is ydelheid (Prediker 1:2). Lees gerus hierdie hele swaarmoedige boek deur om te sien hoe geweldig groot die wete van die lewe ná die dood op ons huidige lewe het en hoe somber en pessimisties die lewe is as ons nie glo in die lewe ná die dood nie. 'n Tweede outeur antwoord die skrywer van Prediker in die laaste twee verse van die boek (Prediker 12:13-14), waarin beskryf word dat die lewe wel sin het omdat ons ná die dood deur God veroordeel word: "*Die slotsom van alles wat jy gehoor het,, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed is of kwaad*". Ons sal eendag vir God ontmoet. Ons durf nie hierdie wonderbaarlike en ontsagwekkende waarheid ontken nie, anders word ons lewens goedkoop en sonder betekenis.

## 62. Soos wat lyk die Hemel?

Span jou verbeelding en dink aan die mooiste Hemel wat jy jou kan voorstel. Probeer dan nog verder dink tot in die oneindigheid.

*"Wat die oog nie gesien het, die oor nie gehoor het en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, dit het God voorberei vir diegene wat Hom liefhet"* (1 Korintiërs 2:9). Die wese en essensie van die Hemel is die aanwesigheid van God, die bron van alle blydskap en liefde. Elke klein bietjie vreugde wat ons ooit op aarde beleef het, is soos 'n sonstraal van God. In die Hemel sal die vreugde by die bron ervaar.

Miskien is jy bang dat jy die Hemel vervelig sal vind, omdat jy dalk in jou gedagtes die beeld het van donsige wit wolke en engeltjies wat rondsweef en harp speel. Dit is beslis nie die Bybelse beeld van die Hemel nie. Niemand sal ooit in die Hemel verveeld kan wees nie. En as jy dalk iemand is wat verveeld raak in 'n kerkdiens, moenie bang wees nie. Daar is geen kerkdienste in die Hemel nie. Johannes het 'n visioen van die Hemel gehad en hy beskryf dit in die Boek Openbaring: "*'n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en die Lam*" (Openbaring 21:22).

Die woorde wat die Bybel oor die Hemel gebruik is vol poëtiese simbole omdat die Hemel soveel wonderliker is as die aarde. Daarom dat aardse woorde nie eintlik die Hemelse kan uitdruk en weergee nie, net so min as wat woorde in staat is om musiek te beskryf of kleure aan 'n blinde kan probeer verduidelik. Openbaring 21 en 22 beskryf die Nuwe Jerusalem as 'n stad wat skitter soos 'n kosbare edelgesteente, helder soos kristal. Haar stadsmuur is gemaak van jaspis en haar fondamente met kosbare edelstene versier. Haar twaalf

poorte is gemaak van pêrels en haar strate suiwer goud. Die glorie van God verlig dié stad en niks onreins word daarbinne aangetref nie. Die rivier met die water van die lewe stroom uit God se troon en aan elke kant van die rivier staan 'n lewensboom, waarvan die blare genesing bring vir die nasies. Wat die Hemel ook al is, dit is die plan wat God vir ons gemaak het. God is geweldig wys en goed en liefdevol en Hy is vol verrassings.

## 63. Bestaan daar werklik 'n Hel?

Jesus het gesê dat daar 'n Hel is en wie het groter gesag op dié gebied as Hy? Jesus het meer oor die Hel gepraat as enigiemand anders in die hele Bybel. Nie omdat Hy dit geniet het om mense bang te praat nie, maar omdat Hy so lief was vir mense en Hy hulle van die Hel wou red. As daar slaggate in 'n pad is dan is dit mos 'n daad van liefde om waarskuwing tekens by die slaggate te gaan plaas. Dit is presies wat die Bybel dan ook doen. Net 'n dwaas sal nie op God se waarskuwings ag slaan nie. En om God te ignoreer net omdat ander dwase in die samelewing dit doen is sekerlik die toppunt van dwaasheid. Jesus het die Hel beskryf as 'n "*vuur*" (Markus 9: 47-48). Dit is geen aardse vuur nie, net so min as wat die Hel 'n aardse plek is. Die vuur van die Hel kan nie geblus word nie, beslis nie met 'n brandblusser nie en ook kan jy nie soontoe ry met 'n brandweerwa nie. Vuur vernietig dinge. Die Hel is 'n plek waar diegene wat eens op 'n tyd mens was, met 'n individuele siel, m.a.w. 'n egte persoon, vernietig word. Die Hel is veel erger as enige aaklige aardse

martelkamer. In ‘n martelkamer kan jy hoogstens jou innerlike vrede, jou vreugde en jou gesondheid verloor. In die Hel verloor jy jou eie ek, jou siel.

In die Hel verloor jy God. God is nie maar net een van die bronne van vreugde, geluk, lig, lewe en betekenis vir ons lewe nie. Hy is die enigste bron van alles, want Hy alleen het alles wat goed is geskep. Die Hel is die ergste tragedie van die lewe. Jesus red ons van hierdie tragedie. Om nie sy gawe van verlossing aan te neem nie, is die domste ding wat ‘n mens kan doen. En dit is ook die laatste ding wat jy sal doen.

Jesus is die ark van Noag, wat ons beskerm teen die vloed van die Hel. Jesus is die bloed van die paaslam, wat ons teen die doodsengel beskerm (Exodus 12). Jesus is die “*lewegewende water*” (Johannes 4:10-14; 7:37-39), wat die vuur van die Hel uitdoof. Die naam Jesus beteken “*Redder*”. Dit is sy opdrag. Daarom het Hy aarde toe gekom om te sterwe, om ons te red van die sonde, dood en Hel. Dit mag ouderwets klink, maar dit is die hart van die Christendom, van dit wat Jesus ons geleer het. As Jesus ons nie van iets kom red wat ewig is nie, dan is Hy mos nie ons ewige Verlosser nie.

## 64. Wat wil God die meeste van ons hê?

Hierdie vraag word al in die Bybel gestel? En dieselfde antwoord wat tweeduisend jaar gelede gegee is, is vandag nog geldig. Dit is wat die heilige Markus neergeskryf het: “*Een van die skrifkenners wat hulle hoor redeneer het, het nader gekom. Toe hy sien dat Jesus hulle goed geantwoord het, vra*

*hy Hom: "Watter gebod is die belangrikste van almal?" Jesus het geantwoord: "Die eerste is, 'Luister Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag'. Die tweede is dit, 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' Geen ander gebod is groter as dié nie."*

Die skrifkenner het vir Hom gesê: *"Uitstekend, Meester, dit is waar wat u sê, dat 'Hy Een is en dat daar geen ander is as Hy nie'. Om Hom lief te hê met jou hele hart, jou hele verstand en met al jou krag, en jou naaste lief te hê soos jouself', is belangriker as al die brandoffers en diereoffers." Toe Jesus sien dat verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: "Jy is nie ver van die koninkryk van God nie."* (Markus 12:28-34).

As ons die antwoord ken op die vraag *"Wat wil God die meeste van ons hê?"*, ken ons ook die antwoord op die vraag *"waarom is ons op aarde?"* Dit is die belangrikste van alle vrae. Die eenvoudige antwoord op die eerste vraag van die klassieke kategismus vat die hele Bybelse antwoord saam: "*Ons is op aarde om God te dien om daardeur hier en in die hiernamaals gelukkig te wees*". Dit is wat God die meeste van ons wil hê.